# Hoopvolle Lewe

Vir die

# Christelike Huisgesin

Jay E. Adams

Vertaal deur: Linda Vorster

VOORWOORD ..... 3
HOOFSTUK 1 ..... 4
'N CHRISTUS-GESENTREERDE HUIS ..... 4
1. Christene erken hul sonde. ..... 5
2. Christene weet wat om met hul sondes te doen. ..... 5
HOOFSTUK 2 ..... 7
HOOP EN HULP VIR U GESIN ..... 7
HOOFSTUK 3 ..... 12
KOMMUNIKASIE KOM EERSTE ..... 12
HOOFSTUK 4 ..... 22
BYBELSE UITGANGSPUNTE OMTRENT DIE GESIN ..... 22
HOOFSTUK 5 ..... 30
ONGETROUDE PERSONE ..... 30
Om 'n maat te vind ..... 30
1. Bid oor die saak. ..... 31
2. Berei uself voor vir 'n huwelik. ..... 31
3. Beweeg na u doelwit. ..... 31
Die mite van verenigbaarheid ..... 32
DIE ONGETROUDE PERSOON SE PERSOONLIKE INVENTARIS ..... 33
KRITERIA VIR 'N HUWELIK ..... 35
HOOFSTUK 6 ..... 36
'N WOORD AAN DIE VROUENS ..... 36
'N VROU SE KONTROLELYS ..... 44
HOOFSTUK 7 ..... 45
LIEFDEVOLLE LEIERSKAP ..... 45
DIE MAN SE KONTROLELYS ..... 53
HOOFSTUK 8 ..... 54
DISSIPLINERING MET WAARDIGHEID ..... 54
Gebrekkige dissipline ..... 55
OORDREWE DISSIPLINE ..... 59
DISSIPLINE EN VERMANING ..... 63
GEDRAGSKODE ..... 65
LEER IETS/VERDIEN IETS PROGRAM ..... 66
HOOFSTUK 9 ..... 67
HOE OM MET 'N ONGELOWIGE MAN SAAM TE LEEF ..... 67
U KONTROLELYS ..... 72
HOOFSTUK 10 ..... 73
GEVOLGTREKKINGS ..... 73

# VOORWOORD

Hierdie boek het twee basiese doelstellings voor oë. Eerstens hoop ek dat individue en gesinne dit self sal gebruik. In die huis kan dit gebruik word om verskeie aspekte van die Christelike huisgesin te evalueer, bespreek en te verbeter. Ek vertrou dat dit die rigting sal aandui na God se oplossings vir probleme.

Tweedens is die boek veral beplan as 'n hulpmiddel vir Christelike beraders. Dit kan gebruik word in samehang met voorligting aan eggenotes, ouers en kinders of individuele lede van die gesin. Tydens voorligting aan gesinne kan hoofstukke voorgeskryf word om te lees en te bespreek tussen die onderhoude. Die opdragte aan die einde van die hoofstukke behoort dan voltooi te word voor die volgende sessie. In die geval van die voorhuwelikse beraad, kan beraders hoofstukke 4 tot 7 besonder nuttig vind.

Dit is my gebed dat die Gees van God hierdie uiteensetting en toepassing van Sy Woord sal gebruik tot seën vir vele Christelike huisgesinne en vir die groei van die Kerk van die Here Jesus Christus.

Jay E Adams
Philadelphia. Mei 1972

# HOOFSTUK 1

## *'N CHRISTUS-GESENTREERDE HUIS*

Is 'n Christus-gesentreerde huisgesin moontlik in die hedendaagse wêreld van onrus en sonde? As u 'n Christen is, is u besorg oor hierdie vraagstuk. U mag veral besorg wees omdat u besef dat u gesin ver te kort skiet aan enige sodanige beskrywing. Indien dit waar is, is dit beslis nie net waar van u en u gesin nie. U is in die geselskap van baie ander Christene wat, as hulle eerlik met hulself wil wees, vir u sal sê dat hulle dieselfde probleem het. Laat ons onsself nie bedrieg nie. In die meeste gevalle skiet Christelike huisgesinne jammerlik te kort aan Bybelse norme: en ons is almal daarvan bewus.

Nouja, ons moet miskien begin by die vraag: Hoe lyk 'n ware Christelike huis? Is dit 'n idilliese plek waar vrede en stilte, kalmte en vreugde voortdurend heers? Beslis nie! Die eerste en belangrikste feit om te onthou in verband met 'n ware Christelike huis, is dat <u>sondaars daar woon</u>.

Die gedagte dat die Christelike gesin, 'n perfekte of byna perfekte plek is, is beslis nie Bybels nie. Die ouers faal: dikwels faal hulle jammerlik. Hulle stel mekaar teleur, hulle stel hul kinders teleur en hulle stel sekerlik die Here teleur. Die kinders faal ook. Hulle bring skoolrapporte huis toe met D's en F's, kry 'n woedebui in die winkelsentrum en probeer om ertjies met 'n mes te eet wanneer die dominee oorgenooi word vir ete. Mans en hul vrouens maak rusie, irriteer mekaar en het soms ernstige misverstande. Natuurlik behaal hulle soms ook sukses; maar die punt wat ek wil tuisbring is dat toestande dikwels vér van ideaal is. Dit is die realistiese prentjie van 'n ware Christelike huisgesin.

Miskien wonder u hoe so 'n beskrywing verskil van dié van die huis langsaan, waar daar niemand is wat sy geloof in Christus bely nie. U mag wonder: "Hoekom beskryf hy die ware Christelike huis op so 'n manier?" Die antwoord is eenvoudig: Dit is presies wat dwarsdeur die Bybel vir ons geleer word wat verwag kan word van geredde, maar onvolmaakte mense: trouens, van begin tot end handel die hele Skrif oor hoe Christus die mens van sy sonde verlos. Verlossing is volkome; dit behels regverdigmaking, heiligmaking en verheerliking. Uit genade, deur die geloof, maak God die gelowiges in 'n enkele daad regverdig. Dit beteken dat Christus vir sy mense gesterf het sodat die straf vir hulle sondes betaal kan wees en Sy geregtigheid vir hulle toegereken kan word. Hulle word as vrygespreektes voor God verklaar wanneer hulle glo. Nadat hulle vrygespreek is, red Christus hulle van die mag van hul sondes deur 'n lewenslange proses van heiligmaking. Deur heiligmaking word Christene meer en meer soos Jesus Christus. Dit is 'n lewenslange proses wat nooit in hierdie lewe eindig nie en die finale doel word eers bereik by die dood. Dán word Christene verheerlik; dan word hulle eers volkome volmaak. Maar, gedurende hierdie lewe, sondig Christene voortdurend.

"Maar hoe", mag u aandring, "verskil u beskrywing van die beskrywing van die ongelowige gesin langsaan?" Hierdie vraag verg 'n antwoord en in die antwoord lê die boodskap van hierdie boek opgesluit.

'n Ware Christelike huis is 'n plek waar sondaars woon; maar dit is ook 'n plek waar die lede van daardie huisgesin hierdie feit erken en die probleem verstaan, weet wat om daaromtrent te doen en as gevolg daarvan, in die genade groei. Laat ons in meer besonderhede kyk na drie betekenisvolle verskille wat hemelsbreë verskil maak.

## 1. Christene erken hul sonde.

Aangesien hulle weet dat die Bybel ons leer dat geen Christen ooit volmaak is in hierdie lewe nie [1 Joh. 1:8-10], is Christene in staat om hierdie feit te erken en mettertyd leer hulle om bedag te wees op sonde en daarvoor voorbereid te wees. Hulle, van alle mense, moet nooit staat maak op rasionaliserings, verskonings of die blaam op ander plaas [alhoewel natuurlik, as sondaars, hulle dit soms doen] om sodoende hul sondes te probeer verbloem nie. Hulle hoef dit nie goed te praat nie, want alle Christene weet dat alle Christene sondig. Daarom kan daar dus 'n sekere mate van openlikheid, eerlikheid en ontspanning wees in die verhouding van Christene teenoor mekaar, veral in die huis. Ek wil onder geen omstandighede sê dat ons gerus moet wees oor sonde nie - juis nie dit nie. Wat ek egter probeer sê is dat Christene nie nodig het om vir ure lank angstig en vrugteloos te strewe om hulle spore te bedek nie. Hulle hoef nie metodes uit te dink om die buurman 'n rat voor die oë te draai en hom te laat dink dat hulle 'n vlekkelose voorbeeld van die mensheid is nie. Hulle kan geredelik die waarheid erken, naamlik dat hulle gefaal het om die wil van God te doen. Saam met die vryheid om die waarheid te erken, kom ook die moontlikheid van skuldbelydenis, en met skuldbelydenis kan hulle die vergifnis en hulp van God en van mekaar verwag. As gevolg hiervan kan Christene vinnig vordering maak weg van 'n sondige lewenswyse. Hulle kan hul tyd en energie gebruik om te leer om sondige gewoontes te vervang met Bybelse lewensnorme. In plaas daarvan om tyd te verkwis om die bestaan van sonde te verklein of te ontken, moet Christene liewer daarop konsentreer om af te reken met sonde.

Ouers kan beslis heelwat onnodige hartseer in die opvoedingstaak uitskakel indien hulle dit as vanselfsprekend aanvaar dat hulle kinders verkeerde dinge gaan doen - tuis, by die skool en in die openbaar, in plaas daarvan om verkeerdelik geskok te wees as dit gebeur. Daar is dus geen nodigheid om kinders te onderwerp aan buitengewone en misplaasde dissipline of aan die oordrewe woede wat kan voortspruit uit verleentheid nie. Sodra ouers bereid is om te erken dat die Bybelse leer oor die erfsonde nie net 'n teoretiese waarheid is nie, maar ook werksaam is in die lewens van klein Marie of Jannie, kan hulle ontspan en die probleem op 'n toepaslike [Bybelse] wyse hanteer. Weer eens beteken dit nie dat hulle hul kinders se sondige gedrag sal verskoon of ignoreer nie, of dat hulle dit ewe onbesorgd as iets onvermydeliks sal beskou waaraan derhalwe niks gedoen kan word nie. Nee, allermins. Hulle sal sonde eerder erken vir wat dit is en begin om daarmee af te reken op 'n Bybelse manier. Al hierdie dinge lei tot die tweede onderskeid:

## 2. Christene weet wat om met hul sondes te doen.

Aangesien hulle die Bybel het as maatstaf vir leer en lewenspraktyk, weet Christene nie slegs waarom probleme in die huis ontstaan nie, maar ook wat om daaromtrent te doen. So verskil die ware Christelike huis van die huis langsaan dáárin dat hulle suksesvol kan gebruik maak van Bybelse voorskrifte en voorbeelde, om elke geval van sonde te hanteer en dit reg te stel. Dit, weer eens, is 'n betekenisvolle verskil. Die Bybel bevat nie net riglyne oor wat om te doen wanneer een of meer lede van die gesin sondig nie; dit gaan verder as dit en wys wat om te doen om te verseker dat daar nie weer so 'n mislukking in die toekoms sal wees nie. Aangesien hierdie boek grootliks daaraan gewy word om die mees algemene probleme wat in die Christelike huis gevind word, onder oë te neem, sal ek nie nou oor hierdie punt uitwei nie.

## 3. Christene groei weg van hul sonde.

Waar daar geestelike lewe is, sal daar ook geestelike groei wees. Geen Christen kan dieselfde bly gister, vandag en môre nie. 'n Basiese voorveronderstelling van die Christelike geloof is dat daar groei sal wees vanuit sonde na geregtigheid. Waar daar Bybelstudie, gebed, getuienis en die gemeenskap van die heiliges is, sal die Gees van God werk om sy vrugte voort te bring. Daardie vrug is geregtigheid. Hierdie boek handel oor baie van die

maniere waarop die Bybel op 'n voorkomende wyse gebruik kan word in die Christelike huisgesin om die beproewinge en probleme te vermy wat die gesin langsaan in die gesig staar, eenvoudig net omdat hulle nie so 'n maatstaf het nie.

Die Christelike huis is dus 'n plek waar sondige mense die probleme van 'n sondige wêreld in die gesig staar.

Nogtans, trotseer hulle dit saam met God en Sy kragbronne. wat in Christus gesentreer is [Kol.2:3]. Sondaars woon in Christelike huise, maar die sondelose Verlosser woon ook daar. Dit is wat die verskil maak!

# HOOFSTUK 2

## *HOOP EN HULP VIR U GESIN*

Daar is hoop en hulp vir u gesin. Ons hoor vandag baie van mislukkings. Predikante, sosioloë, sielkundiges en baie andere vertel vir ons dat die huisgesin misluk het, dat ouers misluk het, dat regeringsprogramme ter voorkoming van probleme soos misdaad en jeugmisdaad, misluk het en ook dat die Christelike Kerk misluk het. Dit is dus nie verbasend dat selfs Christene somtyds begin wonder of daar enige hoop is om die probleme van hulle huisgesinne op te los nie.

Christene, soos baie andere in ons samelewing, mag vind dat hulle die vraag vra, "Kan iets daadwerkliks gedoen word?" Hulle mag wonder, "Het wêreldprobleme so erg geword dat die situasie uiteindelik hopeloos geword het?" Ongelukkig is dit so dat Christene geneig is om te koop wat die wêreld het om aan te bied. Indien u moed opgegee het, is dit miskien deel van u probleem.

Neem as 'n voorbeeld 'n siening waarmee die wêreld nou reeds 'n geruime tyd te koop loop en wat selfs die mees konserwatiewe Christene gesluk het. Volgens hierdie siening kan die meeste van ons moeilikhede en mislukkings aan siektetoestande toegeskryf word. Die tragedie is dat wanneer die wêreld praat van siekte, God dikwels van sonde praat. Die Bybel noem byvoorbeeld nie hierdie wêreld 'n siek wêreld nie: maar dit het 'n gewilde beskrywing geword van mense oral rondom ons. Hulle hou aan om dit op een of ander manier te sê: "Hierdie wêreld is siek; hierdie land is siek; of hierdie en daardie persoon is siek." Dit blyk die moderne diagnose en verskoning vir die meeste van ons probleme te wees!

U sien, die probleem is eintlik dat die mediese model [die siening dat siekte aan die wortel van die probleme lê] baie meer as beeldspraak geword het. As metafoor of spreekwyse, is die idee dat van sonde as 'n siekte gepraat word, heeltemal aanvaarbaar.[1] Baie mense verstaan die woord siekte nie as 'n metafoor nie - hulle vertolk dit letterlik. Hulle is geleer om te dink dat 'n eienaardige siekte die oorsaak is van ons basiese moeilikhede. Mense praat byvoorbeeld in alle erns van geestesiektes. Met hierdie woorde bedoel die meeste mense egter heeltemal iets anders as breinskade, wat eintlik die enigste letterlike vorm van geestesiekte is. Hulle gebruik die woord geestesiekte om te verwys na die probleem van kinders wat nie op skool vordering maak nie, kinders wat nie met hulle ouers kan klaarkom nie of 'n huwelik wat verbrokkel. Sulke terminologie verander beeldspraak in 'n werklikheid. Dit is 'n ernstige fout om te praat van siekte of 'n kwaal wanneer die oorsaak van 'n probleem bespreek word, terwyl daar geen bewys van organiese moeilikhede soos breinskade, skade a.g.v. vergiftiging of klierdisfunksie is nie. Ten spyte van hierdie onderskeiding egter, het ons moderne samelewing 'n groot verskeidenheid van probleme saamgebondel onder die een kategorie van siekte.

Omdat hulle nagelaat het om die verwarring nog groter te maak, is dit moontlik vir mense om letterlik siek te word omdat hulle nagelaat het om te doen wat God vir hulle sê oor hul probleme. So kan bekommernis byvoorbeeld lei tot maagsere: vrees kan verlamming veroorsaak en liggeraaktheid kan aanleiding gee tot kolitis. Let egter op dat in sulke gevalle die siekte 'n gevolg, en nie die oorsaak van die probleem is nie. Die oorsaak in elke geval is sonde.

---

[1] Dit is aanvaarbaar aangesien dit Bybels is. Sien Jesaja 1:5-6. Dit is jammer dat hierdie Bybelse beeldspraak deesdae met soveel versigtigheid gebruik moet word uit vrees vir misverstand.

Daar is iets baie slinks daaraan om sonde siekte te noem. Om probleme wat spruit uit ongehoorsaamheid aan die Wet van God "siekte" of "emosionele probleme" te noem, is eufemisme van die Woord van God. Mense wat dit doen, mag dit goed bedoel [dit is gewoonlik so]; maar soos in elke geval waar 'n mens probeer om kwaad te doen sodat goed mag geskied, is die resultaat vernietigend. Deur 'n term te gebruik wat veronderstel is om sagter en meer welwillend te wees, bak ons iemand eintlik 'n wrede poets. Om sonde siekte te noem, is eintlik nie so mensliewend nie; inteendeel dit kom daarop neer dat mens eintlik alle hoop wegneem!

'n Geestesiekte is ongeneeslik. Deur sonde 'n siekte te noem, vernietig jy hoop, aangesien mense wéét dat daar geen genesing vir geestesiekte is nie. Daar is geen inspuiting vir hierdie eienaardige siekte wat niemand kan isoleer nie. As u dit egter noem wat dit regtig is, naamlik sonde, dan gee u vir 'n Christen hoop. As u in alle opregtheid die oorsaak van 'n Christen se probleem kan identifiseer as dat hy of sy gefaal het om die wil van God te doen soos dit vir ons openbaar word in die Heilige Skrif, dan gee u vir hom lewende hoop. Daar is bitter min hoop as hy van buite af binnegeval word deur 'n geheimsinnige siekte waaroor hy geen beheer het nie en waarvoor medisyne glad nie help nie. So 'n siening van die probleem bring slegs duisternis, wanhoop en ongelukkigheid. Mense is nie juis verheug as jy hulle vertel dat hul geestelik siek is nie. Maar as jy vir 'n Christen vertel: "Jou probleem is eintlik dat jy besig was om te sondig," dan gee jy hom hoop, want hy weet dat Jesus Christus gekom het om vir die mens se sondes te sterf. Hy weet dat die Christus wat in sy plek aan die kruis gesterf het, die antwoord het vir sy probleem. Hy weet dat daar êrens in die Skrif 'n antwoord is. Jy doen dus die mensliewendste ding wanneer jy sonde <u>sonde</u> noem, net soos die dokter doen wanneer hy vir die pasiënt in alle eerlikheid sê dat hy 'n operasie sal moet ondergaan. Die siektemodel, bring wanhoop mee, in plaas van hoop.

Die mediese beeld neig ook om verantwoordelikheid weg te neem. 'n Pasiënt sê: "Ek is siek: ek kan nie help dat ek so optree nie." So 'n houding sal hom noodgedwonge dieper in die sonde laat beland. Hy mag selfs probeer om homself uit die oortuiging dat hy wel gesondig het, uit te praat. Eens op 'n tyd het hy goed geweet waarom hy in die moeilikheid was en nou vertel almal vir hom: "Nee, jy is nie verantwoordelik nie." of "Jy kon dit nie help nie," of "Jy is siek as gevolg van wat jou ouers of die samelewing aan jou gedoen het." of "Jou probleem kan teruggevoer word na daardie traumatiese ondervinding in jou verlede." of "Jy is siek en jy hoef jou nie so daaroor te kwel nie; jy kan dit nie help nie." Hierdie persoon begin dan twyfel oor sy aanvanklike oordeel omtrent homself. Uiteindelik kan sy gewete verhard word deur sulke aanslae, in plaas daarvan om sag en ontvanklik te wees vir die Woord van God. Dit mag vir hom steeds moeiliker word om sonde te herken vir wat dit is. Dit mag aanhou totdat die Gees van God 'n tragedie of 'n doodloopstraat in sy lewe bewerk om hom weer te laat besef dat sy moeilikhede eintlik deur sonde veroorsaak is. Waarom moet hy dit alles deurmaak as hy die smart gespaar kan word deur sonde <u>sonde</u> te noem? Wat hy nodig het, is om berou te hê. Hy het niks minder nodig as die betekenisvolle veranderinge wat bewerkstellig kan word deur niemand anders as die Heilige Gees nie. Veel hartseer en lyding kan voorkom word as sonde van die begin af herken en as sulks geklassifiseer word.

In die lig van die voorafgaande waarnemings, laat ons ons aandag vestig op gesinsprobleme. <u>Daar is hoop</u>. Die meeste gesinsprobleme is nie te wyte aan liggaamlike siekte of enige iets wat wettiglik siekte genoem kan word nie. Liggaamlike siekte mag wel gedrag beïnvloed, maar sulke probleme is betreklik seldsaam en word dus uitgesluit van die verdere besprekings in hierdie boek. In plaas daarvan, sal ons konsentreer op die groot aantal probleme wat Christengesinne ondervind as gevolg van sondige lewenswyses wat ontstaan het as gevolg van versuim om die Woord van God te bestudeer en toe te pas deur die krag van die Gees. Daar is hoop, ware hoop, vir u en u gesin. U probleme kan opgelos word. Daar is hoop vir u gesin, vir u lewe en vir u kinders, want God is die basis van daardie hoop. U het nie nodig om te dink of te praat in terme van mislukking nie. In plaas daarvan

kan u praat van sukses, egte sukses, gegronde sukses, inderdaad jubelende sukses! U het 'n Verlosser en Hy het u sy Woord en Gees gegee. Die Bybel het die antwoord op u probleme. Deur die krag van die Heilige Gees kan u leef volgens die Skrif. Die eerste aspek dus om op te let is dat daar hoop is.

Daar is waarlik hoop. As gevolg van die wanhoop wat daar skynbaar vandag onder Christene heers is dit nodig om hierdie punt te benadruk. Dikwels gaan Christene na 'n Christelike berader as laaste uitweg, teen alle hoop in. Dikwels het hulle ander beraders besoek, allerhande dinge gehoor en probeer, maar alles tevergeefs. Keer op keer het hulle goeie hoop gekoester, net om dit weer op die grond verpletter te sien. Teen die tyd dat 'n Christenberader hulle spreek, het die hulpsoekendes gewoonlik nie meer veel hoop nie. Hulle is bang om weer hoop te koester uit vrees dat hul hoop weer in skerwe sal spat soos dit dikwels in die verlede gebeur het. Hierdie feit word egter goed deur elke Christenberader verstaan; hy werk gedurig met mense wat sonder hoop is. U mag ook hierdie probleem hê. As u te bang is om weer te hoop, moet u tot die insig kom dat daar hoop is ten spyte van u skeptisisme, ten spyte van herhaalde mislukkings. As u een van daardie persone is wat eens op 'n tyd hoop gehad het, maar gevind het dat u verniet gehoop het, dan is dit nodig dat u opnuut weer hoop koester. Hierdie keer moet u egter u hoop vestig op die standvastige beloftes en riglyne van die Woord van God. Daar is hoop om gesinsprobleme op te los as u God se werkswyses volg. Ja, selfs ú probleem kan opgelos word. Dit beteken byvoorbeeld dat 'n probleem met jou kind wat begin het om dwelmmiddels te gebruik - selfs daardie probleem - opgelos kan word. Daar is hoop.

U sê: "U is baie positief; maar as u my probleem geken het, sal u dalk van gedagte verander, en waarom sal ek in elk geval vir u vertrou? Ander mense het al probeer om hoop aan my te verkoop. Is u seker dat u nie besig is met 'n onskriftuurlike oordrywing nie?" Ek kan u huiwering verstaan en simpatiseer daarmee; maar ek moet daarteen protesteer, want dit is verkeerd volgens die Bybel. Laat my toe om u te wys op 'n grondliggende vers in die Woord van God: "Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan." [1 Kor.10:13). Hierdie vers is propvol hoop. Daarin gee Paulus die gelowiges allerhande soorte hoop.

Verstaan u wat God vir die Korinthiërs beloof het? Eerstens het Hy gesê: "Ek wil hê dat julle moet weet dat Ek nie van julle sal verwag om enige probleem te oorkom wat uniek is nie." Is dit nie wonderlik nie? Jesus Christus wat "in <u>elke</u> opsig getoets is maar sondeloos bly" het u probleem suksesvol in die gesig gestaar. Ander Christene wat in Sy voetspore gevolg het deur die leiding van Sy Woord en die krag van Sy Gees, het ook daardie probleem suksesvol hanteer. Dit beteken dat, met die hulpbronne van God, u dit ook suksesvol te bowe kan kom. Een rede waarom Paulus só geskryf het, was om vir hierdie Christene hoop te gee. Behoort u dan nie hoop te kry nie?

Nou sien ek dat sommige mense sinies glimlag as mens sê dat daar geen unieke probleme is nie. Hulle dink aan die verskille in kultuur en ligging tussen Korinthe en die moderne wêreld wat met die tyd ontstaan het. Hulle konsentreer op die intensiteit van hul eie probleem. "Niemand het nog nodig gehad om met 'n man soos myne saam te leef nie", sal hulle antwoord. Niemand het nog nodig gehad om met ouers soos myne opgeskeep te sit nie", mag hulle terugkap. "Jong, as jy my kind moes hanteer, sou jy nie só gepraat het nie." mag u onderlangs antwoord terwyl u hier lees. Ek dink dat ek weet hoe u voel, maar ek sê nog steeds dat u verkeerd is. God is reg en u is verkeerd: Hy is altyd reg. "Laat elke mens 'n leuenaar wees", maar God is nog reg en God sê daar is hoop. Nadat u al die oppervlakkige verskille afgestroop het - wat natuurlik kenmerkend individueel is - is daar geen probleem wat uniek is nie. Wanneer jy na die wese van probleme deurdring, kom dit elke keer aan die lig dat die kern van elke probleem 'n redelike gemeenskaplike een is. In wese is daar nie 'n unieke probleem onder die son nie. Daar is geen probleem wat u of ek of enige iemand

anders ooit sal hoef te hanteer wat nie maar altyd die nageslag van Adam geteister het nie. Daar is geen probleem wat nie al honderde kere suksesvol deur ander Christene oorkom is nie. Hoe kan ons weet? Want God sê so. Hierdie hele gedeelte benadruk die punt.

Die lewe in die stad Korinthe was so anders [oppervlakkig] as wat dit kon wees, van die lewe van die mense van Israel ver terug in die Sinai Woestyn. Geografies, histories en kultureel, was daar 'n skrille kontras tussen die twee. Korinthe was 'n besige metropolitaanse hawestad; trouens, 'n dubbele hawestad, geleë op 'n landengte. Dit is hier waar die wêreldberoemde Korinthiese spele gehou was. Mense van oor die hele Griekssprekende wêreld het hierdie spele bygewoon. Die landengte het die vasteland met die vingervormige skiereiland van Suid-Griekeland verbind. Die noord-suid verkeersweë het deur Korinthe geloop en so ook baie van die oos-wes verkeersweë. Om per boot om die suidelike kuslyn van Griekeland te vaar, was om 'n uiters gevaarlike roete te volg. Dit was veiliger en makliker om passasiers en skeepsvrag in 'n hawe aan die een kant van die stad af te laai, hulle dan oor land dwars oor die smal landengte te stuur, en hulle dan op 'n ander boot in die tweede hawe aan die anderkant van die stad te laai.

Korinthe was gevul met allerhande onsedelikheid en versoekings. Invloede van oor die wêreld heen het die stad binnegestroom. As 'n dubbele hawestad, was Korinthe by uitstek 'n stad van matrose, met al die gepaardgaande onsedelikheid. Korinthe was dwarsdeur die wêreld bekend as 'n sedelose stad; trouens, dit was so erg dat 'n persoon beledig kon word deur hom 'n Korinthiër te noem.

Nouja, dan vra ek u wat kon meer verskillend gewees het van daardie soort gemeenskap as die doen en late van 'n nomadiese volk op reis deur 'n verlate woestyn, en wat van dag tot dag van manna geleef het? Dit is inderdaad moeilik om 'n skerper kontras te stel as dié tussen die nomadiese Israel en die losbandige Korinthe. Kyk egter wat Paulus doen. Hy stel doelbewus hierdie twee duidelik kontrasterende situasies teenoor mekaar en sê hulle is wesentlik dieselfde. Hy sê dat wat honderde jare tevore met die Israeliete gebeur het, is 'n uitstekende voorbeeld vir die Korinthiërs om na te volg, want dit spreek van gemeenskaplike versoekings wat by altwee groepe voorgekom het. Hierdie dinge het met die woestynswerwers gebeur, maar dieselfde dinge gebeur in Korinthe met u, selfs al leef u in hierdie laat eeu. ["ons wat die einde van die tye al beleef" - 1 Kor.10:11].

Ook u kan met veiligheid aanneem dat daardie dinge wat gebeur het met beide die Israeliete en die Korinthiërs, as voorbeelde vir u dien, hoewel u in Suid-Afrika woon in die twintigste eeu. Dit is nie net Israeliete en Korinthiërs wat "smag na bose dinge" nie; moderne Suid-Afrikaners het dieselfde probleem. Daardie dinge wat gebeur het, is "voorbeelde" en is daarom ook "geskryf om ons te onderrig". Die Bybel is relevant; dit praat met ons in óns tyd. Daar is 'n goeie rede hiervoor. Die rede is dat niemand op enige stadium in die geskiedenis nog ooit nodig gehad het om regtig 'n unieke probleem te oorkom nie. Mense van alle tye is menslike wesens, geskape deur God na Sy beeld. God is nog dieselfde, sonde is nog dieselfde, mense van elke tydvak is nog dieselfde. Die probleme mag verskillende vorms aanneem, in verskillende grade van intensiteit voorkom, op verskillende tye verskyn of gepaardgaan met ander probleme in verskillende kombinasies. Basies is hulle egter dieselfde soorte probleme wat mense nog altyd moes oorkom en ook steeds sal moet oorkom. Dit behoort vir u tot vertroosting en hoop te dien. Die oplossings wat God vir die Israeliete en die Korinthiërs gegee het, sal probleme in hierdie moderne tyd ook oplos.

Ons praat vandag van 'n generasiegaping. Dit is nie regtig 'n generasiegaping nie: dit is 'n generasieoorvleueling. Dit is die probleem. Dit was altyd so dat van die een geslag na die volgende daar 'n lang periode was waarin dinge geleidelik gebeur het. Dit het 'n aantal geslagte geneem vir groot veranderinge om plaas te vind. Deesdae vind veranderinge so vinnig plaas en kommunikasie is so vinnig dat die oomblik dat 'n ruimtevaarder uit sy ruimtetuig stap op die maan, ons almal dit weet; deur middel van televisie, is ons as't ware

daar. Dit neem nie meer dae om uit te vind van belangrike gebeure nie; dit neem slegs sekondes. Mense het gewoonlik vir 'n geslag of so oor 'n probleem gepraat, maar deesdae, nog voor 'n idee die drukker bereik, is dit al dikwels uit die mode. Die gevolg is dat die geslagte opeenhoop. Dieselfde ou probleme verskyn nou digter opmekaar en vinniger as voorheen. Tog is die probleme vanself nie uniek nie; hulle lyk net so omdat ons soveel meer soveel vinniger moet hanteer. Dit is ons besondere uitdaging as Christene vandag.

Dinge verander so vinnig dat dit moeilik is om te weet waaraan om vas te hou en wat om te los, maar die probleme waarmee ons vaders te doen gekry het en wat ons kinders sal teëkom, is wesentlik dieselfde, en God, in sy voorsienigheid, het nuwe voorsorg getref om die bykomende moeite van massa en versnelling te hanteer. Hierdie nuwe aspek van die ou probleem mag genoegsaam opgelos word deur die behoorlike gebruik van vinnige vervoer en kommunikasie, rekenaars. ensovoorts. Te midde van dit alles, is die basiese dinge steeds basies. Die mens se basiese probleme en God se basiese oplossings bly onveranderd.

Laat ons dan ons aandag vestig op hierdie probleme en oplossings. Ons moet begin deur indringend te kyk na kommunikasie in die gesin soos Paulus dit bespreek in Efesiërs.

# HOOFSTUK 3

## *KOMMUNIKASIE KOM EERSTE*

In die tweede helfte van die boek Efesiërs bespreek Paulus verskillende verhoudings tussen Christene. Beginnende by 5:22 praat hy met die vrouens en dan [vers 25 v.v.] met hulle mans. Hy beskryf die fundamentele rolle en verhoudings tussen hulle, In die volgende hoofstuk praat hy eerste met die kinders [vers 1] en dan met hulle ouers [v.4] Uiteindelik bespreek hy die werks- of sakeverhouding wanneer hy sowel slawe [v.5] as hulle base [v.6] vermaan. Dit is dus duidelik dat Paulus in hoofstukke 5 en 6 skryf oor die basiese menseverhoudinge wat Christene, asook alle ander mense, moet handhaaf. [2]

Die eerste deel van die boek Efesiërs [hoofstukke 1-3] handel oor die groot en wonderlike verlossingsplan van God.  Met 'n majestueuse oorsig, ongeëwenaard in die res van die Skrif, wys Paulus hoe God, van die grondlegging van die wêreld af, hierdie verlossing beplan en ook op die regte tyd volbring het deur die koms van Jesus, wat Sy bloed aan die kruis gestort het. Die wonder van God se liefde wat kwistig op sondaars uitgegiet word en die heerlikheid van die kerk van die verlostes in Christus, word duidelik gestel. Maar wanneer Paulus met hoofstuk 4 begin, beweeg hy van die meer dogmatiese en doksologiese materiaal af weg na praktiese vermaninge wat noodwendig spruit uit hierdie benadering.

Hoofstuk 4 begin met 'n bespreking van die Christen se lewenswandel; dit wil sê, sy daaglikse leefwyse as 'n Christen. Op grond van die groot verlossingsplan van God in die geskiedenis wat hierbo uiteengesit is, skryf Paulus: "Ek druk julle dit op die hart....: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het." In vers 17 word die tema herhaal as hy vermaan: "Moenie langer soos heidene lewe nie." In hoofstuk 5 praat hy van lewe "in liefde" [vers 2], leef "as mense van die lig" [v.8], en wees "versigtig" hoe mens leef [v.15].

Die bespreking van die Christen se lewenswandel in hoofstukke 4 en 5 moet nie as 'n aparte onderwerp gesien word nie, maar eerder as 'n integrale deel van die bespreking van basiese Christelike verhoudinge.  Hierdie lewenswandel is nie 'n eensame pad nie. Dit is eerder 'n pad wat gelowiges saam met mekaar loop. Wanneer Paulus praat van Christenverhoudings, dan praat hy van die gesamentlike wandel van mans met hulle vrouens, die wandel van kinders met hulle ouers en ouers met hul kinders, en van die werkgewer met sy werknemers. Ons wandel nie alleen op die paaie van geregtigheid nie. Christus en ons broers is ook op hierdie pad. Dit is die wandel van die Christen met die Here en met ander gelowiges wat Paulus in gedagte gehad het.

Die vierde hoofstuk maak dit duidelik wanneer die onderwerp van die Christen se lewenswandel ingelei word.  Paulus is diep begaan oor eenheid en gemeenskap in liefde. Hy stel dit so: "Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.  Daar is net één liggaam en één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.  Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal."  Die klem is op die eenheid - wandel saam in eenheid

[2] Paulus het dieselfde skema gevolg [met ander beklemtonings] in die ooreenstemmende gedeelte [Kol.3:18-4:1]. Die volgorde in beide gedeeltes is identies en het te doen met die volgorde van die lewe se prioriteite: man-vrou-verhoudings; dan ouer-kind-verhoudings en laastens, werkgewer-werknemer-verhoudings. 'n Mens se lewensmaat. jou kinders en jou werk behoort in daardie onveranderlike volgorde geplaas te word; slegs tragiese gevolge kan voortvloei uit die omkering of verskuiwing van hierdie prioriteite.

in die Naam en terwille van Jesus Christus. Die Christen wandel as 'n lidmaat van die kerk, Christus se liggaam van verloste mense. Hierdie verloste liggaam is in der waarheid nie verenig nie en Hy het sy ampsdraers gestuur om in haar midde te werk om die eenheid van die geloof wat daar behoort te wees te bewerkstellig. [4:11-12].

In hoofstuk 4 herinner Paulus die leser aan sy vorige lewe [lewenswandel]. Nadat hy die ontmoedigende prentjie geskilder het, dring hy daarop aan dat as mens werklik Christus s'n geword het, dan moes daar 'n verandering in 'n mens se lewe gewees het. In Christus het hy met die "ou mens" gebreek en soos 'n "nuwe mens" begin lewe. Dit wat in Christus plaasgevind het, moet nou in ons daaglikse lewenswandel gebeur. Wees [in jou daaglikse lewe] wat jy is [in Christus]. [3]

Dit is die agtergrond, motief en raamwerk waarteen Paulus basiese Christelike verhoudings sal bespreek. Christelike verhoudings moet mense verenig en moet groei bewerkstellig, nie slegs individueel nie, maar ook gesamentlik, sodat die hele liggaam groei tot die volheid van Christus en Hom sodoende as Sy Liggaam, tot Sy verheerliking, eer en lof manifesteer.

Maar dit is 'n <u>praktiese</u> gedeelte [waar die klem op lofprysing geensins ontbreek nie] wat konsentreer op werkswyses en middele. Hoe kan 'n Christen groei in sy interpersoonlike verhoudings? Dit is die vraagstuk wat Paulus vervolgens aanpak.

Heel eerste benadruk Paulus die behoefte aan daadwerklike kommunikasie tussen Christene as die basiese vaardigheid wat nodig is om stewige verhoudings daar te stel en te handhaaf. 'n Gesonde man-vrou-verhouding is onmoontlik sonder goeie kommunikasie. 'n Gesonde verhouding tussen ouers en kinders hang af van sodanige kommunikasie. Werkgewers en werknemers moet eers leer hoe om te kommunikeer om met mekaar te kan klaarkom. Dit is waarom kommunikasie die heel eerste onderwerp is wat bespreek word na die vermanings om God se beeld in ons daaglikse lewenswandel te herstel.

Paulus se ontleding van kommunikasie begin by vers 25. Hy dring aan: "Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julie onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam." Christene kan nie saam wandel nie, tensy hulle dit doen op die grondslag van eerlikheid, openhartigheid en waarheid. As lede wat saam funksioneer in dieselfde liggaam, moet ons die waarheid besit om te kan saamwerk. Dit is Paulus se uitgangspunt. Oor hierdie vraagstuk van kommunikasie tussen Christene wei hy dwarsdeur die res van hoofstuk 4 uit. Daarom moet ons ons aandag bepaal by daardie gedeelte van Efesiërs 4 [vv.25-32].

Kommunikasie is onderliggend aan 'n Christus-gesentreerde huis, want dit is die metode waardeur 'n man-vrou-verhouding en ouer-kind-verhouding gevestig word, groei en in stand gehou word. Sonder die oop kanale van ware kommunikasie wat Paulus hier bespreek, kan daar geen ware Christus-gesentreerde huis wees nie.

'n Sendeling en sy vrou het 'n paar jaar gelede van 'n buitelandse sendingveld teruggekeer. Sy het ernstig depressief begin raak. Nadat sy huis toe gekom het, het sy 'n jaar lank 'n sielkundige besoek wat afsonderlik eers met haar en toe met haar man gesels het: maar niks het gedurende hierdie tyd gebeur nie. Iemand het hulle toe vertel van ons sentrum en sy en haar man het toe gekom [ons het daarop aangedring dat hulle albei gelyktydig kom]. Ons het begin gesels en terwyl ons gesels het, het sy na haar man gedraai en gesê: "My probleem is dat toe ek met jou getroud is, ek jou nie liefgehad het nie. Ek het jou sedertdien nog nie lief gekry nie. Ek het jou nooit lief gehad nie, maar ek het nog nooit tevore die waarheid vertel nie." Daardie sendeling en sy vrou is nou terug in die sendingveld en hulle

---

[3] Sien veral die meer belangrike ooreenstemmende gedeelte in Kol.3:8-12, waar die opdrag om te wees wat jy is, nog duideliker is.

het mekaar lief. Sy het hom lief en hy het haar nog liewer as tevore. Sy het 'n probleem gehad, maar niks kon gedoen word om te help nie, want sy het "nooit vir iemand die waarheid vertel nie". Sy het nie geweet hoe om die probleem te hanteer nie; en niemand anders, insluitende haar man het geweet wat om te doen nie. Eers toe kommunikasie plaasgevind het, kon die probleem opgelos word. Tot op daardie stadium was haar lewe 'n misrabele, geveinsde klugspel. Die werk op die sendingveld het daaronder gely, sy het gely en haar man het gely. Die hele liggaam het gely weens 'n behoefte aan eerlike kommunikasie. Jaar na jaar het sy gely; in eensame selfbejammering het sy vir haarself gesê: "As ek maar net met iemand anders getrou het! Ek kon onder sy dak uit gewees het en die lewe kon so anders gewees het." Maar selfbejammering het geleidelik gelei tot 'n afwaartse spiraal wat uiteindelik tot so 'n diepe depressie gelei het dat haar man dit nodig gevind het om sy werk te onderbreek en uiteindelik na die Verenigde State terug te keer. Die blokkasie kon eers uit die weg geruim word toe sy eindelik die waarheid vertel het. Die oomblik toe sy dit gedoen het, het sy hulp ontvang en die huwelik is herbou op Bybelse liefde.

Tom en Marlene het oorkant die lessenaar gesit. Baie bitter het sy gesê: "Ek is absoluut seker daarvan dat hierdie man van my besig is om my te kul; hy is besig om van sy oortydgeld te steel. Ek weet hy het geld gesteel en ek wil weet wat hy daarmee gedoen het." Sy het dit opgekrop vir die laaste vier of vyf maande, sedert sy ontdek het dat dit plaasvind. Die gevolg was dat sy by die dag meer verbitterd geraak het. Die berader het na haar man gedraai en gesê: "Tom, wat het van die geld geword; het jy dit regtig geneem?" Stadig het hy sy hand in sy sak gesteek, sy beurs uitgehaal, in die geheime kompartement gesoek en geantwoord: "Dit is alles hier", terwyl hy dit uithaal en op die lessenaar neergooi. "Ek het dit gespaar vir ons huweliksherdenking om vir Marlene spesiaal te trakteer."

Iets was verkeerd met die kommunikasie in daardie huwelik. Marlene was op die punt om 'n huwelik te verbreek oor 'n totale misverstand. Sy het nagelaat om haar kommer oor die geld te berde te bring tot op daardie punt, en die kommer het ongetwyfeld voortgespruit uit vorige mislukkings van dieselfde aard. Dié twee het in die verlede so gebrekkig gekommunikeer dat hulle mekaar nie vertrou het nie, anders sou hierdie probleem nooit sulke afmetings kon aanneem nie.

Jan het alleen gekom vir voorligting. Hy het geweier om met die sekretaresse te praat; hy wou nie die voorbereidende vrae op die aanmeldings-inligtingsvorm beantwoord nie. Gedurende die eerste helfte van die sessie het hy gesit sonder om 'n woord te sê. Uiteindelik het sy berader vir hom gesê: "Daar is mense wat graag hierdie tyd sou wou hê, wat werklik hulp wil hê. Sal ek hierdie uur vir iemand anders inruim? Ons moet dit nie verkwis as u dit nie ernstig bedoel met God nie. Is u nou gereed om u storie te vertel? In reaksie hierop, het hy eindelik gebieg: "Ek het skokbehandelings ontvang, was in psigiatriese inrigtings; ek was orals. Ek was depressief, ontmoedig en het neerlae gely; allerhande dinge is gesê wat verkeerd is met my. Daar is egter net een ding verkeerd met my en ek weet wat dit is. Ek het iets binne in my opgekrop vir twee-en-twintig jaar waaroor ek nog nooit hardop gepraat het nie. Toe ek getroud is, was dit nie omdat ek wou nie. My ma het daarop aangedring en dit is die enigste rede waarom ek met Magriet getrou het. Ek het dit elke dag daarna heimlik berou!" Elke keer wanneer Jan in die badkamer gekom het en gesien het dat die doppie van die tandepasta buisie af is of dat die buisie in die middel gedruk is in plaas daarvan dat dit opgerol is van die onderpunt af, het hy woedend geraak. Hy sou in 'n woedebui uitbars of baie depressief raak. In plaas van om te dink: "Daar is 'n tandepasta buisie in die middel platgedruk" of "Daar is 'n tandepasta buisie met die doppie af", het hy vir homself gesê: "Daardie vrou het dit al weer gedoen!" Sy gegriefdheid teen haar en sy huwelik het tot uiting gekom in dosyne soortgelyke klein voorvalle. Hy het dit nooit vir haar of vir enige ander mens vertel nie. Die berader het verduidelik hoe daar nóg geluk nóg harmonie in 'n huis kan wees sonder eerlikheid. Nadat daar taamlik baie tyd bestee is om aan hom te verduidelik hoe om vir haar die waarheid te vertel, met melding van

'n paar moontlike slaggate en hoe om dit te vermy, het die raadgewer hom huis toe gestuur om met sy vrou te praat. "Moenie terugkom alvorens jy haar vertel het nie", het hy gesê. Sy het saam met hom teruggekeer. Hulle het altwee ernstig aan die probleem gewerk en is na drie weke verwys na hul predikant vir verdere voorligting. Toe hulle weggaan, het hulle soos pasgetroudes opgetree. Eers toe die waarheid te voorskyn gekom het en [na die aanvanklike skok] hulle begin om te doen wat God wou hê hulle daaromtrent moes doen, het die hele situasie verander. Hulle probleem was dat hulle in 'n leuen geleef het. Hulle huwelik was gebaseer op valsheid. Slegs om die waarheid te praat, het gehelp.

U mag soos Jan wees. U mag ook dinge opkrop. U weet self of u dit doen. U weet dat daar sake is wat nie opgeklaar is nie wat kommunikasie tussen u en ander lede van u gesin afbreek. Die probleem mag bestaan tussen u en u ouers, tussen u en u vrou, tussen u en u man, of tussen u en u kinders. Ysterwîe is diep tussen u en hulle ingedryf waarvan baie geroes het met die verloop van tyd. Niks is daaraan gedoen nie en u mag vermoed het dat niks gedoen kan word nie. Hoe kan u egter verwag om 'n gelukkige huwelik te hê as leuens die kommunikasie afsny? U kan nie. En tog kan u huwelik gelukkig wees as u erns maak met God. Ten spyte van alles kan dit so wees. U kan begin met hierdie vers wat sê: "Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam."

Waar behoort u te begin? Begin deur die waarheid aan God te erken en aan die ander wat betrokke is. Kyk dan na wat die volgende vers te sê het: "As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie." Dit is 'n aanhaling uit Psalm 4 wat 'n aandpsalm is. Hierdie Psalm is bedoel om die mens te herinner dat sy hart, voor die dag om is, skoongespoel moet wees van al die bitterheid en gramskap van die dag. Niks wat nie vergeef, afgehandel of te berde gebring is, behoort na die volgende dag oorgedra te word nie. In plaas daarvan moet interpersoonlike probleme daagliks aandag geniet sodat hulle nie ophoop en 'n verswering veroorsaak nie. Toorn op sigself is nie sondig nie; elke emosie is van God en is goed wanneer dit volgens die Bybel gepas is. Maar, "moenie 'n dag kwaad afsluit nie", sê Paulus.

Toorn kan verkeerd hanteer word op enige een van twee maniere: deur te ontplof en deur op te krop. Aan die een kant, soos Spreuke voortdurend benadruk, kan toorn in sonde verander deur te ontplof [Spr.25:28.29:1 1,22, van die Berkeley vertaling]. Om jou humeur te verloor is sonde. Dit mag sommige mense verbaas om te hoor hoeveel Christengesinne ly as gevolg van die bose uitwerking van sulke woedebuie. In sommige sielkundige kringe word dit as goeie terapie beskou om jou griewe te lug - daarom word die uiting van woede en vyandskap aangemoedig in groepsterapie sessies, in ontmoetingsessies, in T-groepe. ens. [4]

Vir hulpsoekers word gesê om dit uit hulle sisteme uit te kry. Hulle word aangespoor: "Gaan te kere wat jy ookal lus het om te doen; kry dit net uit. As daar iets binne-in is, gil dit uit, skree op die persoon oorkant die tafel, trek hom uitmekaar en reken met hom af. Slaan die kussing as dit jou ma voorstel - slaan dit totdat die vere waai!" Met al sulke advies blyk dit dat daar net gedink word aan die gevoelens van een persoon; beslis nie aan die gevoelens van die persoon op wie die woede uitgehaal word nie. Die ander persoon tel nie. Ten alle koste [vir hom) is die kliënt uiteindelik die een wat moet beter voel.

Nou ja, daar is niks Christeliks aan so 'n optrede en houding nie. Luister na Romeine 15:1, 2: "Ons moenie aan onsself dink nie. Elkeen van ons moet aan ons naaste dink en wat vir hom goed is." [Sien Ef.4:31-32]. Spreuke is baie duidelik oor die feit dat 'n mens wat so uiting gee aan sy woede soos 'n stad sonder 'n muur daaromheen is. Dit is die eerste uiterste waartoe 'n mens kan gaan. Ventilasie is net eenvoudig onchristelik.

[4] Sien Jane Howard, Please Touch (New York: Dell Uitgewersmaatskappy, 1971].

Die ander [teenoorgestelde) uiterste is die een wat genoem word in Efesiërs 4. Hier veroordeel Paulus diegene wat wraakgedagtes koester [opkrop vir twee-en-twintig jaar, of twee jaar of twee dae]. 'n Mens ontmoet daagliks Christene met daardie probleem. Dit is geen wonder dat hierdie probleem as 'n fundamentele kwessie in Efesiërs geopper word nie en as basis dien vir die bespreking van man-vrou verhoudings. Net soos om te ontplof, is dit ook sonde om op te krop.


Sommige kliënte laat nie net die son sak oor hul toorn nie, hulle laat baie mane ondergaan. Susan en Willem het om hulp aangemeld. Sy het daar gesit met haar arms uitdagend gevou en het senuweeagtig heen en weer geskuif. Voor enigeen nog 'n woord gesê het, kon jy sien hoe dit sou gaan. Vanaf haar kant van die lessenaar het sy die gesprek begin met die woorde: "Ek is hier omdat my dokter my gestuur het. Hy het gesê dat daar fisies niks met my verkeerd is nie. Hy het gesê dat ek besig is om 'n maagseer te ontwikkel, maar nie as gevolg van enige fisiese oorsake nie." Haar man het die hele tyd ineengekrimp gesit. Susan het in iets soos 'n inkopiesak gesoek [dit was haar handsak] en 'n manuskrip uitgehaal wat ten minste een sentimeter dik was, op foliopapier in enkelspasiëring getik aan beide kante van die papier. Sy het dit op die berader se lessenaar neergeplak en gesê: "Daar is die oorsaak van my maagseer." "Is dit 'n feit?", het hy gevra en daarna gekyk. Hy kon dit nie in 'n maand, deurlees nie, al wou hy. Terwyl hy egter so hier en daar gekyk het terwyl hy vinnig daardeur geblaai het, het hy onmiddellik gesien wat dit was. Dit het daarop neergekom dat dit 'n dertien jaar lange opgawe was van verkeerde dinge wat haar man aan haar gedoen het. Hulle was gelys en georden. Wel, wat sou u vir haar gesê het?

Die berader het na Susan gekyk en gesê: "Dit is 'n lang tyd sedert ek iemand ontmoet het wat so verbitterd is soos u." Sy was effens ontsenu en Willem het 'n bietjie meer regop gesit. Die berader het vervolg: "Dit is nie slegs 'n opgawe van wat u man aan u gedoen het nie [toevallig het daaropvolgende onderhoude getoon dat dit 'n baie akkurate opgawe was], dit is ook 'n opgawe van wat u daaromtrent gedoen het. Dit is 'n opgawe van u sonde teen hom, u sonde teen God en u sonde teen u eie liggaam. Dit is 'n opgawe wat u nie kan ontken nie; u het dit self opgeteken in swart en wit. Hierdie opgawe van bitterheid toon dat u houding die teenoorgestelde is van 1 Kor.13 wat sê dat die liefde nie boekhou van die kwaad nie." Eers toe was daar 'n grondslag waarop die probleem behandel kon word.


Willem moes sekerlik die verkeerde dinge wat hy aan sy vrou gedoen het los; maar aan die ander kant moes sy die verkeerde manier van reageer op sy verkeerde dade, wat sy aangeleer het, verander.

In die meeste gevalle van huweliksverbrokkeling, het huweliksberaders bevind dat dit 'n kwessie is van die uitsortering van elke huweliksmaat se verantwoordelikheid voor God. Mans wys die vinger na hul vrouens; vrouens wys die vinger na hul mans. Gewoonlik is daar volop om na te wys aan beide kante. Maar om mekaar te beskuldig, los beswaarlik enige probleme op. Om probleme op te los, moet mans en vrouens begin deur na hulself te wys. Die Skrif sê dat jy die balk uit jou eie oog moet haal voordat jy goed sal kan sien om die splinter uit die oog van 'n ander te haal [Matt.7:3-5]. Dit is presies waar so baie fouteer.


Hulle val mekaar só aan:




Daar is geen kommunikasie wanneer twee persone so aanvallend teenoor mekaar opgestel is nie. Hoe kan jy kommunikasie aan die gang sit. Twee persone kommunikeer wanneer hulle saam wandel en werk in dieselfde rigting:




Hoe beweeg 'n mens egter die pyltjies van die eerste posisie na die tweede? Hoe keer 'n mens die aanval weg van persone af na probleme? Hoe kan 'n bakleiende man en vrou begin om hul energie aan te wend om probleme op God se manier op te los in plaas daarvan om voort te gaan op die vernietigende weg om mekaar en hul huwelik uitmekaar te skeur? Dit is die vraag. Die antwoord is: Deur die korrekte kommunikasiewyse. Dit is die enigste antwoord. Hulle moet begin deur altwee die pyltjies in dieselfde rigting te laat wys. Elke huweliksmaat kan dit doen deur eers na homself te wys:




Die ander pyltjie wys alreeds na jou en al wat jy dus hoef te doen is om langsaan in te val: kyk eers na jou eie balk. Vir die eerste keer in 'n lang tyd sal die twee pyltjies in dieselfde rigting wys. Dit is werklik verstommend in watter mate daar onmiddellike samewerking verkry kan word van 'n persoon wat eers met jou verskil het oor byna alle ander dinge onder die son, wanneer jy begin sê: "Ek het verkeerd opgetree teenoor jou."

Wees dan spesifiek en vra opreg om vergifnis. Dit is waar versoening dikwels moet begin. Jy behoort nooit te begin deur die deksel van die ander persoon se afvalblik af te haal voordat jy jou eie vullisblik skoongemaak het nie. Dit is waar kommunikasie begin.

Het u kommunikasieprobleme met 'n lid van u gesin? Miskien het daar net vandeesweek 'n uitbarsting plaasgevind, miskien selfs vandag nog. Kon dit dalk met u skoonma gewees het? U skoondogter? Terloops, dit is nie die man en sy skoonma wat die ernstigste interpersoonlike probleme ondervind nie, al is dit die verhouding wat die meeste reklame geniet in die spotprente. Bykans enige berader sal vir u vertel dat die meeste probleme ontstaan tussen die twee vrouens. Die verhouding kan so bitter raak en kan so verskriklik rampspoedig wees, dat niemand daaroor durf grappies maak nie.

Miskien is u probleem met u ouers; miskien is dit tussen u en u kind. Is dit u man, u vrou, u vriend, 'n lidmaat van u kerk, of 'n buurman met wie u een of ander- slegte verhouding het? Luister! U moet begin om met daardie persoon te kommunikeer. As u nie met hom kan gesels oor enigiets anders nie, is daar altyd een ding waaroor u met hom kan gesels: die verkeerde dinge wat u aan hom gedoen het. As u nie aan enige verkeerde dinge kan dink nie [en ek wil sekerlik nie hê dat u enige kunsmatige dinge moet opdis nie] laat my toe om een voor te stel wat heelwaarskynlik bestaan. Dit is dood eenvoudig die een wat ons bespreek het. As u uitgestel het om na 'n ander persoon toe te gaan om te probeer om met hom versoen te raak, dan het u hom te ná gekom.

Daar is min dinge wat die kerk van Jesus Christus méér van sy krag ontneem as die onversoende staat van so baie gelowiges. So baie het dinge diep ingewortel in hul binneste, soos ysterwîe wat ingeforseer is tussen hulself en ander Christene. Hulle kan nie saam loop nie, want hulle stem nie saam nie. In plaas daarvan om sy aan sy deur hierdie wêreld te marsjeer en mense vir Jesus Christus te wen, tree hulle op soos 'n leër wat verslaan en verstrooid is en wie se troepe in hul verwarring onder mekaar begin veg het. Niks ontneem die kerk van Christus soveel van haar krag as hierdie onopgeloste probleme, hierdie los drade tussen Christene, wat nooit vasgemaak is nie. Daar is geen verskoning vir hierdie hartseertoestand nie, want die Bybel maak geen voorsiening vir los drade nie. God wil geen los drade hê nie. Laat ons nou kyk na die middele wat Hy voorsien het om finaal met sulke moeilikhede af te reken.

In Matteus 5:23,24 sê Jesus dat as jy jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jy iets aan iemand anders gedoen het, laat staan jou gawe net daar en gaan maak "eers" [versoening geniet voorrang bo aanbidding] vrede met jou broer. Kom dan terug en bring jou gawe. Dit is hoe belangrik dit is om sake dadelik reg te stel. Jy moet dit nóu doen; moet dit nie uitstel nie, "Moenie 'n dag kwaad afsluit nie" [Ef.4:26].

Mans en vrouens kla dikwels dat hulle probleme het met hul seksuele verhouding, maar die moeilikheid is gewoonlik nie die seksuele aspek nie. Beraders vind nie baie probleme wat net met die seksuele aspek alleen te doen het nie. Die ware probleme in die slaapkamer saans ontstaan as gevolg van die feit dat allerhande soorte probleme van die dag, saam bed toe gedra word, probleme wat opgelos behoort te gewees het voor slaaptyd. Dit is waar die moeilikhede vandaan kom: die probleme kom tussenbeide. Mans en vrouens moet letterlik leer dat hulle nie die dag kwaad afsluit nie.

In Matteus 18:15-17 sê Jesus ook iets omtrent die ander sy van die prentjie. As iemand verkeerd teen jóú opgetree het, dan moet jy hom gaan spreek. Jy moet trag om jou broer te wen en die verhouding te herstel sodat julle twee kan saam loop en saam gesels as Christene. U sien, Jesus sal nie toelaat dat die onversoende staat tussen gelowiges voortduur nie. In Matteus 5 sê Jesus dat as iemand anders meen dat jy verkeerd teen hom opgetree het, dan moet jy gaan. In Matteus 18 sê Hy dat as die ander persoon iets verkeerd

teen jou gedoen het, moet jy_ gaan. Dit gebeur nooit dat jy kan sit en wag vir jou broer om na jou toe te kom nie. Jesus maak nie daarvoor voorsiening nie. Hy gee geen geleentheid daarvoor nie. Dit is altyd jou plig om te gaan. Die ideaal is [die manier waarop Jesus dit opgestel het] dat as twee gelowiges 'n uitbarsting gehad het oor iets en altwee kwaad-kwaad daar weggaan behoort hulle, wanneer hulle afgekoel het, mekaar op die pad te ontmoet om versoening te bewerk. Dit is soos dit behoort te wees.

Dag na dag, week na week, behoort Christene besig te wees om te werk aan interpersoonlike probleme, sodat hulle nie ophoop nie. Dit is sekerlik by uitnemendheid in die Christengesin nodig, waar daar die mees intieme menslike verhoudings bestaan en waar ons as sondaars dag na dag in mekaar vasloop. Soos voertuie wat van koers af is, bots ons en duik ons mekaar se modderskerms in, ons verpletter mekaar se hoofligte en ry in mekaar se agterkante vas. Hoe belangrik is dit dus nie om die werking van Christelike versoening in die huis te verstaan en te beoefen nie. Sake moet reggestel word; ons durf dit nie ignoreer nie - nie eers geskraapte modderskerms nie.

Jesus het eenkeer gesê toe hy oor die toekoms gepraat het: "Elke dag bring genoeg moeilikhede van sy eie" [Matt.6:34]. Jy kan jou nie oor môre kwel nie. 'n Mens se skouers is net breed genoeg om een dag se vrag op 'n slag te dra. As dit waar is omtrent die toekoms, dan is dit ook waar omtrent die verlede. Jy kan nie 'n leeftyd se onopgeloste probleme met jou saamsleep en verwag om goed met die gesin klaar te kom nie. Jy sal nie reguit kan loop nie. Jy sal nie baie goed kan dien nie. Jy sal nie die werk van die Here effektief kan doen as jy so 'n vrag dra nie. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie. Die Here Jesus sê dat jy <u>daagliks</u> jou kruis moet opneem; dit beteken dat jy daagliks die eie ek in jou moet kruisig. Die Skrif stel dit voorop dat 'n mens op 'n dag tot dag basis moet leef met God; dit maak die daaglikse handelinge met ons broers 'n dringende saak.

U durf nie sake sommer net hul gang laat gaan nie. As daar iemand is met wie u baie probleme het of iemand is wat in onmin met u verkeer, maak die saak met die Here uit voor hierdie dag om is. Skryf daardie brief, maak daardie telefoonoproep, of as dit moontlik is, lê daardie besoek af. In u eie gesin moet u gaan sit en sake voor sononder regstel.

Wanneer u die verhouding herstel het, wanneer u u sondes aan mekaar [en natuurlik aan God] bely het en vergifnis gevra het van mekaar, is u nie klaar nie; u het nog net begin. U het nog net die puin van die verlede verwyder. Noudat sake eindelik op 'n daaglikse basis verloop, moet u nooit toelaat dat dit weer ophoop nie. Dit beteken dat u verhouding 'n nuwe patroon moet aanneem. Paulus gaan voort: "Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie [letterlik uitstort]; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat julle hoorders ten goede kan kom." [Ef. 4:29]. Dit sê vir ons hoe kommunikasie van nou af moet wees. Dit is die patroon vir die vorming van die nuwe verhouding.

Wat bedoel Paulus? Hy praat nie letterlik van "vuil" taal wanneer hy die woord gebruik nie. Hy bedoel dit natuurlik ook, maar hy bedoel veel meer. Die term verwys na enige woord wat iemand anders afbreek. Die Amerikaanse jeug het 'n uitdrukking wat naastenby die idee weergee: hulle praat van mekaar opkerf. ["cutting each other up."] Dit maak 'n mens seer om mense so te hoor praat. Christene behoort nooit te vertel hoe woorde [God se groot geskenk vir kommunikasie] gebruik word om ander mee op te kerf nie. Dit is juis wat Paulus veroordeel: die stelselmatige opkerf van ander in repies en aan flarde deur middel van woorde. Dit is nie net die jeug nie, maar ook mans en hul vrouens wat woorde gebruik vir sulke doeleindes. Hulle raak soms heel behendig met so 'n misbruik van woorde. Onlangs het 'n paartjie 'n onderhoud gebruik om hul gal teen mekaar te braak. Nie een van hulle het 'n woord geuiter sonder 'n snedige, sarkastiese aanmerking omtrent die ander nie. Hulle berader moes vir hulle sê: "Dit is ongetwyfeld een rede waarom u hier is. U mag daardie soort ding by die huis doen, maar ek sal u nie toelaat om dit hier te doen nie. As u so voortgaan, sal ek die onderhoud beëindig." Beraders moet so 'n oortreding van God se wil

nie toelaat nie. Die Skrif sê dat daar nie bitter én soet water uit dieselfde fontein mag kom nie. Christene mag nie die Naam van die Here Jesus op hul lippe neem en terselfdertyd Sy gawe van woorde gebruik om gemeen te wees teenoor ander mense nie.

In die gedeelte in Efesiërs beskryf Paulus 'n beter gebruik vir woorde. In plaas daarvan om ons energie te gebruik op taal wat andere afkraak, behoort ons woorde hulle op te bou. Wanneer woorde eerder op die probleem gerig is as op die persoon, sal dit hom opbou deur hom te help om sy probleme op te los. In plaas daarvan om mense met woorde aan te val, moet 'n Christen al sy energie, insluitende sy woorde, op die probleem rig, en dit sodoende op God se manier aanval.

Kyk weer na Paulus se gedagte: "Geen vuil taal" is geoorloof nie. In plaas daarvan sluit Christelike taal woorde in wat die ander persoon "opbou" en is "volgens die eis van die probleem wat ontstaan het". Dit beteken dat 'n mens se woorde gemik moet wees op [of te doen moet hê met] die probleem wat ontstaan het. Val probleme met woorde aan, nie mense nie.

'n Man en vrou het vir huweliksberaad gekom met net so 'n kommunikasieprobleem. Sonja en Chris se taalgebruik was so bitsig dat, tensy hulle houding sou verander, hulle probleme nooit opgelos sou word nie. U sien, daar is gewoonlik ten minste twee probleme betrokke in enige menslike konflik. Daar is die saak waaroor die twee partye verskil en daar is ook die probleem van hulle houding teenoor mekaar. Toe Chris die eerste keer gebel het vir 'n afspraak, het hy gesê: "Ek het 'n probleem; dit is baie delikaat." Hy het die geskilpunt verduidelik wat tussen hom en sy vrou ontstaan het. Dit het oor 'n baie moeilike saak gegaan - iets wat baie moeilik was om op te los. Hy het gesê: "Ek het met my predikant gepraat en hy stem saam met my. Sonja het met ons dokter gepraat [hy is 'n Christen] en hy stem saam met haar. Ons kom dus nêrens met enigeen van hulle nie. Die predikant het voorgestel dat ek u moet spreek, maar ek weet dat u ook een van ons se kant gaan kies, dus is daar geen sin daarin om u te spreek nie." "Wel", het die berader geantwoord, "ek skat daar is geen sin daarin om te kom as u my al klaar vooraf beoordeel het nie, maar as u gewillig is om oor te kom en u probleme aan my te stel, wil ek hê u moet weet dat ek nie van plan is om enigeen se kant te kies nie, behalwe God s'n." "Wel, dit klink 'n bietjie anders", het Chris peinsend gesê. Chris en Sonja het toe gekom. Hulle het gaan sit. Gedurende die eerste uur het sy alles afgekraak wat hy gesê het en hy het alles afgekraak wat sy gesê het. Die berader het dit baie gou beëindig. Hy het gesê: "Kyk, u het probleme as gevolg van hierdie geskilpunt, maar hierdie saak self is nie u belangrikste probleem nie. U sal nooit daardie geskilpunt of enige ander een oplos, voordat u die onderliggende probleem, naamlik u houding teenoor mekaar, opgelos het nie. Hoewel u albei verklaar dat u Christene is, is u houdings op die oomblik beslis onchristelik. U predikant mag wel oor die saak besluit het vir u en u dokter mag dieselfde gedoen het, maar ek is nie van plan om enige iets van dié aard te doen nie. U gaan hierdie besluit vanself neem en in die proses gaan u ook leer hoe om met mekaar te praat. Ek wil ook hê dat u moet weet dat ons gewoonlik nie langer as twaalf weke met iemand werk nie. Vir die meeste mense duur dit agt weke. Ek verwag van u om hierdie probleem binne daardie tydsbestek op te los. Ons sal begin met u altwee se houding. "Dit klink anders", het Chris op sy kenmerkende manier gesê.

Op daardie stadium het Chris en Sonja nie by mekaar gebly nie. Hy het haar verlaat. "Eerstens", het die berader verduidelik, "sal u moet teruggaan na mekaar toe. 'n Mens kan nie twee mense bymekaar bring deur hulle uitmekaar te hou nie. 1 Korinthiërs 7 sê dat u u met mekaar moet versoen. Om mee te begin, hier is die dinge wat u hierdie week gaan doen..." Hulle het ingestem en aan die werk gespring. Hulle het vergifnis van God en van mekaar gesoek en verkry. Toe het hulle ernstig begin werk aan die probleem van kommunikasie. Die eintlike geskilpunt is voorlopig eenkant toe geskuif. Nadat ander sake opgeklaar is, hulle houdings reggeskaaf is en hulle huwelik regtig weer begin vorm aanneem het, kon hulle aandag gee aan die probleem. Chris en Sonja het saam aan die probleem

begin werk. In daaropvolgende weke het hulle geleer hoe om woorde te gebruik om ander probleme op God se manier op te los. Hulle het regtig hard gewerk aan die vernaamste vraagstuk en by die elfde onderhoud het hulle aangekondig: "Ons het ons probleem opgelos." En hulle het inderdaad! Die rede waarom hulle dit nie vantevore kon regkry nie, was omdat hulle nie geweet het hoe om te kommunikeer soos dit Christene betaam nie. Hulle het woorde gebruik om mekaar af te kraak: hulle het hulle energie gebruik om mekaar uitmekaar te skeur. Toe hulle in berou begin het om probleme met woorde aan te val in plaas van mekaar aan te val, het hulle die vreugde ontdek daarvan om geskilpunte op die Bybelse manier te ondersoek. Toe het die hele prentjie verander. Toe kommunikasie herstel is, was dit moontlik om die geskilpunt op te los.

Christene kan leer om sonder bitterheid, woede, toorn, lawaai, kwaadsprekery en haatdraendheid te lewe. Hulle moet daaraan werk om 'n goedgesinde houding teenoor mekaar te handhaaf. Uit die grond van sulke gesindhede, groei die oplossings vir lewensprobleme dik en welig. Sulke gesindhede kan gehandhaaf word slegs deur "goedgesind en hartlik te wees teenoor mekaar, en mekaar te vergewe soos God julle ook in Christus vergewe het." Wat 'n wonderlike Verlosser het ons. Dit was nie ter wille van mense wat Hy gesterf het nie; dit was vir goddelose mense, vir sy vyande. Dit was vir wetsoortreders dat Hy gely het. Hy het ons liefgehad sê Paulus, ten spyte van ons afskuwelikheid. Net soos Hy ons liefgehad het, eis Paulus, moet ons mekaar liefhê.

Liefde is nie in die eerste plek gevoel nie. Liefde kan eerstens uitgedruk word as "gee". Dit is die kern van die liefde. As 'n mens gee, sal die gevoel van liefde volg. Om lief te hê, moet ons deel van onsself gee, van ons tyd, van ons wese, van enigiets wat dit verg om liefde te betoon; want om te gee is die grondslag van die Bybelse idee van liefde. Luister hierna: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het" [Joh.3:16]. Hy het sy liefde vir my bewys deur sy lewe vir my af te lê [Gal.2:20]. "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink" [Rom. 12:20]. Dit is altyd deur te gee dat liefde begin. En daardie gees van te gee bring 'n nuwe atmosfeer in enige huis. Dit is 'n atmosfeer wat 'n klimaat skep waarin kommunikasie kan groei en floreer. Dink oor al hierdie dinge; miskien is daar een of ander optrede waarmee u moet begin. Dit is moontlik dat dit vir u nodig is om u sonde aan God te bely en dan aan iemand anders met wie dit nodig is om kommunikasie te herstel, wat na u nuwe verhouding in Christus lei.

# HOOFSTUK 4

## *BYBELSE UITGANGSPUNTE OMTRENT DIE GESIN*

Die fondamente wankel. Daar bestaan nie die geringste twyfel dat die waardes en praktyke van ons samelewing van alle kante af aangeval word nie. Basiese beginsels sowel as die ou sedes word voor 'n uitdaging gestel. Ou maniere van doen - goed sowel as kwaad, word deur die jongmense verwerp. Sommige van die ou weë behoort verwerp te word. Laat ons eerlik wees daaroor: Baie van die ou gebruike was van die staanspoor af nie Bybels nie. Maar ons hoor ook van jongmense wat baie verder gaan; sommiges grawe diep tot by die wortels in 'n poging om selfs die fondamente van die samelewing uitmekaar te ruk. Byvoorbeeld, vrae word gevra oor proefhuwelike van twee of drie jaar lank; en sommiges dink dat die huwelik, soos versekering, op 'n jaarlikse hernuwingsbasis moet geskied. Wanneer sulke voorstelle in alle erns gemaak word, het dit tyd geword vir Christene om die Bybelse waarhede omtrent die gesin te herbevestig.

Die instelling van die huwelik is nie terloops nie. Die studie van die huwelik, die gesin en die gesinslewe is die studie van die mees basiese en fundamentele instelling van die samelewing. Die kerk [in die formele sin] was nog nie gestig nie, toe het God die huwelik al as 'n instelling gevestig. Die staat as 'n formele instelling het nog nie bestaan nie, toe was die gesin al tot stand gebring. Die gesin is fundamenteel; dit was eerste, want dit is onderliggend. En dit is net omdat dit eerste is in die Skrif, dat ons alles in ons vermoë moet doen om die gesin te bewaar. Die gewere is gerig op die bestaan van die gesin en ons sal in ernstige moeilikhede beland as ons dit nie teen die aanval verdedig nie. Dit is van die uiterste belang vir Christene om, in so 'n verdediging, die basiese Bybelse beginsels omtrent die gesin weer eens te verstaan en te herbevestig.

Die eerste basiese beginsel wat herbevestig behoort te word, is dat God die huwelik ingestel het. Die huwelik is nie opsioneel nie. Dit is heeltemal verkeerd om jou te verbeel dat 'n groep van vorige promiskue mense een nag êrens in 'n grot rondom 'n flikkerende vuurtjie besluit het dat die huwelik miskien 'n goeie idee mag wees. Dit is nie 'n sosiale kontrak wat mense uitgewerk het en vir 'n ruk lank handig gevind het vir die samelewing nie. As dit so was, kan ons maklik aan beter opsies dink vir die toekoms. Inderdaad dink sommiges, wat die opsie-gedagte huldig, dat daar beter opsies is. "Die huwelik was goed op sy dag", sê hulle; "maar ons het dit nou ontgroei. Ons het 'n groter pak klere nodig. Noudat ons die Pil het en aborsie gewettig is [in Amerika] het die grootste nut van die huwelik verdwyn." Nee, die huwelik is nie so nie. Baie dinge in die lewe is so - goeie idees net vir 'n tyd lank, om daarna weggegooi te word wanneer iets beters sy verskyning maak. Die huwelik is egter anders. Die huwelik is grondliggend aan die samelewing, want God het die huwelik ingestel vir alle tye, nie net vir 'n baie kort periode van die wêreld se geskiedenis nie.

Die eerste huwelikseremonie het plaasgevind in die Tuin van Eden met God self as die huweliksbevestiger by die seremonie. Dit is insiggewend om te let op die woord wat God gebruik om die huwelik mee te beskryf. Daardie woord is <u>verbond</u>. In die boek Spreuke waarsku God teen die slegte vrou met haar verleidelike praatjies "wat haar eie man verlaat en die verbond van haar God vergeet het" [2:17]. Deur haar man met wie sy in haar jeug getrou het te verlaat, word sy deur God daarvan beskuldig dat sy sy verbond vergeet [en verbreek]. Die huwelik dan, is niks minder nie as 'n verbond wat deur God ingestel is. In die Skrif is 'n verbond 'n plegtige ooreenkoms waarin 'n regeerder en 'n onderdaan betrokke is. 'n Verbond word deur eersgenoemde op laasgenoemde gelê en bring seëning mee wanneer dit gehou word en 'n vervloeking wanneer dit verbreek word. Wanneer 'n persoon 'n verbond aangaan, gaan hy die plegtigste en bindendste ooreenkoms van sy lewe aan.

Maleagi verwys ook na die huwelik as 'n verbond. God het geweier om die offerandes van sy volk te aanvaar.

Hulle het gevra waarom. Hy het geantwoord: "En julle vra: 'Waarom dan nie?' Dit is omdat die Here weet wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is: jy was ontrou aan haar, ontrou aan jou eie vrou, die vrou aan wie jy plegtig trou beloof het" [2:14 ["... die vrou van jou verbond" volgens die 1933 vertaling van die Bybel.]

'n Huwelik is 'n verbond wat gemaak is in die teenwoordigheid van God. God het die huwelik ingestel; dit is nie opsioneel nie. Ons kan nie aan die huwelik doen soos ons wil, as ons wil, wanneer en waar ons wil nie. Dit is die eerste, die mees beslissende en die mees basiese faktor van almal.

Tweedens is die <u>huwelik goed,</u> want dit is van God. Die huwelik was ingestel voor die sondeval. Volgens die manier waarop sommige mense van die huwelik praat, dit verkleineer en grappe maak daaroor, sou mens dink dat die huwelik deur Satan ingevoer is. Vir sommige mag dit moeilik wees om te glo dat die huwelik goed is. Deur ander word die huwelik voorgestel as sondig, minderwaardig of die minste van twee euwels as gevolg van die seksuele verhouding tussen getroudes. Die huwelik was deur God ingestel en seks is goed. Dit is gegee om te seën, om mense gelukkig en vrolik te maak. 'n Vrou het by 'n Bybelkonferensie gevra: "Dink u nie dat die geslagsdaad walglik is nie?" Die antwoord is nee! Seksuele verhoudings is heilig, regverdig, en onbesmet behalwe as dit verdraai is deur sonde, die huwelik is goed, want dit is van God. Die huweliksbed moet "onbesmet" [1933 vertaling] gehou word, sê die skrywer van Hebreërs [13:4]. In Efesiërs bring Paulus die huweliksverhouding in 'n parallel met die heilige verhouding wat tussen Jesus Christus en sy Kerk bestaan [5:22-23]. Dit is hoe die huwelik behoort te wees en kan wees. In die boek Openbaring, het Jesus gepraat van sy verhouding met sy volk as dié van 'n bruidegom met sy bruid [19:7-9]; 21:2]. God sien die huwelik dus as heilig en regverdig.

indien nie onheilig nie, is die huwelik 'n mindere of sekondêre staat? Is die ongehude staat verkieslik? Daar is diegene wat Paulus se woorde in 1 Korinthiërs 7:26 só misverstaan het. Hier wys hy wel op sekere voordele van die ongehude staat en nadele van die huwelik. Maar die rede waarom Paulus die vraagstuk van die ongehude staat teenoor die huwelik bespreek, is nie om basiese veralgemenings te maak nie, maar om 'n spesifieke situasie te behandel. Paulus het voorsien dat daar 'n vreeslike bloedbad oor die kerk sou kom. Die strekking van sy woorde is: "Al wat ek sê, moet julle verstaan, het betrekking op die huwelik in die lig van die huidige toestande van die wêreld." Luister na sy presiese woorde: "Ek meen dat, met die oog op die swaarkry van die eindtyd, dit vir 'n mens goed is om te bly soos hy is." Paulus het nie gesê dat die ongehude staat beter is as die getroude staat nie. Paulus het die ongehude staat bo die huwelik aanbeveel in tye van vervolging. Vervolging was voor die deur:

> *Ek bedoel dit broers: die tyd is min. Van nou af moet dié wat getroud is, leef asof hulle nie getroud is nie: en dié wat bedroef is, asof hulle nie bedroef is nie; en dié wat bly is, asof hulle nie bly is nie; dié wat iets aankoop, asof hulle dit nie besit nie. Ja, dié wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie.*
>
> 1 Kor.7:29-31a

Paulus het van die ongehude staat gepraat as 'n noodmaatreël. Dit sou vanselfsprekend vir individue makliker wees om vervolging te verduur as vir gesinne. Moet dus nie dat enigiemand vir u vertel dat die ongehude staat in die Skrif aanbeveel word as 'n hoër staat as dié van die huwelik nie. In 1 Korinthiërs 7 het Paulus van 'n buitengewone situasie

geskryf; hy het dit nie as 'n reël of 'n norm neergelê nie.

Die normale staat is die huwelik, nie die ongehude staat nie. 'n Man en vrou - en enkelpersone nie - was in die tuin geplaas. Die ongehude staat is uitsonderlik en verg 'n besondere gawe. God het inderdaad spesifiek verklaar: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie" [Gen.2:1B]. Hy dring aan, as die norm, dat 'n man sy pa en ma moet verlaat en "saam met sy vrou lewe" [Gen.2:2M]. God het die huwelik ingestel vir sy oogmerke. Daardie oogmerke word in die Skrif in breë trekke beskryf. Dit is nie moontlik om hulle almal hier op te noem nie; daar is baie en hulle is verskillend. Sommige van die wat die mees onderliggendes is, moet egter in oënskou geneem word.

In die tweede hoofstuk van Genesis verskyn die volgende interessante woorde: "Verder het die Here God gesê: 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.'" [v. 18]. God het toe 'n ribbetjie van Adam geneem en vir hom 'n vrou daaruit gevorm. God het die vrou gemaak as 'n helper. Hoekom? Want dit is "nie goed" dat die man alleen is nie. As die huwelikstaat minderwaardig was, sou God nooit daardie woorde geuiter het nie. Die basiese, gewone en mees natuurlike staat is die huwelikstaat. Daar is diegene wat hulle lewe lank buite die huwelik sal lewe. Daar is mense aan wie God die spesiale gawe van die ongehude staat gegee het. Dit is wat Paulus in 1 Kor.7 sê. God het egter 'n vrou vir Adam geskape omdat Hy gesê het dat die ongehude staat nie goed is nie. Dit is daarom beter vir 'n man om te trou. Een kykie na die meeste oujongkêrels se woonplek dui aan [in een aspek] waarom dit waar is. Dit is egter in geen opsig goed vir hom nie. As 'n reël het die man 'n vrou nodig.

Wat is 'n vrou dan? Hoekom, spesifiek, was sy geskape? Hoekom nie net die man nie? Wat is dit wat sy moet doen? Sy is basies [volgens v.1B] <u>iemand om te help</u>, die King James vertaling gebruik die woorde "help meet" wat die punt onduidelik maak. 'n Moderne term wat uit hierdie woorde ontwikkel het is die saamgesmelte woord wat nie bestaan nie, "helpmeet". Ons verstaan nie wat 'n "helpmeet" is nie, want daar is nie so iets nie. Wat die King James vertaling eintlik *sê* is "a help [helper who is] meet". Die vrou was geskape as 'n "help meet" vir die man. Nou wat beteken dit? Dit beteken 'n helper wat gepas of geskik is vir die man. Sy stem ooreen met of vul die man aan in alles. Sy voltooi die man. Daar is 'n paar moontlike betekenisse vir die woord "meet".

God het die vrou geskape omdat die man haar hulp nodig gehad het. Dit is 'n basiese gegewe in die Bybel. Sy was geskape as 'n geskikte helper om hom by te staan in die lewe in elke opsig. Dit is 'n ander grondgedagte. Die idee van die vrou as helper is 'n sleutelbegrip wat verlore gegaan het in moderne huwelike. Dit is 'n sleutel wat verdwyn het uit die hedendaagse denke. 'n Vrou sien haarself nie meer as 'n helper nie. Baie vrouens sien hulself eerder as mense wat gehelp moet word. So sien die moderne vrou haarself as iemand wat presies op dieselfde plek staan as haar man. Sy mag baie idees oor haar rol hê, maar sy is nie baie geneë met die gedagte van haarself as 'n helper as een van daardie idees nie. Tog is dit God se bepalende woord oor haar rol.

Soos ons aangaan, sal ons sien dat, juis deur haarself as 'n helper te sien, die vrou vrygemaak word. Die "Woman's Lib" bewegings wat faal om dit raak te sien, lewer die vrou onbewustelik uit aan 'n lewe van slawerny. Deur haar korrekte rol voor God en voor haar man te verstaan en daarvolgens te lewe, sal sy vryheid vind. Op geen ander manier sal 'n vrou waarlik vrygemaak word nie. Maar vir eers moet hierdie een gedagte onuitwisbaar in u gedagte vasstaan: die vrou was geskape om haar man te help.

As 'n helper vul sy hom aan, is sy geskik vir hom, is sy gepas vir hom. Die man en sy vrou word een [Gen.2:24]. Saam vorm hulle 'n voltooide eenheid. Soos hulle fisies, intellektueel en emosioneel saamkom, is daar 'n volkomenheid wat nie voorheen bestaan het nie. Hulle is ineengesmelt in 'n eenheid. As jy 'n lemoen oneweredig in die middel deursny, dan sal die

twee kante onmiddellik met mekaar ooreenkom. Wanneer hulle bymekaar gebring word, pas hulle presies. Die een kant stem presies met die ander ooreen, en as altwee inmekaar pas word hulle 'n eenheid. Dit is die prentjie in hierdie verse. God het 'n helper geskape wat presies vir die man gepas het wat hy geskape het, sodat wanneer die twee sou saamkom, hulle mekaar sou voltooi en 'n eenheid sal wees.

Die man het die vrou nodig gehad om homself te voltooi. Dit is hoekom dit nie vir hom goed was om alleen te wees nie. Alhoewel dit nie gesê word nie, het die vrou ook die man nodig om haarself te voltooi. Wanneer God die gawe van die ongehude staat gee, voorsien hy die genade om mense in staat te stel om in 'n onvoltooide toestand te lewe. Hulle voltooidheid moet in Hom gevind word. Dit is egter nie sy gewone manier om dinge te doen nie.

Hoe verskillend is die sienswyses van 'n man en 'n vrou tog nie oor enige onderwerp nie. Hoeveel meer volledig is dit nie om beide die manlike en vroulike sienswyses beskikbaar te hê nie. Wanneer elkeen na dieselfde vraag kyk, benader hy (of sy] dit op verskillende maniere. Neem die onderwerp van kindersorg, dissipline en onderrig byvoorbeeld. Die vrou benader dit vanuit haar perspektief. Sy verteenwoordig die felle liefdevolle beskerming van die moederbeer met haar welpie. Sy sal waarskynlik haar kloue wys as iemand haar kleintjie bedreig. Die pa, aan die ander kant, sal meer geïnteresseerd wees om die kind uit te stoot in die gemeenskap om hom selfstandig te maak. Hy weet dat die kind 'n paar knoppe moet opdoen. Dit is goed vir die kind om beide kante van die prentjie te ervaar. Die balans is belangrik vir beklemtoning en tydsberekening.

Terloops, hierdie onderwerp kan nie volledig hier bespreek word nie, maar dit is belangrik om ten minste 'n aanmerking hier in te voeg. Die kerk van Jesus Christus het jammerlik gefaal om die enkelouer te help. Wanneer die vrou alleen haar kinders moet grootmaak sonder die invloed van 'n man, is dit baie moeilik vir die kind, in besonder vir 'n seun. Dit mag wees dat sy vir een of ander rede nie weer kan trou nie. Sodoende kan 'n verbondskind sonder 'n vader opgroei in die kerk. Die kerk behoort in te gryp en vaderlike sorg vir so 'n kind te voorsien. Daardie kind het nodig om iets van die vaderlike kant van die huwelik te ervaar. Hy het die mans in daardie gemeente nodig. Hy het gesinne nodig wat hom dikwels sal oornooi na hulle sodat hy kan sien hoe die gesinslewe funksioneer; sodat hy die gee en neem van 'n man en vrou kan waarneem. Hy het die mans van die kerk nodig om hom na plekke toe te neem - om saam met hom te gaan visvang, om saam met hom te gaan jag, om hom te neem om te gaan kamp. Weet u van 'n jong kind wat u nodig het?

Nouja, laat ons weer vra hoe 'n vrou haar man help? Sy help deur sy vennoot te wees. Sy help deur hom aan te vul. Dit is nie goed vir hom om alleen te wees nie. Maar wie ookal 'n vrou vind, vind iets goeds. Dit is goed om iemand te hê om mee te praat. Volgens Spreuke 2:17 en Maleagi 2:14 is kameraadskap 'n basiese doel van die huwelik. In die ou vertaling van die Bybel in Maleagi 2:14 word die huweliksmaat 'n "metgesel" genoem. Ons het almal 'n behoefte aan intimiteit; die huwelik vervul daardie behoefte. Dit is goed om iemand te hê met wie mens idees kan bespreek, probleme kan oordink, geskilpunte kan bespreek en 'n ander sienswyse kan lewer. Die vrou help haar man op hierdie manier. Ons het almal iemand nodig teenoor wie ons intiem ons harte kan oopmaak.

'n Vrou help ook as haar man se biologiese maat. Volgens die Skrif is seks heilig, normaal, reg, behoorlik en goed. In 1 Korinthiërs 7:1,2 beklemtoon Paulus die feit dat as 'n persoon nie die gawe van die ongehude staat van God het nie, dan behoort hy te trou. Daar is niks verkeerd met seks nie; en die huwelik is inderdaad die behoorlike raamwerk om dit in uit te leef. Volgens die Skrif is seks vanself nie onheilig nie, maar slegs wanneer dit misbruik word. Dit behoort nooit buite die verbondsverbintenis beoefen te word nie. Dit behoort vryelik beoefen te word binne hierdie struktuur. God het dit so bepaal. God moedig seksuele verhoudings sterk aan. Trouens, Paulus sê in hierdie gedeelte dat nie een van die twee oor hul eie liggame beskik nie. Dit verbied beide self-plesier [masturbasie] en selfsugtige

weerhouding van seksuele verhoudings met jou huweliksmaat. Seks was nie bedoel om self-georiënteerd te wees nie, maar huweliks-georiënteerd. Elke selfgeoriënteerde manifestasie is 'n verdraaiing van seks. Seks mag geniet word, maar slegs ooreenkomstig die Bybelse beginsel dat "dit beter is om te gee as om te ontvang". Trouens, die mees genotvolle aspek van seksuele omgang is nie die persoonlike opwinding wat ervaar word in jou eie orgasme nie, maar eerder in die plesier om jou huweliksmaat te bevredig. Daar word van mans en vrouens geëis om hulle lewensmaats te bevredig. Hy mag nie sy liggaam weerhou om sy vrou terug te betaal nie. Sy mag nie seks gebruik as 'n onderhandelingsmiddel nie. Seksuele verhoudings behels dat 'n mens jouself vryelik en ten volle sal gee in liefde teenoor die ander om sodoende die ander se behoefte te bevredig. Die Skrif is nie preuts omtrent seks nie, maar sommige Christene het preuts geraak - asof hulle meer weet as God! Die Skrif is baie duidelik oor die seksuele verpligtinge van die huwelik.

Daar is ander aspekte van die huwelik. 'n Ander doel is om kinders te verwek. Dit is wonderlik om 'n huis vol kinders te hê (lees Ps. 127]. God gee kinders. Hulle is 'n erfenis van die Here. Genesis 1:28 sê: "Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê..." Hoe het God hulle geseën? Hier is die woorde waarmee God hulle geseën het; "Wees vrugbaar, word baie..." Dit is woorde van seën van die Here. Met hierdie woorde het Hy Adam en Eva geseën. Hy het bedoel: "Ek gee vir julle my seën om kinders voort te bring; vul die aarde en heers daaroor".

Daar is nog meer in die huwelik as dit. Sommige van hierdie basiese waarhede sluit baie belangrike faktore in wat té dikwels oor die hoof gesien is. Aangesien dit oor die hoof gesien is, was daar al onmeetbare hartseer en verdriet. Byvoorbeeld. die laaste gedeelte van Genesis 2:2*4, "en hulle sal een word". was té dikwels uitgesonder vir studie. Lees ook die begin van die vers: "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe. en hulle sal een word". Niks is meer belangrik in die huwelik as om die belangrike aard van die verlaat- en eenwordingsproses te herken nie. God sê dat 'n man sy pa en ma moet verlaat. Hy moet saam met sy vrou lewe.

Wat leer hierdie woorde? Hulle is woorde omtrent die opbreek van iets wat tydelik is ten gunste daarvan om iets permanent saam te voeg. Die huwelik is die mees basiese eenheid in die samelewing. Miskien sal niks wat in hierdie boek gesê word. meer belangrik wees as dit nie. Die mees basiese gesinsverhouding is nie die ouer-kind-verhouding nie. maar eerder die man-vrou-verhouding. God het dit so ingestel. In Gen.2:2M sê die Here dat die man sy pa en ma moet verlaat. Hierdie verhouding moet effektief verbreek word [natuurlik nie geheel en al nie. maar effektief] sodat die oorspronklike verhouding wat bestaan het toe hy nog in die huis gewoon het. nie sal voortgaan nie. Wanneer 'n man trou, kan hy nie langer dieselfde verhouding met sy ouers handhaaf wat hy voorheen gehad het nie. Dit moet verander. Hy moet nou die hoof word van 'n nuwe besluitnemingseenheid wat ons die gesin noem. Hy kan met baie van die vorige bande met sy ouers nie meer voortgaan nie.

Alhoewel hy sy pa en ma moet verlaat. moet hy saam met sy vrou lewe: "Wat God saamgevoeg het. mag niemand skei nie." Anders as die ouer-kind-verhouding. is die man-vrou-verhouding permanent. Volgens die Skrif mag dit nooit verbreek word nie. Terwyl die ouer-kind-verhouding innig is, word dit nooit beskryf as "een word" of "kleef" [volgens die 1933-vertaling van die Afrikaanse Bybel] of "volmaakte ooreenstemming", of "niemand mag dit skei nie". Maar 'n man en vrou moet verenig en voortgaan om te lewe in eenheid van siel. gees en liggaam die res van hulle lewens. Niks, behalwe die dood. mag toegelaat word om daardie eenheid te verbreek nie. Dit moet permanent wees.

Die moderne samelewing het gefaal om hierdie belangrike onderskeid te ontdek. In ons samelewing het die ouer-kind-verhouding meer betekenisvol geword tot nadeel van beide die kinders én die huweliksmaats. En tog het God 'n man en vrou in die tuin geplaas. nie 'n ouer en kind nie. Hedendaagse ouers leef maar al te dikwels vir hulle kinders. Hulle word

aangespoor om die beste deel van hulle tyd. energie. geld en gedagtes aan hulle kinders te gee. Die tragedie van dit alles is dat deur dit te doen. kom hulle hul kinders ernstig te na. Baie soorte kwaad volg uit die poging om die ouer-kind-verhouding die belangrikste een te maak. Die gesinslewe kan nie die gevolglike lyding ontsnap nie. aangesien hierdie poging in direkte teenstelling met God se woord is. Die omkering van die verhouding maak op honderde maniere seer.

Ouers wat hulle lewens rondom hul kinders gebou het. eindig dikwels in ons beraadsentrum teen die tyd wanneer die laaste kind die huis verlaat. Aangesien hulle vir hul kinders geleef het al die jare. was hulle praat. hulle belangstellings. hulle skedules, trouens hulle hele lewensstruktuur rondom hulle kinders gebou. Dan. wanneer die kinders die huis verlaat, ontwaak hulle skielik met die feit dat al wat hulle oor het. mekaar is! Hulle sal die res van hul lewens met mekaar moet deurbring, en hulle vrees dit. Wat oorgebly het is twee vreemdelinge wat min of niks tussen hulle het nie. behalwe die kinders. Hulle het na al die jare gefaal om 'n huwelik te bou. Hulle huwelik was aanmekaar gehou deur die kinders. Hulle het slegs in een rigting gebou. Dit wat betekenisvol was in hulle huwelik. was sake rakende die kinders. Dit was waar geselskap en bedrywighede gesentreer was.

Die verkeerdste ding wat ouers aan hul kinders kan doen, is om hul lewens rondom hulle te bou. Op 'n muurplaat staan geskryf: "Die beste manier om 'n goeie vader vir jou kinders te wees is om 'n goeie man vir hulle moeder te wees." Dit is presies reg. Wat kinders moet sien is nie inskiklike ouers wat al hulle liefde en aandag op hulle verkwis nie. Dit is verkeerd [selfs vir die kinders se onthalwe] vir ouers om die leeueaandeel van hulle tyd en belangstellings [selfs hoofsaaklik] aan hulle kinders te spandeer. Kinders het eerder nodig om ouers te sien wat weet hoe om mekaar lief te hê en met mekaar saam te lewe. Dit is die kosbaarste geskenk wat ouers vir hul kinders kan gee. Hoe anders sal kinders leer om self gesonde huwelike te bou? Hulle het nodig om ouers te sien wat weet hoe om te leef soos <u>ouers</u>: maar selfs meer - <u>soos mans en vrouens</u>. Elke kind het ouers nodig wat omgee vir mekaar.

Wat gebeur met kinders wie se ouers hoofsaaklik vir hulle geleef het, wat die huis verlaat? As ma vir haar seun Jannie geleef het. sal sy dit moeilik vind om hom te laat gaan. Behalwe die gewone probleme wat vloei uit die skeiding. sal sy baie meer hê. Sy sal nie gewillig wees om hom te los nie. dus sal sy geneig wees om aan die een arm vas te hou terwyl sy vrou die ander neem. Jannie kan toelaat dat hulle hom aan stukkies trek in die worsteling met tragiese gevolge vir almal wat betrokke is. Die twee vrouens kan begin baklei. Of hulle mag ernstige griewe teenoor mekaar of teenoor Jannie ontwikkel. Hoekom is dit so dat grappies en strokiesprente handel oor mans en hulle skoonmoeders? Een rede mag wees dat dit die enigste verhouding is waaroor humoriste durf praat. Beraders het gevind dat die eintlike probleem selde tussen die man en sy skoonmoeder bestaan; dit is gewoonlik tussen die twee vrouens. Dit is waar bitterheid ontstaan. Dikwels is dit as gevolg van die oortreding van God se reëls omtrent verlaat en een word.

Wanneer 'n jongman toelaat dat hy uitmekaar geskeur word deur sy ma en vrou in plaas daarvan om aan God se Woord gehoorsaam te wees. ly almal. As hy verlaat en aankleef. ten spyte van wat sy sê. is dit altyd die beste vir sy ma, sowel as vir sy vrou en vir homself.

Hoe uiters belangrik is dit nie vir moeders om te weet wanneer om vir die kinders te vertel om die nes te verlaat nie. Hulle moet die kinders eers leer hoe om te vlieg en hulle dan uitstoot wanneer die tyd aanbreek. Dit is dus belangrik vir ouers om te verstaan dat die mees fundamentele verhouding bestaan tussen die man en die vrou. nie tussen die ouer en sy kind nie.

Miskien sal 'n woord aan jongmense gepas wees. As jy die beste vir jouself en vir jou ouers wil doen, dan sal jy nie so baie aandag en belangstelling van jou ouers eis nie. Jy sal nie so gretig wees om elke sekonde wat jy moontlik kan, uit jou ouers te pers nie. Hulle het maar

net sóveel tyd. Dit is nodig om 'n deel daarvan met mekaar deur te bring. Dit sal fantasties wees as party van julle nou en dan sal sê: "Ma en Pa. ek wil hê julle moet uitgaan en dinge op jul eie doen. Ek sal graag vir julle wil babasit." Julle behoort alles te doen wat julle kan om julle ouers te help om 'n bietjie tyd te vind vir mekaar. Dit is nodig dat hulle sommige dinge alleen doen. Nie alleen sal jou ouers daarby baat nie. maar op die lang duur sal jy. °°k grootliks daarby baat.

Wanneer die tyd aanbreek dat jy die huis moet verlaat. behoort hulle uit te sien daarna. Dit is reg: dit is hoe dit moet wees. Hulle sal weet dat jy in staat is om 'n nuwe lewe op jou eie te begin en hulle sal 'n lewe op hul eie hê wat hulle gretig is om uit te brei. Ouers behoort af en toe vir mekaar te sê: "Sal dit nie wonderlik wees wanneer die laaste een weg is nie. Dan kan ons meer tyd saam deurbring; ons sal uiteindelik weer regtig saam wees." Dit is die rigting waarin ouers behoort te dink. En hulle sal in hierdie rigting dink as hulle hul huwelik sien as die mees basiese en permanente verhouding in die lewe. Ander verhoudings kan slegs tydelik wees. God leen kinders vir 'n ruk lank aan ouers om hulle voor te berei vir die toekoms: dan moet hulle gaan. Hulle behoort 'n vreugde te wees. maar hulle kan nie die fondament van vreugde in 'n huwelik wees nie.

Hierdie punt is werklik van die uiterste belang. Hoe kan dit sterk genoeg gestel word? Mans en vrouens. vra uself hierdie vraag: Watter soort lewe sal u nóú hê, sou u kinders skielik van u weggeneem word? Sonder om doekies om te draai. watter soort lewe sal u as man en vrou saam hê? Wat het u regtig tussen u opgebou? Het u gemeenskaplike belangstellings? Doen u dinge saam? Vir watter gemeenskaplike belange beywer u u? Waaroor sal u praat wanneer u saans saam is? Wat is daar nou tussen die twee van u? Dit is die vraag. As u dit moeilik vind om te dink wat u sou sê of doen, dan moet u liewer onmiddellik aan die probleem begin werk. Voordat u besef sal u kinders die huis verlaat. Skielik is hy op kollege of universiteit - dan verskyn daardie meisie - en siedaar! Hy is weg. Of daardie ou maak sy verskyning en soos jy jou vinger klap, is sy weg. Dit sal net so gebeur. voordat u dit besef. En wanneer dit gebeur, gaan u alleen wees met mekaar. U kan daardie dag vrees, of daarna uitsien en planne maak daarvoor.

Voordat u verder lees, hou op en dink oor die saak. Miskien sal u ontdek dat dit nodig is om met u man daaroor te praat. Moontlik is dit nodig dat u met u vrou daaroor moet praat. Julle jongmense mag dalk wil huis toe gaan en liefdevol aan julle ouers sê: "Ma en Pa, julle weet dat ek julle binnekort gaan verlaat: my goed is al gepak. Wat kan ek op hierdie oomblik doen om julle te help om julle huwelik te verbeter. Wat kan ek doen?" Op hoeveel maniere gedurende 'n gegewe week kan jy instap en die twee 'n bietjie tyd alleen saam laat deurbring? Kan jy die maaltyd vir hulle voorberei? Kan jy later een aand, nadat jy geëet het, vir Ma en Pa alleen by kerslig bedien? Dink skeppend. Maar wag 'n bietjie. Het jy met louter ongeloof gereageer? Dink jy nie daar is nog 'n romantiese gevoel by Ma en Pa nie? As daar nie is nie, is dit miskien omdat hulle uitgedroog of afgemat is van swoeg vir julle kinders. Hoekom nie iets daaromtrent doen nie? Maak 'n paar opofferings. Verras hulle. Laat hulle weet dat jy omgee.

En Ma en Pa, dink oor hierdie saak. Pa, wanneer laas het jy alleen saam met jou vrou iets gedoen? Wanneer was dit? En die tyd vóór dit? Hoe lank was die tydperk tussen hierdie twee datums? Is daar enigiets wat u gereeld doen? Een man en vrou wat saam 'n bietjie wou wegkom. het uitgevind dat hulle hul toevlug moes neem tot sulke ongewone uitweë soos om op Saterdae-oggende vir ontbyt uit te gaan. Wat dit ookal verg. ouers moet die tyd vind vir mekaar. Die verpligtinge om toe te sien dat dit gebeur. val beslis sterk op die man as die hoof van die huis, aangesien. opsommenderwys, Christus dit u werk gemaak het [soos ons later sal sien] om toe te sien dat die regte dinge in u huis gebeur. Dit is dus van die uiterste belang vir u om toe te sien dat die verhoudings in u huis Bybels is. As u. wanneer u hierdie saak oordink. vind dat iets verkeerd is, hoekom neem u nie u vrou vanaand uit vir ete en bespreek hierdie vraagstuk met haar nie?

**VERSPREIDING VAN DIE GESIN SE TYD EN BELANGSTELLINGS**

Vul in die spasies hieronder die hoeveelheid tyd en aantal belange. by benadering. wat u aan u lewensmaat en kinders toewy. Kwantitatiewe faktore is slegs één reël waardeur bepaal kan word of u tyd en belangstellings reg versprei word. Dit is belangrik om die kwaliteit van die tyd en die items van belangstellings wat u invul. te beoordeel.

| **TYD Toegewy aan** | | **BELANGSTELLINGS in gemeen met** | |
|---|---|---|---|
| Man/vrou | Kinders | Man/vrou | Kinders |
| Weeksdae | | | |
| Naweke | | . | |
| Waar nodig, kan u nou op 'n aparte vel papier u skedule op 'n meer Bybelse manier verwerk. Wanneer u klaar is, moet u met u man of u vrou oor die saak gesels en wys vir hom of haar u voorstelle | | | |

# HOOFSTUK 5

## *ONGETROUDE PERSONE*

### Om 'n maat te vind

Dit is duidelik dat God in sy Woord die huwelik as die normale staat vir volwassenes voorhou. Dit was nie God se bedoeling dat Adam 'n ongetroude persoon moes bly toe Hy hom in die tuin geplaas het nie. Nadat Hy vir Adam geskape het, het God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie." Daarom is dit nie verkeerd vir 'n ongetroude persoon om te begeer of daarna te streef om getroud te wees nie; dit is soos God dit ingestel het. Elke individu besit sy eie gawe van God, of dit nou is om die getroude of ongetroude lewe te lei. As iemand aan wie laasgenoemde gawe gegee is, graag getroud wil wees, of ontevrede is met sy lot, dan sondig hy, net soos wanneer iemand aan wie die gawe van die getroude lewe gegee is, faal om hierdie gawe te beoefen. Elkeen moet uitvind wat die gawe is wat Hy van God ontvang het en daarvolgens lewe. God se gawes word nie onwillekeurig gegee nie; hulle is ook nie gegee op so 'n manier dat die keuse om dit te gebruik by ons lê nie. Soos dit ontdek word, moet hulle ontwikkel en ten volle gebruik word in sy diens en tot sy eer. God deel sy gawes uit vir sy doeleindes en vir die welsyn van sy mense. Sy soewereine administrasie van hierdie gawes moet deur sy mense erken word as reg en gepas, selfs wanneer hulle nie die goed daarvan kan raaksien nie. "Ons weet dat God alles [selfs gawes vir die huwelik en vir die ongetroude persoon] ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is." [Rom. 8:28]

Ongetroude Christene rebelleer dikwels teen hulle staat. Hulle wil getroud wees en betreur hulle ongehude staat. Wat kan aan hierdie situasie wat maar te dikwels voorkom gedoen word? Verskillende dinge: Eerstens moet die kerk erken dat daar by verre te min gedoen is om uiteenlopende, betekenisvolle kontakte vir jong ongetroude persone te voorsien. In haar berou behoort die kerk die "vrugte te dra wat wys dat sy bekeer is", deur te begin om baie meer te doen vir alleenlopendes. Die moontlikheid om klein wegkomkansies, saamtrekke en intergemeentelike byeenkomste te hou, moet ondersoek word - selfs voorsiening vir dienste waar Christene afsprake maak met mekaar, en 'n menigte van ander kreatiewe maniere om jong ongetroude persone te help om geskikte maats te kry. Ouers behoort ook 'n verpligting te hê om te help. Daar kan miskien reëlings van uiteenlopende aard getref word deur gesinne deur middel waarvan kinders mekaar kan ontmoet. [Let op na die vader se prominente rol in 1 Kor.7:36 vv.] dit is hoog tyd dat baie meer gedoen word.

Maar wat van die ongetroude persoon self [man of vrou]? Wat presies, kan 'n jong ongetroude Christenvrou doen? Dit is 'n praktiese probleem wat direk aangepak moet word.
Eerstens moet sy haar gawes ontdek. Sy mag haar gawes ondersoek terwyl sy die besonderhede wat in 1 Korinthiërs 7 genoem word en wat die ongehude staat in tye van vervolging aanbeveel [sien verse 26, 29], noukeurig volg en fokus op haar begeerte [sien vv. 2, 8, 9).
In die meeste gevalle sal die meisie die gawe van die getroude staat hê, aangesien die huwelik die normale staat is in tye waar daar nie 'n noodtoestand is nie. In daardie geval behoort sy die gawe te ontwikkel en te gebruik. Daar sal nou-nou meer hieroor gesê word. As sy die gawe gegee is om ongetroud te bly, moet sy gewillig wees om dit te doen en uit te kyk vir die werk in die Here se wingerd wat Hy ongetwyfeld vir haar het. Sy moet nie die toekoms vrees of beangs daarna kyk nie, maar bewus wees daarvan dat die Here nooit sy kinders roep sonder om vir hulle die hulp te voorsien wat hulle nodig het om sy wil te doen asook die vermoë om gelukkig te wees nie.

Maar wat van die meisie, nou ses- of sewe-en-twintig, wat verlang om getroud te wees, maar nog nie daardie Christenman gevind het nie? Wat moet sy doen? As sy reeds vasgestel het dat sy na die beste van haar wete die gawe van die huwelik het, moet sy ten minste drie dinge doen:

## 1. Bid oor die saak.

U protesteer: "Ek het gebid! Waaroor dink u bid ek al die tyd?" Ek weet u het gebid - maar eindig dit daar? Jong Christenvroue ontwikkel so dikwels 'n onskriftuurlike houding teenoor gebed. Hulle dink hulle moet op gebed en gebed alleen staatmaak; enige verdere aksie van hulle kant sal "ongeestelik" wees. Wanneer u vir u daaglikse brood bid, sit u dan terug onder 'n boom [met arms gevou) en wag daarvoor om uit die lug te val op 'n valskerm? "Nee, natuurlik nie", sal u antwoord. Goed dan. As u bid en dan gaan werk, ontvang u u daaglikse brood as 'n antwoord op u gebed. God gee gewoonlik sulke antwoorde deur [en nie apart van] u werk. In effek beteken u gebed "Here, gee vir my die geleentheid om te werk, die gesondheid om te werk en seën my werk." Gebed moet dus gepaard gaan met 'n poging: "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie." [II Thess.3:10] Dit is waar, selfs as hy bid: "Gee vir my vandag my daaglikse brood." Dieselfde is waar vir 'n ongetroude vrou wat graag wil trou. Sy behoort te bid, maar sy moet ook werk om 'n man te vind. Al hierdie dinge lei tot twee verdere faktore.

## 2. Berei uself voor vir 'n huwelik.

As u redelik seker is dat God vir u gawes vir die huwelik gegee het, begin dan om hierdie gawes te ontwikkel. Dit beteken ten minste drie dinge. Eerstens, ontwikkel u vermoëns om huishoudelike pligte te vervul na die beste van u vermoë. Leer om te kook en naaldwerk te doen, bring tyd met kinders deur en so aan. Tweedens, leer hoe om fisies so aantreklik as moontlik te wees. As dit vir u nodig is om op 'n dieet te gaan, doen dit; as u nie weet hoe om klere te kies wat die beste by u pas nie, of om u hare te doen soos u behoort te doen nie.

leer om dit te doen. Maar moenie behep raak met die kwessie van fisiese aantreklikheid nie. U moet so aantreklik as moontlik wees ['n bruid moet versier wees vir haar man] [Vgl. Openb.21:2 en Openb.19:7.B waar die bruid beskryf word as "gereed vir haar man"], maar u moet nie alles in fisiese skoonheid belê nie. Lees veral Spreuke 31:30 en 1 Petrus 3:3-5. Dit lei na die derde en belangrikste punt van almal: ontwikkel u Christelike persoonlikheid. U moet 'n sprankelende Christenvrou word. 'n Lewendige Christen, wat daardie verborge skoonheid van die hart uitstraal, is meer aantreklik vir die regte soort Christenman [die enigste soort wat u wil hê] as die opvallende skoonheid wat leeg is van binne. 'n Vrou wat haar huishoudelike vermoëns ontwikkel, wat redelik aantreklik is en wat 'n sprankelende Christen is, is in haar eie reg 'n onweerstaanbare persoon!

## 3. Beweeg na u doelwit.

"Wat?" vra u, "moet ek iets doen om 'n man te vind?" Laat my in antwoord hierop vra: "Behoort u iets te doen om u daaglikse brood te verdien?" 'n Sekretaresse bid nie alleen vir werk en berei haarself voor om 'n geskikte sekretaresse te word nie, sy soek ook 'n werk! U moet 'n man soek!

Hoe? Dit is die groot vraag. Laat my u eers waarsku. Moenie by die ongetroude vrou se klaegroep, waar ander gaan om hulle noodlot te beklae maar niks daaraan doen nie, aansluit nie. Sulke praatjies veroorsaak bitterheid, wanhoop en neerslagtigheid. U het nie tyd vir so iets nie: u het werk om te doen. As u reeds aan hierdie groep behoort, los dit onmiddellik.

Gaan waar Christenmans is. Kies 'n werk wat vir u in kontak met Christenmans sal bring, selfs al verdien u minder geld daar as u huidige werk. Woon byeenkomste en Bybelkonferensies by wat geleenthede bied om Christenmans te ontmoet. Dit moet natuurlik nie u enigste [of selfs belangrikste] doel wees waarom u deelneem nie: tog is daar geen rede hoekom dit nie een doel en een rede in besonder kan wees om hierdie tipe Christen-samesyn en ondervinding te kies terwyl u leer nie.
Miskien moet u inskryf by 'n Christelike kollege. "Wat? Kollege toe gaan om 'n man te kry? Is dit nie 'n onwaardige motief nie?" Hierdie motief behoort hoog op die lys van redes te wees hoekom 'n vrou 'n Christelike kollege sal bywoon. Vra u predikant om vir u te help om uit te vind waar Christenmans is. Hy mag selfs weet van Christenmans wat soek vir geskikte Christenvrouens. Die woord moet rondgaan tussen Christengesinne in u kerk. Hulle mag in 'n posisie wees om u uit te nooi na hul huise saam met geskikte jong mans. Praat met getroude vroue wie se Christelike getuienis u respekteer, veral hulle wat later in hul lewe getroud is; en vra hulle hoe hulle hul probleem opgelos het. U mag baie waardevolle advies kry.

Wat u ookal doen, doen iets omtrent u situasie. Wees verseker dat dit wat u doen God eer en in ooreenstemming is met sy Woord. Daar is alle rede om te verwag dat as God waarlik vir u die gawe van die huwelik gegee het, en u u huishoudelike vaardighede ontwikkel het en alles gedoen het wat u kan om uself aantreklik te maak, lewenskragtig en beskikbaar - alles in 'n gees van gebed - Hy vir u die regte man op die regte tyd sal stuur. Dan kan u ontspan in stille vertroue en wag vir God om te werk.

Hy wil u dalk nog voorberei op maniere wat u nie verstaan nie. Daar mag nog teleurstellings wees na verwagtings; maar as u weet dat u alles gedoen het wat u kan en dat u die res biddend in God se wyse hande gelaat het, kan u versekerd wees dat die uitkoms Hom sal eer en u sal seën.

Om op te som dan: ontdek u gawes, ontwikkel u gawes en vertoon u gawes.

## Die mite van verenigbaarheid

Verenigbaarheid is 'n gevaarlike woord. Dit kom nie in die Skrif voor nie en die konsep - soos dit normaalweg in die hedendaagse skryfwyse voorkom en ook in die populêre manier van praat gebruik word - is heeltemal misleidend en onskriftuurlik. Die gewone konsep van verenigbaarheid, wanneer dit nagevolg word deur Christene en nie-Christene ook, kan vernietigende gevolge hê.

Wat word verstaan onder verenigbaarheid? Gewoonweg wanneer mens die woord in moderne spreektaal gebruik, bedoel hy dat twee persone persoonlikhede, belangstellings of agtergronde het wat verenigbaar is en dat hulle daarom 'n beter kans het om 'n goeie huwelik aan te gaan as wanneer hierdie elemente in elkeen die teenoorgestelde sou wees. Daar is geen bewys in die Skrif dat dit waar is nie. Om te dink dat, omdat sosio-ekonomiese vlakke dieselfde is of omdat altwee persone van tennis hou of omdat altwee se vaders grys flannel pakke werk toe dra, hierdie faktore vir 'n jong paartjie die aanmoediging is om te trou, is 'n idee sonder Bybelse grondslag. Die hete konsep van verenigbaarheid moet op Bybelse gronde herondersoek word.

Die Bybelse feit is dat geen twee persone verenigbaar is nie, afgesien daarvan of hulle agtergrond dieselfde is of nie. Ons is almal as sondaars gebore, en dit beteken dat ons van nature onverenigbaar is. Vir twee mense om verenigbaar te word in die ware sin van die woord, beteken dat hulle eers moet Christene word en hard moet werk [deur God se

genade] om verenigbaar te word. Mense word nie verenigbaar gebore nie, hulle word slegs verenigbaar deur die heiligmakende werking van die Heilige Gees in hul lewens.

Hoe sal mens dan weet hoe om 'n maat te vind? Daar is slegs twee absoluut noodsaaklike vereistes: eerstens dat die ander persoon ook 'n Christen is en tweedens dat die twee van u nie slegs begeer nie, maar in 'n toenemende mate bewys lewer van 'n vermoë om probleme tesame volgens God se Woord en op God se manier te trotseer, daaroor te praat en dit op te los. Sosio-ekonomiese, etniese, kronologiese en ander faktore mag tereg hulle plek in die prentjie hê as minder belangrike sake van voorkeur, maar hulle is geensins noodsaaklikhede nie. Dit is inderdaad versiersuiker op die koek. Die een faktor - behalwe verlossing - wat werklik essensieel is, is die vermoë om probleme op 'n Bybelse manier op te los. Met hierdie vermoë is dit vir mense met 'n taamlik uiteenlopende agtergrond moontlik om hulle eie lewens intens te verryk. Verskil [of ooreenkoms] is 'n saak van voorkeur, nie 'n vereiste nie. Maar afgesien van die begeerte en vermoë om moeilikhede Skriftuurlik op te los, sal presies eenderse agtergronde nie twee sondige mense verenigbaar maak nie.

Daarom, voordat u enige verpligting aangaan, toets uself aan die suurproef: kan ons tesame die probleme wat ons in die gesig staar, uitwerk soos Christene dit behoort te doen? Niks is méér essensieel as dit nie. Deur die jare heen sal u steeds sulke moeilikhede teëkom. Die essensiële vraag dan sal nie wees of altwee vaders Volkswagens of Chryslers bestuur nie, maar dit sal wees: "Kan ons probleme tesame oplos op God se manier?" Vermy enige potensiële huweliksmaat wat dit wil vermy om probleme op te los, wat probleme wil kleiner maak as wat dit is, wat ander mense se oplossings wil volg of wat nie saam met u kan werk om Bybelse beginsels te gebruik om God-vererende antwoorde te verkry nie. As daar nie 'n duidelike aanduiding is dat hierdie Bybelse probleemoplossingsfaktor teenwoordig is en belofte toon vir verdere groei nie, wees versigtig. As daar geen bewys is dat dit teenwoordig is en daar ook geen verandering is nie, staak die trouplanne voorlopig en vertel vir die ander persoon hoekom u dit gedoen het. As daar steeds geen begeerte is om te verander wat betref die oplossing van 'n probleem op 'n Bybelse manier nie, begin soek op 'n ander plek.

As die begeerte om probleme op 'n Bybelse manier op te los teenwoordig is, maar die vermoë om dit te doen ontbreek, mag een van die volgende twee verklarings beskryf wat besig is om te gebeur: [1] Òf die ander party begeer nie regtig om te leer hoe om probleme op God se manier op te los nie, òf as die begeerte daar is, het hy of sy nie genoeg motivering om sake deur te voer totdat daar 'n verandering is nie. Weer eens, as dit die situasie is, moenie betrokke raak nie behalwe as daar 'n werklike verandering plaasvind en gevolglike groei in probleemoplossing duidelik is. [2] Die ander party mag dalk nie weet wat om te doen om te verander nie. Hier sal deeglike onderhandeling, wedersydse pogings, ensovoorts, uiteindelik seëvier. In hierdie geval moet u geduldig wees, hard aan die probleme werk en alle moontlike beskikbare hulp kry. Nietemin, moenie enige verpligtinge aangaan totdat die verandering plaasgevind het en daar elemente van groei is nie. Onthou dat wanneer God aan die werk is, gee Hy nie net die begeerte nie, maar ook die vermoë om dit deur te voer [sien Fil. 2:13: II Kor. 8:10).

Hierdie dinge mag natuurlik almal op uself van toepassing wees. Totdat u nie ook die begeerte het en basies "weet hoe", en reeds werk aan Bybelse probleemoplossing in al u verhoudings in die lewe nie, is u nog nie gereed vir 'n huwelik nie.

## DIE ONGETROUDE PERSOON SE PERSOONLIKE INVENTARIS

Maak nou in die spasies hieronder 'n eerlike waardasie van u persoonlike kwalifikasies vir die huwelik en maak 'n lys van voorstelle oor wat u as Christen kan doen om uself voor te berei vir 'n huwelik.

| | |
|---|---|
| SOOS EK NOU IS | |
| SOOS GOD MY WIL HÊ | |
| HOE EK KAN WORD SOOS EK MOET WEES | MOET WEES |
| Dink veral aan die volgende terrein: | |
| GEBED | |
| VOORBEREIDING VIR DIE HUWELIK<br>Huishoudelik<br>Fisies<br>Christelike persoonlikheid | |
| VORDERING NA DIE DOEL | |

## KRITERIA VIR 'N HUWELIK

Is ........................................................ gered? Ja Nee Nie seker nie

'n Huwelik mag nie plaasvind as u nie met oorgawe kan JA antwoord nie.

Begeer................................................ en ek regtig om probleme op God se manier op te los? Ja Nee Nie seker nie.

Weer eens, is 'n huwelik nie aan te beveel totdat u met oorgawe Ja kan aftik nie.

**WERKSKEDULE**

Maak hieronder 'n lys van ten minste vyf probleme wat u saam opgelos het op God se manier. Dit behoort probleme te wees waar u meningsverskille gehad het, moeilike besluite om te maak, argumente, of 'n persoonlike stryd gehad het om te oorwin.

| Probleem | Oplossing | Hoe is dit bereik |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

# HOOFSTUK 6

## *'N WOORD AAN DIE VROUENS*

Die bespreking van die vierde hoofstuk van Efesiërs was nodig, nie net om kommunikasie te bestudeer nie, maar ook omdat die vyfde hoofstuk benader moet word deur die vierde hoofstuk. Die belangrikheid van kommunikasie tussen mans en vrouens wat saam wil funksioneer soos Christus en sy kerk behoort te funksioneer, moet nie gering geskat word nie. Sonder kommunikasie kan hulle nie hul rolle en verhoudings in die huis na behore vervul nie.

Nêrens elders in die Skrif word die rolle van mans en vrouens in soveel besonderhede beskryf soos in Efesiërs 5 nie. Hierdie is die beslissende verse wat, gebaseer op die skeppingswette, die Christen se konsep van die huwelik verbreed. Daar is twee afdelings in hierdie gedeelte: verse 22-24 en verse 25-33. Ons sal in hierdie hoofstuk aandag gee aan die eerste afdeling. Dit is God se Woord aan die vrouens, wat voldoende behoort te wees.

Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is, die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees. - Ef.5:22-24

Tydens beraad het ons byna sonder uitsondering gevind dat wanneer daar ander ernstige probleme in 'n huwelik is, daar ook die probleem was van die mislukking van die man-vrou-rol wat gewoonlik die vorm van rolomruiling aanneem. Die man-vrou-rolle soos Paulus dit in hierdie verse omlyn, was nie nagevolg nie. Wanneer dit nie gedoen word nie, maak dit nie alleen die oplos van ander probleme moeilik nie, maar dit word vanself die oorsprong van bykomende probleme. Die vernietigende proses sit homself voort.

Wanneer ander onopgeloste probleme in 'n huweliksverhouding kom, lyk dit asof man-vrou-rolle in die lug opgegooi word en soos 'n mengelslaai afkom. Op die ou end word 'n paar rolle deur die man toegeëien en 'n paar deur die vrou, in 'n tydelike, ongemaklike, onvergenoegde en onbevredigende wapenstilstand. Die omkering van rolle lei dan tot verdere probleme wat dikwels na verdere omkering lei, ad infinitum. Dit is dus belangrik om die korrekte rol van elke huweliksvennoot te verstaan en hoe om dit te ontwikkel en te behou in 'n Christenhuis.

Die kern van hierdie woorde aan die mans en vrouens kan vinnig bereik word deur twee vrae te vra: Mans, het julle jul vrouens lief genoeg om vir hulle te sterf? Vrouens, het julle jul mans lief genoeg om vir hulle te leef?

Dit is waaroor die laaste deel van Efesiërs 5 gaan. Die man moet leer om sy vrou lief te hê soos Jesus Christus sy kerk liefhet. 'n Man behoort, as dit nodig sou wees, gewillig te wees om sy lewe vir sy vrou te gee. Aan die ander kant, behoort 'n vrou haar man so lief te hê dat sy gewillig sal wees om vir hom te <u>leef</u>. Sy moet gewillig wees om haar lewe daaraan te wy om sy helper te wees. Dit behels om vir hom te lewe net soos dit van die kerk vereis word om vir Jesus Christus te lewe. Wel, dit is altwee baie groot vereistes. Dit is nie maklik nie; tog is dit die vereiste wat God neergelê het in hierdie gedeelte. Hy wat die vereistes vir elke rol neergelê het, weet ook hoe om ons te help om aan daardie vereistes te voldoen.

Vrouens, God verwag van u om u mans so lief te hê dat u u gewilliglik aan hulle sal onderwerp, net soos die kerk aan die Here onderworpe moet wees. U mag beswaar maak: "Nou wag 'n bietjie. Moenie vir my vertel u gaan regtig daardie pad loop nie! Probeer u sê

dat u op hierdie laat stadium in die wêreld se geskiedenis al daardie ou woorde van Paulus aan ons gaan opdis? Gaan u vir ons probeer vertel dat vrouens vandag daardie lewe behoort te lei? Probeer u sê dat in hierdie dae van "Woman's Lib" u dit waag om só met vrouens te praat? Weet u nie dat hierdie gedeelte ontstaan het uit 'n antieke, agterlike kultuur nie? Ons leef nie in die Ooste waar vrouens drie treë agter hul mans loop nie. Kom by! Ons leef in 'n moderne wêreld! U kan nie regtig bedoel wat u skynbaar sê nie, kan u?" Ja, ek bedoel dit. U mag verder antwoord: "Wel, dan was so 'n onderrig nie slegs beperk tot 'n spesifieke kultuur wat betref tyd en ruimte nie, maar onthou dit het afgestam van Paulus, daardie ou vrygesel. Dit was Paulus se fout dat hierdie soort van denkwyse ooit in omloop gekom het. In elk geval het Paulus skaars geweet waarvan hy praat. Hy was óf getroud een of ander tyd toe hy 'n lid van die Sanhedrin geword het, maar sy vrou is dood en hy het vergeet wát die getroude lewe is, óf hy was altyd 'n vrygesel en was op een of ander manier aanvaar as 'n uitsondering. Wat ookal die geval, toe hy hieroor geskryf het, het hy nie geweet wat die huwelik behels nie. Hy het geskryf as 'n ongetroude man." Sulke praatjies is egter hoogs gevaarlik. Efesiërs 5 is die geïnspireerde Woord van God. Paulus het geskryf onder die beweegkrag van die Gees. Dames, wanneer die hare op u rug begin rys en u begin u naels wys, moenie vir my blameer nie; moenie vir Paulus blameer nie, dit is God se Woord.

Om die waarheid te sê, is baie lasterpraatjies teen Paulus ingebring. Dit is 'n skande - nie vir Paulus nie, maar vir die Christenvrouens wat praat sonder om te dink. Geen skrywer in die Nuwe Testament sê mooier dinge van vrouens as die apostel Paulus nie. Ek wil u aanmoedig om van tyd tot tyd na sy briewe te kyk. Kyk byvoorbeeld na die laaste hoofstukke van die boek Romeine. Let op in ander briewe wanneer hy waarderend van mense praat, hoe dikwels hy die vrouens lof toeswaai. Hy moes baie vrouens as goeie vriendinne gehad het; klaarblyklik het vrouens in sy dag baie van hom gedink. Om Paulus 'n vrouehater of 'n vrygesel wat niks van 'n huwelik weet nie, te noem, is om sy woorde en gedagtes totaal verkeerd te verstaan.

Paulus het vrouens lief gehad. Hy was nie gemotiveer deur 'n strydlustige gees om hierdie woorde te skryf of daardie wat hy geskryf het aan die Korinthiërs of aan Timoteus [1 Kor.14; 1 Tim.2] nie. Hy het 'n groter rede gehad om te sê wat hy gesê het. Ons kan dus nie hierdie woorde oor die hoof sien as dié van 'n verrimpelde ou vrygesel nie. Ook kan hulle nie oor die hoof gesien word as kultuurgebonde woorde nie. Paulus is konsekwent met sy sienings omtrent vrouens. Wanneer hy gepleit het vir die ondergeskikte rol van vrouens in I Korinthiërs en I Timoteus, het hy nie sy argument gebaseer op die sedes van sy kultuur nie. Hy gaan eerder terug na die skepping en die sondeval. Hy het gesê: "Die man was <u>eerste</u> geskape en toe die vrou." Hy wys daarop dat die man nie vir die vrou geskape was nie, maar die vrou vir die man. Hy doen 'n beroep op die orde van die skepping. Paulus het klaarblyklik op die Genesis-beskrywing gesteun, waar die orde van die skepping baie eenvoudig weergegee word. Paulus het nie nodig gehad om hom te beroep op die Mediterreense kultuur of die Ooste of Griekeland of Rome nie. Hy het hom op die skepping self beroep, op die manier waarop God die rolle aan die begin ingedeel het.

Hy het 'n tweede rede bygevoeg. In I Tim.2 het hy opgemerk dat die vrou nie net onderdanig is aan die man weens die orde van die skepping nie, maar hy wys ook daarop dat dit nie die man was nie, maar die vrou wat eerste gesondig het. Hy beroep hom op die orde in die sondeval en op die verklaring van God aan Eva na die sondeval: "Jou man sal oor jou heers." Op daardie twee basiese verklarings het Paulus sy bespreking van die man-vrou-rolle gebaseer. Die man was eerste geskape en die vrou was geskape om sy helper te wees. As gevolg van wat Eva gedoen het, het God ook verklaar dat mans oor hul vrouens moet heers. Dit was dus nie oor kulturele oorwegings nie, maar op die mees basiese faktore van alles - skepping en die sondeval - wat Paulus sy bespreking in Efesiërs 5 gebaseer het. Niks minder, niks anders, niks meer as Dit is agter sy woorde wat betref onderdanigheid nie. Nadat sodanige besware uit die weg geruim is, sal dit nou moontlik wees om die gedeelte

sorgvuldig te oordink, tesame met sy hedendaagse implikasies. Moet egter nie haastig tot gevolgtrekkings kom nie. U mag aangenaam verras wees oor wat Bybelse onderdanigheid regtig beteken.

Paulus begin met hierdie woorde: "Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is." Dit is 'n sterk stelling. Op dieselfde manier as wat u aan die Here onderdanig sal wees, moet u strewe om aan u man onderdanig te wees. Hy vervolg: "Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is." Christus heers oor sy kerk; Hy is die hoof daarvan. Hy gee rigting daaraan en spreek dit met outoriteit aan. Ten slotte verduidelik hy, "Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees." Mense het probeer om dit anders te lees. Hulle het probeer om dit minder reguit te interpreteer. Hulle het dit verdraai en geïgnoreer. Maar daar is geen manier om weg te kom van die duidelike bedoeling van hierdie woorde nie, hoe u dit ookal sien. In daardie drie sinne vertel Paulus vir die vrouens oor en oor dat hulle hul ondergeskik moet stel aan die gesag en heerskappy van hul mans in die huis. Hulle moet onderdanig wees. Op 'n ander plek in die Skrif word dieselfde boodskap deur Petrus wat 'n getroude man was, herhaal [I Petrus 3:1 e.v.]. Niemand kan Petrus daarvan beskuldig dat hy 'n vrouehater was nie.

U moet verstaan wat onderdanigheid beteken, aangesien u die gebod moet gehoorsaam of u daarvan hou of nie. Dit beteken IJ, Christenvrou: u moet u man gehoorsaam: Christus sê dat u moet. Daar is geen keuse omtrent die saak nie. Hy sê nie dat dit vir u lekker sal wees om dit te doen nie. Hy sê dat u gehoorsaam moet wees. U moet gehoorsaam wees, nie primêr vir die voordele wat u en u man gaan geniet nie, maar om die verhouding tussen Jesus Christus en sy Kerk uit te beeld. U moet ten alle koste sorgdra dat u nie hierdie verhouding verkeerd voorstel nie. U kan nie as 'n voorbeeld dien van die liefde wat die kerk vir Jesus Christus moet hê as u nie daardie soort liefde vir u man in u hart het nie. En as resultaat dáárvan moet dit in u onderdanige lewe gesien word.

U mag dink dit is 'n bietjie baie gevra. Dit is. U ergste vrees, naamlik dat Paulus regtig vir u sal vertel dat u u man moet gehoorsaam, mag bevestig wees. Oor en oor herhaal Paulus die noodsaaklikheid van onderdanigheid. Hoekom hou hy aan om dit te sê? Omdat baie mense aanhou om dit nie te hoor nie. Dit is moontlik waarom Paulus dit drie keer gesê het in drie verse op drie verskillende maniere. Hy het dit onderstreep sodat sy lesers dit moet snap. Daar is geen manier om daaruit los te kom of daarby verby te kom nie. U kan dit nie doen nie. U sal daarmee moet saamleef, daarvolgens moet leef en daarin moet leef. So laat ons dit probeer verstaan.

Om mee te begin, is daar 'n paar misverstande wat uit die weg geruim moet word. Onderdanigheid skakel nie vryheid uit nie, dit maak plek daarvoor. Wanneer is die trein meer vry - as dit oor die bult spring van die spoor af, of wanneer dit gladweg op die spoor loop, ingeperk, of beperk as u wil, tot die spoor. Dit is vryer as dit is waar dit behoort te wees, besig om te doen wat dit bedoel was om te doen. <u>Beperk</u> tot die spoorlyn, beteken vryheid. Wat bring werklik vryheid? Om op die regte spoor te kom. Wanneer is 'n persoon vryer om 'n klavier of 'n orrel te bespeel? Is hy meer vry om 'n musiekinstrument te leer speel as hy sê: "Vergeet die reëls en die wette van harmonie, die chromatiese toonleer, ensovoorts?" Hy is nie vry wanneer hy sê: "Vergeet alles" nie, maar eerder wanneer hy die lang, moeilike ure deurbring om sy toonlere te oefen. U vra: "Hoe is dit moontlik?" Die een wat by die orrel sit en sê: "Vergeet die boek en vergeet die oefen" is nie vry nie. Hy stel die registers, sit een voet neer met 'n vreeslike slag. Dan kom sy hande soos donderweer neer - met 'n geskreeu en gebulder en gegrom. Die resultaat? Louter wanklanke! Geraas! Hy kan nie orrel speel nie. Hy is nie vry om musiek te maak nie. Daardie man is nie vry nie; hy is gebind deur sy eie onkunde, gebind deur sy eie gebrek aan vaardigheid, gebind deur die feit dat hy nie die ure bestee het wat nodig is om te leer hoe om musiek te maak nie. Maar die man wat die lang, harde pad van beperking neem, wat werk binne die struktuur, arriveer eindelik by die

punt waar hy die boeke kan weggooi en sy eie musiek kan skryf. Vryheid in God se wêreld, kom nooit los van strukture nie. Wanneer mens vry is om te leef soos God bedoel het, is hy waarlik vry. Ons hoor deesdae baie van die vrou se vrymaking. Hier is die pad van ware vrymaking vir 'n vrou: onderdanigheid. Onderdanigheid laat toe dat sy op die spoor kan hardloop; dit laat haar toe om pragtige musiek in haar huis te maak.

Wanneer u doen wat God bedoel het dat 'n vrou moet doen, wanneer u is wat God bedoel dat 'n vrou moet wees, dit is wanneer u waarlik vry sal wees. In God se ronde wêreld kan 'n mens nie leef soos 'n vierkant sonder dat jou hoeke afgekap word nie. Dit gaan net eenvoudig nie werk nie. Jy kan probeer om uit fatsoen te leef. Jy kan probeer om oor die veld te hop van spoor af. U kan probeer om voor die orrel te sit en te speel sonder om u aan die reëls te steur [wat u verkeerdelik vryheid kan noem], maar u sal nie vry wees nie.

Die beginsel van onderdanigheid loop deur die hele lewe. Dit het betrekking op verhoudinge binne in die kerk, sowel as in die huis [lees I Tim.2:1 1-15: I Kor.14:34. 35]. 'n Vrou behoort nooit 'n posisie van outoriteit bó 'n man te beklee, as onderwyser of regeerder nie. Aldus word die twee pligte van 'n ouderling haar ontsê. Dit word nie gesê op kulturele grondslag nie, maar op die basis van die orde van die skepping en die omstandighede van die sondeval.

Wat behels onderdanigheid? Dit is die belangrikste probleem wat opgelos moet word. Verdraaide sienings is algemeen en moet reggestel word. Christene het self hierdie punt in die Skrif verkeerd vertolk. Dit het laste op vrouens geplaas wat die Bybel nooit bedoel het nie. Dit het gawes vernietig en 'n bediening kragteloos gemaak wat groot blydskap in huise kon bring en 'n ryke seën vir die kerk kon wees. 'n Ware prentjie van waarvan die Bybel praat as dit van onderdanigheid praat, is dus noodsaaklik.

Een idee van onderdanigheid wat wyd verspreid is, is dat onderdanigheid die vrou verlaag tot 'n stuk eiendom, sy word deur haar man besit en deur hom bestuur. Sy moet voor hom buig, sonder om ooit 'n voorstel of beswaar van haar eie te maak. Sy mag nie haar mond oopmaak of haar verstand gebruik nie. Sy moet sy bevele uitvoer sonder vraag of voorstel.

Dit is nie 'n Bybelse prentjie nie. Dit mag 'n Islamitiese prentjie wees; dit mag 'n ou Japannese prentjie wees; maar dit is nie 'n prentjie wat uit die Bybel kom nie. Daardie prentjie laat geheel en al na om die Bybelse begrip van onderdanigheid weer te gee. Volgens die Bybel is die vrou nie veronderstel om onder die hak van haar man verbrysel te word nie. Haar Godgegewe gawes mag nie geïgnoreer of onderdruk word nie. Dit is inderdaad presies die teenoorgestelde prentjie wat in die Bybel voorkom.

Om dít te verstaan, laat ons eerstens kyk na 'n beslissende gedeelte wat die man se rol as hoof verduidelik. I Tim. 3:4, 5. In hierdie deel van die brief bespreek Paulus die vereistes vir ouderlinge. Ouderlinge moet gekies word uit mense in die kerk wat 'n voorbeeld is van wat God van ons almal verwag. Hoe lyk so 'n man? Een ding, sê Paulus, is dat hy 'n goeie man en vader moet wees. As hy nie Christenleierskap kan uitoefen as hoof van sy huis nie, sal hy nie in staat wees om goed te regeer in die kerk nie. Hoe lyk goeie leierskap in die huis? Paulus sê dat dit daaruit bestaan dat hy sy eie huishouding goed bestuur en sy kinders met waardigheid onder beheer hou.

Die sleutelwoord in hierdie beskrywing van suksesvolle hoofskap is die woord bestuur. Die man se werk is om sy familie te bestuur. Dit is die beste vertaling van die woord proistemi. Die idee is om "die voorsitterstoel in te neem". Die prentjie is dié van een wat beheer het, maar wat nie elke ding self doen nie. Soos die ouderling 'n bestuurder van die gemeente moet wees, so moet die man die bestuurder van sy huis wees. 'n Goeie bestuurder weet hoe om ander mense dinge te laat doen. Hy weet hoe om die gawes van ander raak te sien, te ontwikkel en te gebruik. Dit is wat 'n bestuurder is en dit is wat die man moet wees.

Die man as hoof van die huis is die bestuurder van die huis. Hy is die hoof; die hoof doen nie die werk van die liggaam nie. Die man is nie veronderstel om elke vraag te beantwoord of om vir sy vrou te dink nie, juis nie dit nie. Hy moet eerder besef dat God vir hom 'n vrou gegee het as 'n helper. 'n Goeie bestuurder sal na sy helper kyk en sê, "Sy het sekere vermoëns. As ek my huishouding goed wil bestuur, moet ek toesien dat elkeen van daardie gawes ontwikkel en so goed as moontlik gebruik word." Hy sal nie haar persoonlikheid wil onderdruk nie; hy sal eerder daarna streef om dit tot volle wasdom te laat kom.

As hy nie 'n wiskundige uitblinker is nie, sal hy God dank dat Hy vir hom 'n vrou gegee het met wiskundige vermoëns; en hy sal volle gebruik daarvan maak. Hy sou 'n totale mislukking en 'n slegte bestuurder wees as hy nie sy vrou se gawes inspan om die boekhouwerk te doen en die rekeninge te betaal nie. Hy doen nie afstand van sy posisie nie; hy moet nog steeds die finale gesag in die belangrike finansiële besluite van die huis uitoefen [kleiner besluite kan hy gerus los vir 'n spaarsamige vrou]. Hy beheer die geheel, hou tred met die finansiële prentjie en maak al die finale besluite waar daar onoplosbare verskille van opinie is. Hy sal egter dwaas wees om nie die gawes wat God aan sy helper geskenk het, te gebruik en wel ten volle te gebruik nie. U sien dus dat hoofskap nie die vrou se persoonlikheid onderdruk nie: dit is inderdaad juis die rede waarom hy haar persoonlikheid ontwikkel en gebruik tot verheerliking van God en seën vir die huis.

"Maar," protesteer u, "dit is die Nuwe Testament. Wat van die Ou Testament? Dink hoe die ideale vrou dáár beskryf word [Spreuke 31:10 vv]. Elke vrou behoort hierdie verse dikwels te lees, en hul mans sal nie verkeerd doen om dit af en toe te lees nie. Hoe is hierdie vrou? Om mee te begin, word sy genoem "'n knap vrou" [v.10]; maar letterlik lees die oorspronklike teks: "'n vrou van baie dele". Die skrywer gaan haar uitmekaar haal en na elke deel van hierdie merkwaardige vrou kyk. Sy het baie fasette. Sy het baie kante aan haar persoonlikheid. Sy het baie gawes wat ontwikkel is en goed funksioneer. Hier is die prentjie van 'n ware vrygemaakte vrou. Sy word in geen opsig onderdruk nie. Sy lei 'n vol. betekenisvolle en produktiewe lewe. Haar man weet hoe om haar vermoëns na vore te bring. Hy is 'n goeie bestuurder wat baie besluite aan haar oorgelaat het. Al haar gawes word ten volle gebruik vir haar huis. Dit alles - en meer - is in daardie uitdrukking "'n vrou van baie dele". saamgevat. Sy is baie werd, baie meer as edelstene. Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk." Hy kan baie aan haar toevertrou sonder om te vrees en sy sal produktief wees. Dit is die basiese idee.

Laat ons nou spesifiek kyk hoe hierdie vrou leef. "Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank." Let op dat sy tot haar man georiënteer is. Sy besef dat dit haar taak is om hom te help. Sy is besorg oor hom; sy het hom lief en sy bring vir hom net voordeel haar hele lewe lank. Sy is gewillig om vir hom te leef. Dit alles is duidelik aan die begin. Sy is gewillig om fisies in die huis te arbei as 'n huisvrou [of tuisteskepper], of as u die nuutste term verkies, as 'n huishoudelike ingenieur.

"Sy maak wol en vlas bymekaar", en "geniet dit om dit te verwerk" [v. 13]. Daar is 'n verskil tussen die doen van die daaglikse take [dit wat hier in hooftrekke beskryf is in terme van die pligte van daardie dae] en dit te geniet, en die manier waarop so baie vroue dit doen. Hoekom is dit so dat so baie vrouens dit nie geniet om 'n huisvrou te wees nie [of dan 'n huishoudelike ingenieur)? Want hulle het nooit geleer om hulle daaglikse take te geniet nie. In plaas daarvan, sit hulle rond en brom oor hulle lot as vrouens. Hulle klae: "Alweer daardie selfde ou borde! Drie maal op 'n dag was ek hulle net sodat dit weer kan vuil word! Dag na dag dieselfde ou borde - was dit, maak dit vuil, was dit, maak dit vuil, was dit, maak dit vuil. Dieselfde ou klere, dieselfde ou wasgoed en strykgoed..." Dan: "Dieselfde ou man, dieselfde ou kinders!" Dit is wat volg.

Tog is die doen van take 'n deel van wat dit beteken om as mens te bestaan in God se

wêreld. Maar sulke vrouens verswelg in selfbejammering. Hulle dink: "My man gaan uit en ontmoet interessante mense." Sekerlik! Uur na uur luister ek na vrouens wat dit in my oor uitstort oor hoe sleg dit met hulle gaan by die huis! Wees redelik! Almal het moeilikhede. In 'n wêreld van sonde het almal probleme. 'n Man se lewe is niks makliker as u s'n nie, dit is nie meer avontuurlik of romanties as u s'n nie. Wat regtig saak maak is of u kan leer om plesier uit u werk te kry of nie, wat u taak ookal is. Dieselfde is op u man van toepassing.
Die Bybelse prentjie van die vrygemaakte vrou beskryf haar as een wat geleer het om haar werk te geniet. By het geleer om te neurie en te sing terwyl sy die skottelgoed was. Sy is dankbaar vir die kos wat die borde vuilmaak.

As 'n man behoort ek waarskynlik nie die volgende voorstel te maak nie, maar ek wil tog. Miskien sal u dit verwerp as tipiese manlike onkunde. Dit is u voorreg en miskien is u reg. As ek daarop moet reken om vir moontlik vyftig jaar lank te kook, sê vanaf die ouderdom 20 tot 70 jaar [om ronde getalle te gebruik] dink ek dat ek baie meer omtrent kookkuns sal wil weet as wat meeste vrouens weet. U moet verstaan dat ek nie die finale produk kritiseer nie. Byvoorbeeld, die meeste vrouens weet nie eers hoekom water kook nie. Hulle weet sekerlik min of niks van die chemiese reaksies wat plaasvind tussen verskeie kossoorte en smaakmiddels. As ek dag na dag moes kook op die manier wat u dit doen, met net die resepte op my vingerpunte, sal ek miskien ook nie so lustig gesing het nie. As ek vir die res van my lewe op so 'n manier moes kook, mag ek dit miskien moeilik vind om dit met genot te doen. Ek dink dat ek sou probeer om ten minste iets te leer omtrent die chemie van kookkuns, ten minste die elementêre chemie wat daarmee saamgaan, sodat ek 'n idee het hoekom, tydens die kookproses, die chemikalieë reageer soos dit wel gebeur. Dan mag die kokery interessant begin word. U kan begin om 'n bietjie te eksperimenteer. U sal in staat wees om meer te doen as wat in resepteboeke staan, sonder die gevaar om die gesin te vergiftig.

"Dit klink soos 'n tipiese manlike benadering", sê u, dit mag so wees, maar ek maak nietemin die voorstel. In elk geval, hoe meer u in die kookkuns sit, hoe meer sal u daaruit kry. U sal dit geniet om te kook as u uself regtig daarin verdiep. Ada L Roberts het 'n boek geskryf met die titel Favorite Breads from Rose Lane Farm.[5] Dit is fantasties; dit het inderdaad geen gelyke nie. Hierdie vrou was geïnteresseerd in die chemiese aspek van die maak van brode. Die veranderinge wat sy ingevoer het, het gelei tot werklike verbeteringe in die maak van brood. Hier was 'n vrou wat begin het om haarself af te vra waarom die gewone bestanddele in brood gebruik word. Hoekom nie ander bestanddele nie? Hoekom word hulle in een volgorde gebruik en nie in 'n ander nie? Sy het haar seun se wetenskap handboek in die hande gekry en ontdek dat sout die groei van suurduug vertraag. Deur te beweeg van hierdie en ander basiese idees, het sy nuwe prosedures begin en die weg gebaan in die gebruik van nuwe bestanddele. Dit is 'n fantastiese boek; ek weet, want ek het die brood geëet! Mev Roberts het 'n bietjie gedink, het 'n bietjie oorspronklikheid aan die dag gelê en het dit geniet om te leer om brood te bak wat baie beter is. Nou hoekom doen u dit nie ook nie? Maak u gewone take 'n plesier; werp uself daarin met entoesiasme. U moet dit geniet om met u hande te werk.

Vervolgens word die ideale vrou vergelyk met handelskepe. Sy is soos handelskepe omdat sy haar kos van ver af inbring. Sy moes elke dag haar voedsel gaan kry, aangesien daar geen verkoeling was nie. Daar is vandag plekke in die wêreld waar 'n groot deel van die vrou se tyd elke dag spandeer word om voedsel vir die gesin te kry. Sy moet ver en wyd soek vir die beste winskopies en die beste kwaliteit. Dit is hoekom sy soos 'n handelskip is. Aangesien al hierdie dinge tyd neem, moet sy opstaan terwyl dit nog donker is om "kos te maak vir haar huisgesin en haar slavinne se deel". "O so!" sê u, "sy het slavinne!" Ek weet wat u dink: "As ek slavinne gehad het, kon ek ook soveel soos sy reggekry het." Kom nou, u het bediendes soos sy nooit eers van kon droom nie: yskaste, vrieskaste, outomatiese

[5] Ada Lou Roberts. Favorite Breads from Rose Lane Farm [New York: Heartside Pres. 1960].

wasmasjiene, droërs, skottelgoedwassers... Daar is 'n skakelaar vir elke ding in die kombuis behalwe die kinders! En u "slavinne" praat ook nie terug nie. U het dus geen verskoning nie: nie vir 'n oomblik nie.

Sy "oorweeg die waarde van 'n stuk grond en koop dit". Hierdie vrou dryf so tussenin handel met eiendomme. Sy oorweeg die waarde van 'n stuk grond en sy koop dit. Sy het baie vermoëns en haar man besef dit. As 'n goeie bestuurder het hy skynbaar saamgestem dat sy sulke sake op haar eie mag hanteer. Wel, hierdie vrou lyk beslis nie platgedruk nie. Haar besigheidsvernuf word gebruik tot voordeel van haar huis. "Sy sit dit onder wingerd met die geld wat sy verdien het." Sy koop nie net eiendom nie, sy gaan dit produktief maak met geld wat sy voorheen verdien het. Sy "pak die werk met krag, haar hande staan vir niks verkeerd nie." Sy sal dit moet doen as sy in die wingerd wil werk. "Sy stel vas dat die wins goed is, haar lamp bly heelnag brand." Sy sorg dat dit betalend is, maar dit beteken dat sy tot laat in die aand moet werk.

"Sy werk met die spinwiel, haar hande bly besig met die weefstoel". As gevolg hiervan het "sy 'n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges". Dit is 'n pragtige koeplet [vv. 19, 20]: om haar hande uit te strek na haar werk, maak dit moontlik om haar hande uit te steek na hulle wat behoeftig is.

Sy is "gerus oor haar huisgesin as dit sneeu"; hulle "dra almal warm klere". Sy het vir hulle langbroeke gemaak! Sy maak ook mooi klere vir haarself. "Sy dra klere van linne en wol." Hierdie vrou gaan na die winkel, kry haar patrone, sit by haar naaimasjien en begin te werk aan lappe materiaal. Sy is in die mode en in staat om mooi klere te dra aangesien sy dit self gemaak het.

Ons kyk nou na haar man: hy is "welbekend by die stadspoort waar hy saam met die leiers beraadslaag". Moet asseblief nie daardie gedeelte verkeerd verstaan nie. Dit is nie die beeld van 'n vrou wat heeldag soos 'n slaaf by die huis werk terwyl haar man rondsit en niks doen nie. "Stadspoort" in die Skrif verwys na die stadsaal, die plek van die plaaslike regering. Die idee is dat haar man, aangesien hy 'n vrou soos sy het, gevorder het tot 'n belangrike plek in die stad. Dit is die punt. Hy het 'n stadsouderling geword. Hy is een van die hoofmanne van die stad: sy het getrou gehelp om hom tot hierdie posisie te laat vorder.

Sy maak linneklere en verkoop dit; sy lewer ook gordels aan die handelaars. Sy het verskillende deeltydse ondernemings. Sy dryf handel met eiendom. Sy het 'n wingerd. Sy maak gordels en klere om te verkoop, die idee dat vrouens nie 'n betrekking behoort te hê nie, is verkeerd. Hier is 'n belangrike stadsouderling se vrou wat wel werk. Die sleutel tot die feit of die werk geskik is of nie, lê uitsluitlik daarin of die werk die gesin help of hinder.

"Alles aan haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die toekoms nie. As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde." Hierdie vrou is nie net iemand wat haar afsloof in en om die huis nie. Sy is ook nie net 'n streng besigheidsvrou nie. Sy is ook intellektueel wakker. Sy is ook nie net slim nie; sy weet hoe om haar gedagtes met wysheid op mense se lewens toe te pas. In Spreuke is die wysheid onteenseglik goddelike wysheid. Wat sy weet, pas sy wyslik toe tot 'n seën en voordeel van ander. Andere kom om te hoor wat sy het om te sê.

"Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie."

Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar: "Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal!" Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dan verdien 'n vrou om geprys te word. Gee haar wat haar toekom vir alles wat sy doen; laat haar werk haar roem wees in die stadspoorte. [vv.28-31].

Ek sê vir u dat hierdie Ou Testamentiese ideaal dié is van 'n vrygemaakte vrou. U kan oor hierdie punt argumenteer soos u wil en soos u lus voel. Daardie vrou is gelukkig! Hierdie feit is klokhelder in elke vers. Sy is regtig "vervuld" om die moderne woord te gebruik. Sy is 'n vrou in elke sin van daardie groot woord. Elke gawe wat sy van God ontvang het is ontwikkel en word gebruik. Haar persoonlikheid is nie platgedruk nie. Sy word nie aan haar hare deur haar man rondgesleep nie. Die Bybelse siening is dié van 'n vrygemaakte vrou wat haar met vreugde onderwerp aan die hoofskap van haar man en opgewek vir hom leef. Sy is diep betrokke in die opwindende projek om alles te ontdek wat God in gedagte gehad het wat 'n vrou moet wees toe hy haar gemaak het om haar man se helper te wees. Sy is nie net die helper met die Fisiese werk soos skottelgoed was nie, maar ook met die ontrafeling van probleme en besluitneming. Inderdaad help sy op elke moontlike manier. Haar man gebruik haar hulp ten volle. Maar wanneer dit kom by 'n finale besluit en sy sê: "Ek dink nie ons moet trek nie", en hy sê: "Ek dink ons moet", moet hy die besluit neem en sy moet haar daaraan onderwerp. As elke faktor ten volle oorweeg is en hy steeds ja sê, weet sy dat die besluit geneem is. Dit is onderwerping. Dit beteken nie die onvermoë om te praat, 'n voorstel te maak, of selfs om te oorreed [op 'n onderdanige wyse] nie. Dit beteken dat die man die uiteindelike verantwoordelikheid dra vir die huis en dat sy instem daartoe.

Iemand moet die finale sê hê. Iemand moet aan God verantwoordelik wees vir die gesin se besluite. Waar almal verantwoordelik is, is daar nie regtig iemand wat verantwoordelik is nie. Enige organisasie moet 'n sentrale bestuur hê wat die verantwoordelikheid dra. In die huis, wat 'n organisasie is, rus die verantwoordelikheid nie op die vrou nie, maar op die man. Dit is sy werk om oor alles toesig te hou, seker te maak dat alles verloop soos God sê dat dit moet, en sy vrou moet hom help om dit te doen.

As bestuurder dra u man baie moeilike verantwoordelikhede. Miskien is die mees verwarrende en moeilikste van alles, sy verantwoordelikheid om te bestuur! Dink vir 'n oomblik daaraan. As u dink dis 'n moeilike taak om onderdanig te wees, dink vir 'n oomblik aan sy taak. Hy moet u bestuur. Is dit moontlik? Is dit moontlik om 'n vrou te bestuur? Die antwoord is ja. Hierdie antwoord word gevind in Efesiërs 5, maar dit moet wag tot die volgende hoofstuk. Die vraag op hierdie oomblik is eenvoudig dit: afgesien daarvan of u man sy verantwoordelikheid aanvaar of nie, Christenvrou, is u onderdanig? U is voor God verantwoordelik om onderdanig te wees.

U moet onderdanig wees, selfs al faal u man in sy rol. Petrus maak hierdie stelling in sy eerste brief [hoofstuk 3]. Ons moet later in besonderheid hierop ingaan. Of hy nou sy deel doen of nie, verwag God van u om in alles aan u man onderdanig te wees, net soos u aan die Here onderdanig moet wees. Die enigste uitsondering op hierdie reël is as u man ooit van u sou verwag om enige iets te doen wat 'n direkte oortreding is van 'n duidelike bevel van God. Dan tree hy nie meer met die gesag van God op nie. Soos die dissipels gesê het toe hulle verbied was om te preek: "'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!" Twee botsende outoriteite word genoem: die outoriteit van God en die outoriteit van die mens. In hierdie geval was die staat nie besig om die outoriteit van God te gebruik nie, maar die gesag van die mens. God se outoriteit weerspreek homself nooit nie. Wanneer so 'n konflik voorkom, is dit omdat daar twee outoriteite in konflik is, nie een nie. God handel nie in stryd met sy eie gesag nie. Neem as voorbeeld die huwelik van twee ongelowiges. Hulle was taamlik wild en in die verlede was hulle betrokke by vrou-omruiling. Nou het een van hulle 'n Christen geword. Kom ons sê dit is die vrou. Een aand sê haar ongelowige man: "Kom laat ons weer omruil." Hy vra haar om 'n duidelike gebod van God te oortree: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie." Op 'n onderdanige manier moet sy weier. Sy moet God eerder gehoorsaam wees as 'n mens. Hierdie uitsondering is geen skuiwergat vir vrouens om onderdanigheid aan hul mans te weier nie. U moet dit nooit op daardie manier gebruik nie. Dit is net van toepassing as die saak gaan om 'n duidelike oortreding van God se wet. Sulke voorvalle is egter baie seldsaam.

Wat God verwag is nie maklik nie; sondaars is geneig om weg te skram daarvan. Maar met die genade van God kan u die vreugde van die ware vrygemaakte vrou leer ken. Wanneer u leer om u man se onderdanige helper te wees, sal daardie vreugde u s'n wees. U kan die vryheid ken om te leef in die struktuur van God se wet. Hoekom beproef u dit nie?

## 'N VROU SE KONTROLELYS

Is ek regtig onderdanig, gewillig om my lewe teenoor my man te oriënteer en vir hom te lewe? In die spasies hieronder word vyf voorbeelde van verskillende areas genoem. Toets uself om te sien of u onderdanigheid getoon het in elkeen van hierdie areas deur 'n voorbeeld van onderdanigheid wat op elkeen van toepassing is, aan te toon.

| AREAS | VOORBEELDE |
|---|---|
| HUISWERK | |
| DISSIPLINERING VAN DIE KINDERS | |
| SEKSUELE VERHOUDINGS | |
| SOSIALE VERHOUDINGS | |
| MAN SE WERK | |

As u nie in staat was om die bogenoemde opdrag suksesvol te voltooi nie, mag dit nodig wees dat u u rol as vrou weer in oënskou moet neem. Miskien het dit nodig geword vir berou wat daartoe sal lei dat u die dinge met u man sal moet uitpraat. In die spasie hieronder kan u 'n lys maak van enige veranderinge wat u glo dat God wil hê u moet maak in u lewe.

# HOOFSTUK 7

## *LIEFDEVOLLE LEIERSKAP*

In hoofstuk 6 sien ons dat die vraagstukke in Efesiërs 5:22 e.v. benadruk mag word deur twee vrae te vra: Mans, het julle jul vrouens lief genoeg om vir hulle te sterf? Vrouens het julle jul mans lief genoeg om vir hulle te leef? Paulus praat eers met die dames en dan met die mans. Kom ons oordink nou, na aanleiding hiervan, die eerste vraag en sy implikasies vir die Christengesin. Wat is die man se verhouding met sy vrou?

Die saak het twee kante. Aan die een kant is onderdanigheid. Die vrou moet aan haar man onderdanig wees soos die kerk aan Christus onderdanig is. Paulus sê dit op drie maniere so eenvoudig, so duidelik en so uitdruklik dat daar geen manier is om jou uit hierdie verpligting uit te wikkel nie. God plaas hierdie verantwoordelikheid op elke Christenvrou, vir haar eie beswil en vir die beswil van haar man. Hy sê dat sy haar moet onderwerp aan haar man as haar "hoof" soos Christus ook die "hoof van die kerk" is [v.23]. Van hierdie punt af gaan hy voort om die betekenis van hierdie hoofskap en sy verpligtinge te verduidelik:

Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die Woord gereinig het, sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is. Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees. Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so liefhê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon. Ef. 5:25-33.

As dit vir vrouens moeilik lyk om God se gebod te gehoorsaam, laat hulle daaraan dink dat, in vergelyking met hierdie woorde van Paulus aan die mans, is onderdanigheid betreklik eenvoudig. Dit is een ding om te leer om aan iemand anders onderdanig te wees. Dit is moeilik; dit stuit mens teen die bors. Ons hou nie daarvan om onderdanig te wees nie; die ou mens hier binne rebelleer. Tog, in vergelyking met wat Jesus Christus verwag van hulle mans, is Christenvroue se lot maklik. Aan die anderkant is daar hoofskap. Hy het vir u vertel mans, dat u 'n voorbeeld moet wees van sy hoofskap oor die kerk. Dink net daaraan! Dit is een ding vir die vrou om die kerk voor te stel in haar verhouding tot Christus. Daardie verhouding behoort volmaak te wees, maar ons weet almal dat dit ver van perfek af is. Maar die hoofskap van Jesus Christus, in teenstelling met die gebrekkige gehoorsaamheid van sy kerk aan Hom, is volmaak. Dit is altyd gepas en reg. Dit is altyd wys. Dit omvat alles wat God beveel het. En u moet as voorbeeld hiervan dien. Dit is die taak wat God op u skouers geplaas het.

Dit is eenvoudig te veel. Die taak is te groot vir sondige, swak mense. U weet dat u nie hierdie gebod kan nakom nie. Dit is slegs as die Gees van God in u lewe werk dat u nader daaraan kan kom om die Here se liefdevolle leierskap oor sy kerk te versinnebeeld. Tog moet u na niks minder streef in u verhouding tot u vrou nie. U moet Hom in alles wat u doen nastreef. Om soos Jesus Christus te wees in u verhouding met u vrou, is 'n geweldige taak. U moet die hoof van u huis wees, asook van u vrou, net soos Christus die hoof van die kerk is. As u faal, faal u nie net u vrou nie, maar u slaag ook nie daarin om u Here se liefde vir sy kerk voor te stel nie. Dit is waarom u taak so 'n gewigtige een is. Wanneer u faal om Hom in u huwelik te weerspieël, benadeel u sy naam. U word geroep om Jesus Christus te vertoon

deur die leierskap wat u in u huis beoefen.

God het sy wette vir beide mans en vrouens; daar is nie minder strengheid in die een instansie as die ander nie. Die vrou se rol word niks minder deur die gebod van God bepaal as haar man s'n nie. Christenvroue moet nie hul verpligtinge vergeet of onverskillig daarteenoor staan deur te sê dat slegs hulle mans die taak het om Jesus Christus uit te beeld in die huwelik nie. Alles moet in 'n sekere sin Christus uitbeeld en sekerlik moet albei aan Christus gehoorsaam wees deur aan al sy gebooie gehoorsaam te wees. Die onderskeiding is slegs in die rolle. Tog, as gevolg van hierdie rolonderskeiding, wanneer die man faal, doen hy die beeld van Christus oneer aan op 'n sonderlinge wyse, soos wat die vrou dit nie kan doen nie. Christus se outoriteit in die huis byvoorbeeld, is gesentreer in die man. Dit is nie in die vrou of in die kinders gesentreer nie. God het sy outoriteit vir die gesin gegee, hoofsaaklik in die persoon van die man. Dit is sy verantwoordelikheid om toe te sien dat dit beoefen word, en behoorlik beoefen word op wyses wat Christus eer. Die vrou dra nie presies dieselfde verantwoordelikheid nie. So is daar 'n uiters belangrike sin waarin die man in die besonder Jesus Christus voorstel, deur die manier waarop hy die outoriteit in die huis dra.

Laat ons kyk na die verantwoordelikheid wat op die man gelê is. As 'n Christen is hy aan God verantwoordelik om sy gesin te lei. Hy is die hoof van sy huis. Hoofskap beteken leierskap. Dit beteken nie net voorregte en regte nie. Dit beteken nie net outoriteit wat uitgeoefen word nie. Dit beteken nie net die dra van die uniform en die reg om die laaste woord te sê nie. Dit beteken al daardie dinge, maar dit beteken ook dat al die verantwoordelikhede wat saam met sulke outoriteit gaan, aanvaar moet word. Mans moet die verantwoordelikheid van leierskap wat saamgaan met die posisie van hoofskap, nakom. Hulle moet waarlik die huis lei.

'n Leier is in wese 'n leier, nie net in naam nie. Hy het meer as uitwaartse mag: hy besit ook innerlike mag. So is die man verantwoordelik vir alles wat in sy huis gebeur. Daar moet niks in die huis aangaan waarvan hy nie bewus is nie. Niks mag met sy kinders gebeur waaroor hy nie toesig en, inderdaad, die finale sê het nie. Sy vrou mag niks leer, doen of sê in daardie huis waarmee hy nie saamstem nie. Dit is die outoriteit waartoe hy geroep is. Dit is natuurlik moeilik om hierdie hoofskap te beoefen. Dit is waar ons in die laaste hoofstuk geëindig het. Die hoof van die huis moet sy huis beheer, insluitende sy vrou. Dit is die moeilikste taak van almal! Hoe beheer mens 'n vrou? Die vraag moet beantwoord word.

Maar let eers op, as die hoof van die huis, moet hy sy hele huishouding in onderdanigheid hou. In 1 Timoteus 3:11-13, soos kortliks vroeër gemeld is, maak Paulus 'n lys van die eienskappe van mans wat die soort lewens lei wat hulle laat kwalifiseer vir ouderlingskap. 'n Ouderling moet 'n voorbeeld wees vir die hele kudde. Luister na wat hy sê van so 'n man. Hy moet, onder andere, iemand wees "wat sy eie huisgesin goed kan beheer". Hy sit in die voorsitterstoel [bestuur dit), "Oefen op waardige wyse gesag oor sy kinders uit". Paulus gaan voort: "Immers as iemand nie weet hoe om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg van die gemeente van God op hom neem?" Drie keer in die Skrif sou 'n mens dit kon vertolk dat die man 'n bestuurder van sy huishouding genoem word. Een van die gedeeltes is voor ons.

In vers 12 word van diakens ook verwag om goeie bestuurders van hul kinders en hul huishoudings te wees. Dit is onnodig om die baie soorte persone waaruit 'n huishouding bestaan, te bespreek. 'n Huishouding mag bediendes en onderwysers, ens. insluit. Die punt is dat die man veronderstel is om die voorsitter van almal te wees. En die kinders word in die besonder genoem. Sy huishouding moet dus onder sy beheer wees. Hy is die hoof van almal wat in die huis woon. Paulus wys spesifiek in Efesiërs 5 daarop dat hy nie net die hoof van sy kinders is nie, maar ook van sy vrou [v.23]. Sy werk is om daardie leierskap te aanvaar.

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat hoofskap nie beteken dat die vrou se talente en gawes verpletter moet word nie. Dit beteken nie om al die besluite te neem sonder inagneming van haar of die kinders nie, of om haar geen mag te gee om besluite te neem of enige iets op haar eie te doen nie. Presies die teenoorgestelde is waar van die Bybelse beeld. 'n Goeie bestuurder weet hoe om ander mense aan die werk te kry. 'n Goeie bestuurder weet hoe om sy vrou en kinders ook besig te hou. Daardie man wat tussen die ouderlinge in die stadspoort gesit het was sekerlik 'n goeie bestuurder. Hy het allerhande soorte vermoëns en allerhande soorte gawes van God in sy vrou opgemerk wat hy haar aangemoedig het om te ontwikkel en te gebruik. En sy het dit gebruik tot voordeel van haar man en die hele huishouding. Dit is wat 'n goeie bestuurder doen. Hy sal versigtig wees om nie sy vrou se vermoëns te verwaarloos of te vernietig nie. Hy sal dit eerder ten volle gebruik. Die goeie bestuurder sal opmerk dat God hom van 'n vrou voorsien het om hom te help. Hy onthou die Skrif wat lees: "Wie 'n vrou kry, vind geluk en geniet die goedheid van die Here. Hy dink nie aan haar as iemand wat saamgesleep moet word nie. Eerder dink hy aan haar as 'n bruikbare, behulpsame en wonderlike seën van God. Sy is 'n helper en as 'n helper sal hy haar laat help. Hy sal haar aanmoedig om te help.

'n Bestuurder hou sy oog op alles wat in sy huis gebeur, maar hy doen nie alles self nie. In plaas daarvan kyk hy na die geheelbeeld en hou alles onder beheer. Hy weet van alles wat aangaan, en net wanneer dit nodig is tree hy tussenbeide om te verander of op een of ander wyse te help. Dit beteken natuurlik nie dat hy nie enige verantwoordelikheid van sy eie sal aanvaar nie. Natuurlik sal hy. Vandag is die man se taak van bestuur besonder belangrik. As bestuur in die huis ooit belangrik was, is dit nou van deurslaggewende belang; in ons tyd het dit toenemend belangrik geword.

In die ou tyd het die man saam met die ander mense in die dorp gewoon. Hy het ook daar gewerk of in die nabyheid. Hy het gewoonlik huis toe gekom vir middagete. Om te reis was nie so algemeen soos nou nie. Maar vandag ry die mans oor die brug na die groot stad om te gaan werk en laat die aand weer terug en gaan slaap. Hulle doen dit vyf dae per week, terwyl hulle soms min van die hele gesin sien behalwe naweke. Selfs op die plase het die prentjie verander. Pa kom huis toe vir ete, maar die kinders is weg êrens by die skool en hulle kom nie meer huis toe vir ete nie. Orals ry mense weg in voertuie en sien mekaar nie meer soos eers nie. Dus moet die man, uithuisig en uit voeling so baie soos wat hy is, al harder werk om in kontak te bly met wat aangaan <u>deur</u> sy vrou. Hy moet gereeld met sy vrou beraadslaag. Hy moet met haar praat oor wat met die gesin gebeur. Hy moet seker wees dat elke ding wat moet gebeur, wel plaasvind, en stappe neem om reg te stel wat nodig is. Ten spyte van die omstandighede vandag, het God nie die mans van hulle verantwoordelikhede onthef nie. Daardie verantwoordelikhede mag swaarder wees om na te kom, maar ten spyte daarvan is vandag se pa's net so verantwoordelik en net so nodig soos hul eie pa's was. Te meer nog moet hulle aan hulle bestuurdersrol in die huis dink en dit beoefen.

Leierskap in die gesin beteken dat daar gesorg moet word dat na al die lede van die gesin omgesien word. Liggaamlike welsyn, kos, klere, beskutting - alles wat ons normaalweg noodsaaklikhede noem - moet voorsien word. Tog is sulke voorsiening nie die belangrikste area waar mans faal nie. Die plek waar mans die meeste faal, die plek waar hulle leierskap geneig is om baie ernstig tekort te skiet, is waar u sal veronderstel dat dit die sterkste is. In die lig van hierdie gedeelte sou u dink dat die area waar mans die toegewydste sou wees om te sien dat leierskap beoefen word, in huisgodsdiens is, in die gesin se bestudering van die Skrif, in gesinsaanbidding, die gesin se bywoning van kerkdienste, die gesin se getuienis in die gemeenskap en die gesin se direkte verhouding met God deur die werk te doen wat Hy hulle geroep het om te doen as individue en as gesin. Mens sou verwag om groot ywer te sien in die onderrig van kinders in die kennis en weë van God. Tog is Dit waar mans jammerlik faal. Hoe dikwels is dit die vrou wat die enigste dryfkrag vir dié dinge in die huis is. Sy is die een wat voortdurend hierdie aktiwiteite aanmoedig. Sy vind dit nodig om gedurig vir

haar man te sê: "Kom ons gaan kerk toe vanaand."

In die kerk van Jesus Christus behoort die leierskap in hierdie dinge dikwels aan die vrou eerder as die man. Dit is terselfdertyd 'n toeëiening en afstand doen van verantwoordelikheid. Hierdie rolomruiling het verskriklike gevolge. Dink daaraan wat dit aan kinders doen. Hoe leer kinders? Wat leer kinders? Hulle leer meestal deur voorbeelde. Hulle leer dat die kerk vir vrouens is. Hulle leer dat mans daarsonder kan klaarkom. Hulle leer dat Christelikheid nie 'n baie manlike godsdiens is nie: dit is goed vir klein kindertjies en vrouens, maar mans kan dit aanvaar of los. Asof Christelikheid onmanlik is! Dit is deel van die moderne probleem. Vandag se mans het die idee dat Christelikheid nie heeltemal manlik is nie. Daar is baie mans wat opgegroei het met daardie soort idee van Christelikheid. Die kunstenaar se skildery van Christus stel hom dikwels voor as 'n uitgeteerde individu, swak en meisieagtig. Die Christus van die skilder sou sekerlik nooit daardie laaste dae voor sy dood kon verduur nie, veral nie daardie laaste nag nie. Hy was geen swakkeling nie! Maar daardie skildery wat jaar na jaar en geslag na geslag aanskou is, het die beeld van 'n manlike Christus laat vervaag.

Die liberale weldoeners het bygedra tot die probleem. Hulle swak Casper Milquetoast kaperjolle het nie sy oorsprong by die kragtige Verlosser wat gekom het om aan die kruis te sterf vir sy mense, wat die duiwel beveg het, die oorwinning behaal en die bande van die dood gebreek het nie. Hulle sienings is 'n gruwelike wanvoorstelling van die manlike kant van Christelikheid. Daardie soort van meisieagtige Christelikheid gaan saam met wat ons hoor in <u>Jesus Christ Super Star</u> vandag. Jesus Christus word dwarsdeur die plaat voortdurend ondervra: "Wie is u, wie is u?" Daar is geen manlike reaksie nie. Daar is geen opstanding, geen oorwinning nie. Niks op hierdie plaat beskryf op 'n akkurate wyse die kragtige figuur wat die laaste vyand beveg en verslaan het nie. In plaas daarvan het hy dood gebly, verslaan, terwyl Hy self vrae stel. Daar word op Christus gekyk as iets minder as die ware man en God wat Hy is. Die Skrif stel Hom voor as 'n man sowel as God - maar nie slegs 'n man nie. As man het Hy opgegroei in 'n skrynwerkerswinkel vóór die koms van elektriese gereedskap. Hy moes sterk arms en spiere ontwikkel het. Een dag het Hy in daardie deel van die tempel geloop waar die geldwisselaars die aanbidding van God besoedel het en hulle uitgedryf. Hy het hulle tafels omgeskop en die duiwe laat wegvlieg, maar die mense het hulle nie teëgesit nie. Daar is geen aanduiding in dié gedeelte van die Bybel dat hulle gefaal het om hulle teë te sit as gevolg van een of ander wonderbaarlike krag nie. Dit lyk inderdaad asof dié gedeelte net die teenoorgestelde aandui. Hulle het die mag en gesag gesien van 'n man wat regverdig was voor God en hulle het gesidder en gevlug. Want Christus is 'n man. Niemand kan die drie-en-twintigste hoofstuk van die Evangelie van Matteus lees waar Hy die skrifgeleerdes en Fariseërs bestraf en sê: "Ellende wag vir julle Skrifgeleerdes en Fariseërs." ellende, ellende, ellende oor en oor sonder om 'n man te sien wat sonde tromp-op gekonfronteer het met al die manlikheid van iemand wat die krag gehad het van 'n sondelose lewe. Daardie manlikheid word ook in teerheid gesien. Christus is 'n man wat nie bang was om te huil oor die dood van 'n vriend vir wie hy innig lief was nie. Christus is 'n <u>man</u>. Vaders wat sy hoofskap wil nastreef moet manne wees.

Die Christelike godsdiens is 'n manlike godsdiens. Dit het 'n Verlosser wat soveel van 'n man was, dat Hy gesterf het. Hy was nie bang vir die dood nie. Ten spyte van al die afgryslikhede van die kruis, die liggaamlike marteling wat dit behels het, en die pyn van verwerp te wees deur God, het hy sy gesig na Jerusalem gedraai soos 'n kleisteen. Hy het voortgegaan om die skuld en die straf en die toorn van God te dra in die plek van sy mense. Hulle wat hul vertroue in Hom stel, vind die lewe deur die dood. Hy was 'n man, 'n man wat so innig liefgehad het dat Hy gewillig was om sy lewe te gee vir sy mense, vir die kerk wat verteenwoordig word deur die Christenvrou [eggenote]. In Efesiërs 5 beweeg die tipe en die teentipe so naby aan mekaar heen en weer in die denke van Paulus, dat hy later gedwing word om te verduidelik: "Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk." Paulus laat die twee tipes so intens in sy gedagte saamsmelt, dat hy

geneig was om dit ook te laat saamsmelt wanneer hy skryf.

Die man se hoofskap moet die hoofskap van Christus oor die kerk in die liefde van Jesus Christus vir sy kerk, weerspieël. Hoofskap is dus nie net gesag nie. Dit is ook nie slegs leierskap waardeur mens jou verantwoordelikheid aanvaar nie. Dit is 'n liefdevolle leierskap wat so diep beïnvloed word deur die liefde van Jesus Christus, dat die man uiteindelik in staat sal wees om sy vrou so lief te hê soos Christus sy kerk liefgehad het; dit is: genoeg om vir haar te sterf.

Let op dat wanneer Paulus sê: "Die man is die hoof van die vrou soos Christus die hoof van die kerk is", dan is dit die soort hoofskap wat Jesus Christus uitoefen oor die kerk waarvan hy praat. Kyk terug na Efesiërs 1:22 waar Paulus die hoofskap van Christus oor die kerk beskryf. As 'n man wil weet hoe hoofskap oor sy vrou moet wees, hoe dit gelyk is aan die hoofskap van Christus oor sy kerk, dan kan hy dit in hierdie vers uitvind. Dit lui: "Aan Hom het God alles onderwerp.

Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk wat sy liggaam is." 'n Mens kan sê dat alle dinge wat aan Jesus Christus gegee is, aan Hom gegee is vir sy kerk/ en Hy oefen hoofskap uit oor die kerk tot haar seën, haar voordeel, en vir haar beswil. Die mag, gesag, heerlikheid, eer en hoofskap aan die regterhand van die Vader is aan Hom gegee sodat hy dit kan beoefen en aanwend vir sy kerk. Sy hoofskap is 'n hoofskap wat tot die kerk georiënteerd is. Die kerk is sy liggaam. Die hoof voed die liggaam, koester die liggaam en gee om vir die liggaam. Die hoof slaan nie sy eie rigting in nie, maar die hoof is altyd besorg oor die liggaam. Die hoof bewaar en sorg vir die liggaam deur gedurig boodskappe uit te stuur wat die liggaam herstel en voorsiening maak vir die veiligheid en welsyn van die verskillende dele van die liggaam.

Die hoofskap van Jesus Christus behels 'n innige besorgdheid vir die kerk. Dit is die soort leierskap wat mans geroepe is om te beoefen oor hulle vrouens. Hy is hoof oor die vrou soos Christus hoof is oor die kerk. Dit beteken dat hy nie 'n onafhanklike hoofskap beoefen, terwyl hy op 'n afstand op 'n voetstuk staan, terwyl die vrou hieronder op die vloer kniel en besig is nie. Dit is eerder 'n hoofskap wat die vrou dien, 'n hoofskap wat besorg is oor haar. Dit is 'n hoofskap in liefde wat daarop ingestel is om alles te doen wat hy kan vir jou vrou. Christus het die kerk lief genoeg gehad om vir haar te sterf. Sal Hy dan nie vryelik vir haar alles gee nie? Natuurlik, sê Paulus. En so behoort dit te wees vir 'n mens se vrou. Geen tirannieke of eiemagtige hoofskap word toegelaat nie. Hoofskap beteken liefde; dit is om jouself te gee.

'n Getroude man is nie meer alleen nie; hy mag nie meer vir homself leef nie. Selfs die ongetroude persoon moet dit natuurlik nie doen nie. 'n Man het 'n ernstige verpligting teenoor sy vrou. Dit is sy taak [en vreugde] om in al sy besluite sy vrou in aanmerking te neem. Hy moet sy vrou raadpleeg in sy besluitneming. Soos Christus handel met die oog op sy kerk, moet die man handel met sy vrou in gedagte. Hy moet na haar kyk. Hy moet haar innig liefhê, soos Christus sy kerk liefhet. Hoofskap op sigself wat aanvanklik mag gelyk het na so 'n vernederende saak vir die vrou, het in stede daarvan 'n welwillende en eervolle saak geword.

Daarna praat Paulus daarvan dat jy jou vrou moet liefhê soos jouself, inderdaad soos jou eie liggaam. Die kerk is die liggaam van Christus wat die hoof is, en die vrou is soos die liggaam. Paulus sê ook vir die mans, sy is soos u liggaam. Paulus maak die stelling vanuit die Ou Testament, en haal Genesis 2:24 aan. Sy argument is dat as 'n man van sy vader en moeder af weggaan en saam met sy vrou lewe, dan sal hy en sy vrou een word. Dit is so 'n intieme verhouding dat om jou vrou lief te hê is eintlik om jouself lief te hê. Wanneer die man enige iets vir sy vrou doen, affekteer dit homself. Sy vrou is so naby aan hom, soveel deel van hom, dat sy soos sy eie liggaam is. Dit is wat hy bedoel. En so sê hy ook: "Die mans

behoort hulle vrouens so lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief." Dit is so 'n hegte verhouding dat hy homself kan seermaak deur sy vrou seer te maak. Aan die anderkant help hy homself as hy sy vrou help. Dit is waar op honderd maniere. 'n Gelukkige vrou beteken 'n gelukkige man. Die man wat sy vrou liefhet, ontvang liefde in ruil daarvoor.

Paulus gaan voort: "Niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen." [Die 1933 vertaling gebruik die woord "koester" i.p.v. "versorg".] Die twee teerste Griekse woorde wat Paulus kon saamvoeg, word gevind en hierdie vers: voed en koester. Wel, is dit nie so dat mans weet hoe om hul eie liggame te voed en te koester nie? Iets gly en Jan sny sy arm met 'n stuk gereedskap. Bloed drup van die wond af en hy vlieg na die medisynekas. Hy was die wond versigtig, versorg dit en koester dit. Hy mag dit vir die volgende ses dae lank voed en koester! Vrouens is veronderstel om meer bestand te wees teen pyn as mans. Mans voel pyn meer en dit lyk of hulle beter weet hoe om hulle pyn en seerplekke te voed en te koester.

Tog weet min mans hoe om hulle vrouens te voed en te koester. Petrus verwys ook na hierdie behoefte [I Petrus 3:7]: "Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag." U sien, 'n man moet sag met sy vrou werk, want sy is 'n vrou, of soos ons sê <u>vroulik</u>. Dit is wat Petrus sê. Mans behoort nie van hulle vrouens te verwag om soos mans op te tree nie. Wanneer mans klae dat hulle vrouens nie vroulik genoeg is nie ['n algemene klag], behoort hulle te vra of hulle hul vrouens as sulks behandel het. 'n Man moet sy eie rol en dié van sy vrou in gedagte te hou. Hy moet teer en begrypend teenoor haar wees in daardie rol, terwyl hy toesien dat sy reg optree voor God en haar kinders. Om begrypend te kan wees, moet hy probeer om homself in haar posisie te plaas en om soveel as wat hy kan, te sien van wat haar taak is, vanuit 'n vrou se gesigspunt. Dit is moeilik, maar dit is wat dit beteken om begrypend te wees teenoor 'n ander persoon: om te probeer om in sy skoene te staan. Natuurlik sal hulle nie presies pas nie. Tog moet mans probeer verstaan wat dit is om 'n vrou te wees, sê Petrus.

Dit is swaar vir 'n man om te verstaan wat dit beteken as 'n vrou haar maandstonde kry en 'n bietjie olik en bedruk voel. Dit is baie swaar vir 'n man. Hulle verstaan nie, want hulle het nie self daardie probleem nie. Tog moet hulle hul bes doen om haar te verstaan en haar saggies te behandel tydens sulke tye. En vrouens kan help deur te verduidelik. Dit is moeilik vir mans om te verstaan wat dit beteken om elke dag, die hele dag lank by die huis met die kinders te wees en doeke om te ruil in die oggend, middag en aand en ook tussenin. Dit doen 'n man goed om so af en toe 'n half dosyn doeke om te ruil, al is dit vir geen ander rede as om so 'n bietjie meer begrypend te word nie. Dit sal hom goed doen om af en toe by die huis te bly by die kinders en sy vrou te laat uitkom sodat hy 'n bietjie meer simpatie kan aanleer. Dit is nodig dat 'n man sy vrou se rol verstaan: dit is 'n goeie beginsel vir die bestuurder van enige onderneming. As mens 'n besigheid bestuur of 'n ouderling in die kerk is, moet jy jouself in die skoene van die mense stel vir wie jy bestuur, sodat jy hul probleme kan verstaan. Dit is die beroep wat Petrus doen op ons mans.

Dit behels nog meer soos blyk uit Kolossense 3:18.19. Hierdie twee verse is 'n opsomming van wat Paulus en Efesiërs 5 sê, naamlik "Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, soos dit pas by mense wat in die Here glo. Mans, julle moet julle vrouens liefhê en nie met bitterheid teen hulle optree nie." Hoe maklik is dit nie vir 'n man om verbitterd te raak teenoor sy vrou nie. U mag sê: "Hoekom doen sy nie dinge soos ek dit wil hê nie? Hoekom leer sy nie om haar hare vinniger te kam en aan die gang te kom nie? Hoekom moet ek altyd hier in die motor sit en wag? Hoekom laat sy my elke keer laat kom vir 'n vergadering? Ek is 'n uur en 'n half voor die tyd klaar. Hoekom kan sy nie betyds wees nie?" Mans kan baie verbitterd raak oor sulke dinge. Dit is wel waar dat u haar behoort te help om te leer om betyds te wees, maar u moet nie bitter raak oor haar mislukkings nie. U sal die probleem van bitterheid begin oorwin wanneer u begin om haar te verstaan. U mag nie bitter raak teenoor

haar elke keer wanneer sy verkeerd doen, net eenvoudig omdat u die huis bestuur nie. In plaas daarvan behoort u uself af te vra: "Wat het ek verkeerd gedoen en wat moet ek nou daaraan doen?" U is in beheer van die huis [u vrou ingesluit]. U sien, om die gesin betyds by plekke te kry is deel van u verantwoordelikheid. Die antwoord mag daarin lê dat u verstaan hoeveel tyd dit neem om vier kinders te was en aan te trek. 'n Man mag besluit om 'n bietjie hand te gee in so 'n geval, eerder as om woedend buite in die motor te sit en die toeter te blaas.

Maar laat my toe om te vra: eggenoot, gee u om vir u vrou, selfs byna net soveel as wat u vir u liggaam omgee? As sy 'n probleem het, gee u regtig om? Het u tyd om te luister? Wanneer sy besorg is oor iets, is u ook besorg? Kan u nog gelukkig wees wanneer sy ongelukkig is? Die mees intieme verhouding tussen mense is die man-vrou verhouding. Die liefde eis sekerlik versorging sowel as besorgdheid, om hierdie verhouding innig en teer te hou.

Wat is liefde? Paulus wys vir ons hier wat dit is. Liefde is om te gee - om van jouself te gee aan 'n ander. Dit is nie om te ontvang nie, soos die wêreld vandag sê. Dit is ook nie gevoel en begeerte nie; dit is nie iets waaroor mens geen beheer het nie. Dit is iets wat mens vir 'n ander doen. Niemand het abstrak lief nie. Liefde is 'n houding wat voortspruit uit iets wat werklik fisies plaasvind. Let op in hierdie gedeelte: Christus het die kerk liefgehad en Homself vir haar gegee. Johannes 3:16 sê: "God het die wêreld só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het." In Galasiërs 2:20 lees ons: "... die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê". "As iemand wat jou haat, honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink. Doen goed aan dié wat vir julle sleg behandel." Liefde is in die eerste plek nie 'n gevoel nie, maar eerder 'n gee van jouself vir 'n ander.

Hollywood het die liefde verdraai, die televisie verdraai dit, plate verdraai dit. Orals vandag word aan liefde gedink as iets wat gebeur. Dit gebeur net. "Ek kon dit nie help nie", sê die jongman wat hom en sy meisie in die moeilikheid laat beland het op die agterste sitplek van die motor. "Ek kon dit nie help nie." Hy is georiënteer tot gevoel, maar nie georiënteer tot liefde nie. Hy word deur begeerte gemotiveer en nie deur liefde nie. Liefde is altyd onder beheer. Dit is 'n bevel. Christus beveel: "Julle moet julle vyande liefhê." Jy kan nie rondsit en 'n toegeneë gevoel probeer opwek vir jou vyande nie. Dit gebeur nie op so 'n manier nie. Maar as jy jou vyand iets gee om te drink, begin daar sommer gou iets gebeur met jou gevoelens. Wanneer jy jouself vir iemand anders gee, begin jy anders voel teenoor hom. Gevoelens moet op iets solieds gebaseer wees. Die gevoelens wat ontwikkel en groei uit gee, is opreg en standhoudend. Maar gevoelens as basis vir liefde, is wispelturig. As liefde gebeur, wat gebeur as die gebeurtenis ophou om te gebeur? En wat gebeur as iets met iemand anders gebeur? Gevoelens is nie iets waarop mens kan staatmaak nie; dit is die een dag op en die ander dag af. Gevoelens is nie altyd onder beheer nie, maar ware liefde is. Die Bybel beveel: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele verstand en met al jou krag; jy moet jou naaste liefhê soos jouself: en jy moet jou vyande liefhê." En hier word die man beveel om sy vrou lief te hê.

'n Man en vrou kom vir beraad. Sy sê: "Ek weet nie hoekom ons gekom het nie. Die situasie is hopeloos." Hy stem saam: "Ons het mekaar nie meer lief nie." En daar sit hulle. Dit is duidelik dat hulle enige gevoel van liefde wat hulle eens mag gehad het, verloor het. Hulle verwag van die berader om te sê: "Wel, ek skat daar is geen hoop nie." Maar wat ons sê is: "Ek is jammer om dit te hoor. Ek skat julle sal moet leer om mekaar lief te hê." Hulle is uit die veld geslaan! "Wat bedoel u? Leer om mekaar lief te hê? Wat praat u? Dis belaglik." Nee, dit is nie belaglik nie. Ses of agt weke later kan hulle hand aan hand daar uitstap met die gevoel sowel as die liefde, as hulle regtig wil. U sien, liefde kom nie kant en klaar aangewaai van Afroditus, soos die dwaas glo nie. Liefde moet groei. Dit moet natgemaak, gevoed en gekweek word. Die onkruid moet ook uitgetrek word. Liefde hét sy probleme, maar ware

liefde kan groot en sterk groei, wanneer dit gekweek word soos God sê.

Eggenoot, as daar nie liefde in u huis is nie, is dit u fout. Prinsipieel lê die verantwoordelikheid vir liefde in die huis nie by die vrou nie [sy moet natuurlik liefde betoon], maar by die man. U sien, u moet u vrou liefhê, <u>soos Jesus Christus</u> sy kerk <u>liefhet</u>. Luister na 1 Johannes M:19: "Ons het lief" (dit is, <u>die kerk</u>: onthou die vrou weerspieël die kerk]; "Ons het lief [die kerk het lief] want Hy (Jesus Christus] het ons eerste liefgehad." Dit is hoe u liefde vir Christus begin het. Dit is nie omdat die kerk so liefdevol en beminlik was dat Jesus dit net nie kon help om haar lief te hê nie, maar eerder, terwyl ons "vyande" was, terwyl ons sondaars was, terwyl ons rebelse, slegte en verfoeilike wesens was in sy oë, het Jesus ons eerste liefgehad en sy lewe vir ons gegee! Hy het met liefde na ons gekyk ten spyte van dit alles, en besluit om sy liefde op ons te rig. Hy het ons uitverkies en ons liefgehad, afgesien van enige iets in ons wat prysenswaardig kan wees vir Hom. Pa, as die liefde in u gesin koud geword het, moet u iets daaromtrent doen. As u die liefde van Jesus Christus vir sy kerk gaan nastreef, dan is dit u taak om die liefde te begin. U kan nie pleit: "Ek kan haar nie liefhê nie, want sy het my nie lief nie." Jesus het ons liefgehad toe ons geen liefde vir Hom gehad het nie. U is die hoof van die huis. As daar min of geen liefde in die huis is nie, is dit u fout. God hou u verantwoordelik om liefde bekend te stel. U moet dit doen deur te <u>gee</u>. U moet u tyd, u belangstelling, u geld, uself gee. Beplan nou om iets spesifieks [konkreet] vir u vrou te doen elke dag hierdie week. Begin onmiddellik.

Nou is dit moontlik dat u vrou nie daarin sal slaag om u liefde te beantwoord nie, al gee u ook hoeveel. Maar afgesien daarvan, kan daar liefde in daardie huis wees. U liefde vir haar kan alles binnedring. As u huis koud en dood is, is dit u prima verantwoordelikheid om die situasie te verander. Die vrou in hierdie gedeelte word nie aangesê om haar man lief te hê nie; sy word aangesê om haar te onderwerp. Die man word aangesê om sy vrou lief te hê. Mans, dink ná daaroor. U het 'n moeilike taak. Maar om Christus se liefde te eer en te weerspieël, moet u nie misluk nie. Tog, die feit dat die man verantwoordelik is om die liefde in die huis aan die gang te hou, skeld nie die vrou daarvan kwyt om lief te hê nie. As u man u nie liefhet nie, moet u nog altyd liefde aan hom bewys.

"Wag 'n bietjie", sê u, "U was van plan om vir ons te vertel hoe om ons vrouens te beheer. U het al hierdie ruimte gebruik vir ander sake, en u het nie 'n woord gesê oor hoe om 'n vrou te beheer nie." Ek het reeds vir u vertel. As u dit nie kan sien nie, laat my dit uitspel. Paulus vertel ons hoe om ons vrouens te beheer, wanneer hy sê dat "julle moet hulle liefhê." Om hulle <u>lief</u> te hê. Dit is hoe 'n mens 'n vrou beheer. U moet haar liefhê. Sy is so gemaak. Wanneer u haar ten volle liefhet, is sy ten volle onder beheer. Wees lief vir haar. As u my nie glo nie, probeer net.

## DIE MAN SE KONTROLELYS

**IS EK WERKLIK DIE HOOF VAN MY HUIS?**

Deur die volgende voorbeeldvrae te beantwoord, sal u gehelp word in u besluit.

1. Weet ek wat elke dag in my huis aan gaan?
2. Is ek in beheer van wat gebeur; trouens, lei ek die gesin in die rigting waarin dit beweeg?
3. Kan ek my kinders en my vrou beheer?
4. Het ek my vrou werklik lief [deur myself vir haar te gee] soos ek moet?
5. Noem twee maniere waarop ek dit vandag gedoen het:
   A
   B
6. Aanvaar ek verantwoordelike leierskap oor my gesin?

As u nie baie goed gevaar het met hierdie kontrolelys nie, is dit nodig dat u u hele lewenspatroon in oënskou neem. Hieronder kan u 'n lys maak van 10 spesifieke maniere waarop u kan begin om liefde aan u vrou te bewys. Begin dan vandag om te verander deur een van hulle te doen.

1.
2.
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.

# HOOFSTUK 8

## *DISSIPLINERING MET WAARDIGHEID*

Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet vereis. "Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde." En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil." Ef.6:l-4.

Dit is nie moontlik om in besonderheid op al hierdie verse in te gaan nie, aangesien so baie gesê kan word oor die probleem van dissipline in die huis. Goeie gesinsverhoudinge tussen sondige ouers en kinders ontwikkel nie natuurlik nie. Dit verg baie inspanning. Daar kan so baie gesê word van elke kant van die verhouding dat dit moeilik is om meer te doen as om net aan die oppervlakte te raak. Hier sal ons die hele vraagstuk benader deur die pa's, aangesien Paulus met hulle praat in vers 4 en dan ook miskien 'n paar dinge sê aan enige jong mense wat dalk hierdie boek mag lees.

Die eerste vraag wat onmiddellik te voorskyn kom wanneer ons na vers 4 kyk, is hoekom spreek Paulus die vaders aan? Hoekom rig hy hom nie tot die moeders nie? Het moeders nie van die vroegste tye af meer invloed op die kinders as die vaders nie? Spandeer hulle nie meer tyd saam met hulle as die vaders nie? Is dit nie hulle wat die heel dag lank die kinders se swak gedrag moet verduur en wat die eintlike simbole van dissipline word dag vir dag en uur na uur nie? In ons samelewing waar ons nie meer in die plattelandse dorpie woon nie en waar pa die hele dag lank weg is van die huis en nie meer huis toe kom vir middagete nie, spandeer ma meer tyd saam met die kinders as hy. Dus, waarom praat hy nie met ma's nie, of sluit hulle ten minste in nie?

Daar is ten minste twee redes hoekom Paulus met die vaders praat. Een van hulle mag wees dat vaders 'n besondere probleem het met die saak wat Paulus uitlig: om die kinders opstandig te maak. Maar dit is nie die belangrikste nie. Wanneer Paulus met die vaders praat, praat hy ook met die moeders. Die rede hoekom hy met die vaders praat is omdat die vaders verantwoordelik is vir wat die moeders doen. Deur die vaders aan te spreek, spreek hy die een aan aan wie God sy outoriteit verleen vir dissipline. Die vader is die hoof van die huis. Die vader is die een wat uiteindelik aan God moet rekenskap gee van wat in sy huis gebeur. Ons het dit alreeds in die twee vorige hoofstukke bespreek. Ons het byvoorbeeld opgelet dat Paulus sê dat 'n man "sy eie huisgesin goed moet kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders moet kan uitoefen" [I Tim.3:4-5].

Nou wanneer pa sy huishouding bestuur, het hy nie altyd nodig om die dissipline direk toe te pas nie. Hy moet grotendeels die dissipline deur sy vrou toepas. In die Bybelse dae mag hy 'n onderwyser of 'n bediende in sy huishouding gebruik het; vandag kan hy 'n deel van sy gesag aan 'n onderwyser in die skool oordra. Daar is 'n hele aantal maniere waarop hy sy eie huishouding kan bestuur. Tog in alles, moet die vader in beheer bly en bewus wees van wat gebeur. God hou hom verantwoordelik. Dus wanneer Paulus sê "vaders", praat hy nie met die vaders alleen nie. Hy praat met die vaders oor hul verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle kinders reg geleer word.

Dit beteken natuurlik dat die vaders self 'n geweldige hoeveelheid direkte verantwoordelikheid sal dra vir die opvoeding van hul kinders. 'n Aantal gedeeltes dui duidelik aan dat dit presies is wat God verwag. In Deuteronómium 6 byvoorbeeld, word die vaders weer spesiaal uitgesonder as diegene wat enige vrae moet beantwoord wat hulle kinders mag hê oor die geloof. Dit verbied natuurlik nie die moeders om dit ook te doen nie.

[Vergelyk II Tim.1:5; Titus 2:3-5]. Die vaders moet nie net vrae beantwoord nie, maar hulle moet ook hulle kinders leer van God. Hulle moet die wet, instellings en gebooie van God vir die kinders inprent en aan hulle verduidelik. Hulle moet die kinders leer, nie net op formele wyse nie, maar ook op informele maniere: wanneer hulle lê, opstaan, langs die pad loop; kortom, in alle lewensomstandighede. Hulle moet onderrig vanuit die omgewing. Die Bybel beeld die vader dikwels uit met sy kinders, waar hy onderrig op formele én informele wyse. Die vaders word dus nie onthef van persoonlike, direkte onderrig omdat hulle bestuurders is nie. Tog kan die vader nie alles persoonlik self doen nie. Die vaders is uiteindelik verantwoordelik vir al die dissipline, al die onderrig en al die verhoudings in sy huis. Dit is die vader vir wie God uiteindelik verantwoordelik gaan hou vir wat in sy huis gebeur het. Dit is hoekom Paulus die vaders aanspreek.

Neem byvoorbeeld die situasie waar 'n vader 'n lid van een gemeente is en sy vrou en kinders aan 'n ander gemeente behoort. In die eerste gemeente word die Bybel geleer en geglo: in die laaste een nie. Die vrou help ongeloof aan en die kinders word onderrig in liberale leerstellings. Hierdie vader slaag nie daarin om die leiding in die huis te neem nie. Hy moet stappe neem om die gesin bymekaar te bring. Hy moet daarop aandring dat sy kinders in die Skrif onderrig word.

Wat is dit wat vaders moet doen om hulle kinders te dissiplineer? Paulus stel dit eerstens in die negatief: "En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie." [Die King James vertaling sê: "Do not provoke your children to anger."] Vaders moet daarteen waak om toe te laat dat hulle self, hulle vrouens, of enige iemand anders in die gesin die kinders opstandig maak. In die ooreenstemmende gedeelte in Kolossense 3:21, is dit insiggewend om die woorde wat in die plek van "opstandig" gebruik word, te vergelyk. Deur die twee woorde bymekaar te sit, word 'n duideliker prentjie gegee van waaroor Paulus praat. Daar skryf Paulus: "Vaders, moenie gedurig by julle kinders <u>fout soek</u>, dat hulle moedeloos word nie." Dit beteken dat die wind uit hulle seile geneem word, soos ons dit vandag sal stel. Moenie die kind se moed breek nie. [In die 1933 vertaling van die Afrikaanse Bybel lees ons: "Vaders, moenie julle kinders <u>terg</u> nie..." Die King James vertaling gebruik die woord "exasperate", wat vertaal kan word met onder andere ergerlik, terg, treiter, vertoorn, ens.

In nou aansluiting by die begrip opstandig maak, is die fout vind met of ergerlik maak van kinders 'n presiese beskrywing van wat so dikwels in ons dag gebeur. Om die waarheid te sê, beskryf die term opstandige ergernis baie goed die oorheersende houding van rebelsheid tussen so baie moderne jongmense. Hulle is ergerlik met hulle ouers. Hulle is moedeloos met hulle ouers. Gedurende beraad uiter hulle dikwels 'n toornige "Wat help dit?" Hulle skryf dissipline af as hopeloos. In woede draai hulle hul rug op hul ouers en sluit hulle ore, hulle verstand en hulle harte. Geen twee woorde beskryf die hedendaagse houding beter as opstandigheid gemeng met ergerlikheid nie. Die jeug het moedeloos geword, tou opgegooi en hulle ouers se dissiplinering met 'n gevoel van afkeur afgeskryf.

Wat is die oorsaak hiervan? Hoekom gee kinders moed op? Wat maak hulle opstandig of kwaad? Let op dat hierdie vers verwys na dissipline. Dit spel die verkeerde kant van dissipline uit. Nadat 'n kind besluit het dat hy genoeg daarvan gehad het, gee hy moed op. Natuurlik het die jong kind geen rede om homself toe te laat om ergerlik te raak nie. Tog is die versoeking sterk, aangesien alle vorm van dissipline moeilik is en onbybelse dissipline besonder swaar is om te aanvaar. Feit is dat ergerlikheid dikwels voorkom waar kinders nie op die Bybelse manier gedissiplineer is nie.

## Gebrekkige dissipline

Die interessantste feit wat sy verskyning maak wanneer daar met sulke jongmense gepraat

word, is dat dit nie dissipline self nie, nie eers in die eerste plek te veel dissipline nie, maar eerder gebrekkige dissipline is wat kinders meer as enigiets anders, ergerlik maak.

Laat ons nou dink hoekom dit waar is. Neem 'n voorbeeld. Onaangekondigde reëls, m.a.w. reëls wat eers bekend gemaak word nadat die kind dit verbreek het, veroorsaak ergerlikheid of toorn. Dit is nie dissipline nie. Veronderstel daar word vir 'n kind gesê: "As jy X doen, gaan jy pak kry", maar môre kom hy weg nadat hy X gedoen het. Wat gebeur? Daar is geen konsekwente dissipline nie. Wanneer reëls elke dag verander, weet 'n kind nie waar hy staan nie. Wanneer reëls net afgedwing word as gevolg van die ouers se grille, word die kind verward. Sulke reëls is regtig nie reëls nie. Hulle is geneig om ergerlikheid of geïrriteerdheid te veroorsaak. Sulke reëls is nie duidelik nie. Die kinders weet nie wat die straf is nie. Die perke is nie gestel nie. Wanneer dissipline dag na dag verander, gooi die kinders later hul hande in die lug en sê: "Wat help dit om te probeer om reëls na te kom; jy weet nooit wat die reëls is nie!" Sou u nie ergerlik geword het met die spel as die reëls vir bofbal elke dag verander het nie? Tog is dit die manier waarop baie sogenaamde dissipline gehandhaaf word. Daardie soort van dissipline word dikwels ook in Christenhuise aangetref.
Vandag kom klein Marie huis toe met 'n mooi blommetjie wat sy vir haar mammie gepluk het daar by die stroompie. Sy kom ingehardloop oor die kombuisvloer wat so pas gepoleer is, sonder om na die vloer te kyk, maar na haar mammie se gesig wat sy hoop sal verhelder met vreugde en blydskap. Maar haar mammie sien nie die blom nie. Sy sien slegs die modder wat' teen hierdie tyd oral oor die kombuisvloer is. Marie word letterlik met woorde uitmekaar geskeur - ledemaat vir ledemaat. Wat is haar reaksie? "Ek het probeer om gaaf te wees vir mammie en ek was letterlik vermoor daaroor!" Daardie aand dink ma ook oor haar reaksie. "Ek het haar byna geskop; sy het Dit nie verdien nie." Haar ma kon vergoed het deur aan Marie te beken dat sy verkeerd opgetree het en dan sake reggestel het. Maar sy het nie en dit het gelei tot ongunstige gevolge. Môre mag Marie dalk regtig iets ernstigs doen. Sy mag jok, op 'n rebelse manier terug praat met haar ma of wat ookal. Maar aangesien sy gister vir Marie onregverdiglik gestraf het, mag sy haar vandag laat wegkom daarmee. Dit is presies daardie soort van onkonsekwente dissipline waarmee ons kinders grootgemaak word en waaroor hulle begin te wonder: "Wat help dit?" Hulle begin twee en twee bymekaar tel en vind uit dat dit tien maak. Hulle dink: "Vandag word jy vermoor sonder dat jy iets gedoen het, maar môre kom jy weg met moord. Jy weet nooit wat jy gaan kry nie; jy weet nooit wat die perke is nie; jy weet nooit wat die straf mag wees nie. Wat help dit? Jy mag dan maar net sowel doen wat jy wil." Hulle gee dus moed op met ma [of pa). Hulle raak ergerlik en moedeloos oor die perke wat steeds verander.

Hoekom hou ouers aan om die grense te verskuif? Hulle is nie lus om aan dissipline te werk, vooruit te beplan, ens. nie. Dissiplinering verg inspanning. Maar van groter belang, dissiplinering vra ook verandering by ouers. Baie ouers gooi te gou tou op. As hulle vandag iets sê en hulle sien nie dadelik 'n verandering nie, dan gee hulle moed op. Hulle sal vir twee of drie dae bly by 'n reël en straf en as dit nie teen daardie tyd 'n verandering teweeg gebring het nie, kom hulle tot die gevolgtrekking dat daar geen verandering sal wees nie. Hulle vergeet dat wanneer hulle probeer om 'n nuwe patroon in hulle eie lewens te vestig [soos om op 'n dieet te gaan], dit soms 'n lang tyd neem. Hulle verwag van ander om geduldig te wees met hulle as hulle aanvanklik faal. Maar hulle vergeet dit in verband met hulle kinders. Nadat hulle dus vir twee of drie dae een ding probeer het [wat moontlik twee of drie weke sal neem om te begin deurbreek] gee hulle moed op en probeer iets anders [vir twee of drie dae natuurlik) en wonder dan hoekom niks werk nie. Ons kan net sowel een feit nou dadelik uitstryk: dit neem tyd om 'n kind te dissiplineer. En dit vra bepaalde, konsekwente gedwonge reëls. Gebrekkige dissipline is dissipline wat geen perke het nie; dit is 'n vloeibare dissipline,
Jongmense wil reëls hê; hulle wil weet waar die perke is. Kinders wat dikwels onkonsekwent behandel is, word vir beraad gebring. Ons praat met hulle saam met hul ouers en stel uiteindelik voor: "Veronderstel ons skryf dit alles uit. Veronderstel ons skryf 'n gedragskode uit. Jy sal die reëls en die straf vir die verbreking van elkeen ken. Jy sal vooruit weet presies wat sal gebeur en ons sal vir jou ma en pa help om by die gedragskode te bly. As jy geweet

het dat jou ma en pa regtig by die kode sou bly, sou jy nie meer daarvan gehou het as wat jy nou het nie?" Gewoonlik antwoord hulle: "Jy's reg, ek sou!" En wanneer ons die regte dissipline aan die werk het, sug die kinders van verligting. Nou weet hulle waar hulle staan. Nou kan hulle na ma en pa wys en sê: "Dit is wat julle beloof het om te doen." Hulle kan hulle ook aan die kode hou.

Jongmense moet weet waar hulle staan, nie net wat hulle ouers betref nie, maar ook in verhouding met ander kinders. Meer as een jongmens het tydens beraad gesê: "Jong, ek sê vir jou, daar is niks meer fantasties as om te weet wat die perke is nie. Wanneer jou vriende iets verkeerd wil doen en ek in die versoeking is om saam te gaan, kan ek net sê: 'Ek weet wat my ouers met my sal doen as ek dit doen: moenie op my reken nie!"[1] Hulle is dankbaar daarvoor. Hulle is bly om te weet waar die perke is. Dit is natuurlik nie waar van élke jongmens nie. Maar elkeen wat net 'n bietjie daaroor dink, sal die voordele daarvan insien. Ongereeldheid, onkonsekwentheid, geen bepaalde perke nie, onbetroubaarheid - dit is die eerste probleem. [Aan die einde van hierdie hoofstuk is 'n gedragskode werksvel wat u kan gebruik om 'n program in u huis op te stel. Moenie daarmee begin as u nie van voorneme is om konsekwent daarmee aan te gaan nie. Maar hoekom sou ú nie?]

Maar daar is ander redes hoekom ouers kinders ergerlik maak. Soms is die probleem swak dissipline as gevolg van te veel reëls. Dit mag na te veel dissipline klink, maar dit is nie. U sien, as u dosyne reëls het soos party ouers, mag u dink dat u regtig goeie dissipline toepas; maar as u aanhou reëls byvoeg, sal u uiteindelik soos polisiemanne wees of [meer waarskynlik] in gebreke bly om baie van die reëls toe te pas. Nie een van hierdie wyses van optrede is goed nie. As daar te veel reëls is, moet u die kinders die hele tyd dophou om te kyk vir enige oortreding van elke reël. Elke reël wat gemaak word moet gekontroleer word, anders is dit nie die moeite werd om die reël te maak nie. Trouens, dit is erger om reëls te maak wat nie gekontroleer word nie, as om hulle glad nie te maak nie. Wanneer 'n ouer nalaat om reëls soos 'n polisieman dop te hou, dan leer hy die kind dat hy nie ernstig is nie. Hy leer die kind dat hy onberekenbaar is. Soms kan hy dalk sekere reëls afdwing [gewoonlik wanneer hy genoeg gehad het], maar niemand kan ooit raai watter een of wanneer nie. Dit is 'n baie wankelmoedige situasie vir 'n kind. Hy weet nooit wanneer die hamer gaan val nie.

As u 'n reël gemaak het, moet u elke keer as daardie reël oortree word daarvan bewus wees en die neergelegde straf toedien. As u vyf-en-twintig of dertig reëls gemaak het, moet u die hele dag spandeer om ondersoek in te stel na watter reëls gebreek word. U sal vir niks anders tyd hê nie. Maar as u drie [of nog beter twee] reëls maak en getrou polisieman speel daaroor, sal dit nie baie lank wees voordat u kinders die regte idee het nie. Hulle sal weet dat wanneer 'n reël gemaak is, dit opgevolg sal word.

U kan dissipline en gehoorsaamheid beter inskerp met een reël wat behoorlik toegepas word as met vyf-en-twintig reëls wat u nooit almal kan opvolg nie. As u eers resultate van een reël gekry het, kan u 'n tweede een instel. Op die lang duur sal u vinniger vordering maak op hierdie manier.

U sien, die moeilikheid is dat ouers dit goed bedoel: tog wil hulle meer aanpak as wat hulle enigsins kan hanteer. Dus hanteer hulle dit nie. Daarbenewens maak hulle die kinders kwaad. Hulle kan maklik gesels oor dissipline, maar hulle volg nie regtig die reëls van die spel nie. Hoe sal u voel as u kind elke keer wanneer u gaan sit om skaak met hom te speel, die reëls verander? 'n Ergerlike gedagte, nie waar nie?

Die Here het slegs 10 gebooie vir ons ganse lewe gegee. In die Tuin van Eden was daar slegs een reël. Gehoorsaamheid was die kern van die reël en die straf was duidelik uitgespel. Adam en Eva was beveel om nie van daardie boom te eet nie. Al die ander bome was hulle s'n, maar daardie een boom was verbode. Een reël. Die straf was ook neergelê: "Die dag as jy daarvan eet, sterf jy." Lank voor die sonde het God gesê: "Moenie, maar as jy

dit doen, sal dit die gevolg wees." En toe dit gebeur het, het Hy die straf uitgevoer. Die mens het doodgegaan. Dieselfde was waar toe die Israeliete die beloofde land binnegegaan het. God se reëls, strawwe en belonings was neergelê op die Berge van Seën en Vervloeking. God se seëninge vir gehoorsaamheid was uitgespel en die vervloekinge vir ongehoorsaamheid was uitdruklik uitgespreek. Alles was voor die tyd uiteengesit. God het vir hulle gesê as hulle sondig, sal hulle tussen die nasies verstrooi word. Hy het vir hulle vertel van die vreeslike beleg wat sal plaasvind en dat die stad vernietig sal word. Hy het al hierdie dinge lank voor die tyd vir hulle gesê. Hulle het presies geweet wat die straf sou wees en hoekom dit sou gebeur. Dit was voor hulle die land binnegegaan het. Uiteindelik het hulle gefaal en die vervloekinge ontvang presies soos God voor die tyd gewaarsku het.

Reëls en strawwe ontstaan so dikwels in die hitte van die stryd. Dit is nie die tyd om reëls te maak nie. Toe klein Marie oor die vloer aangehardloop gekom het met haar blommetjie en moddervoetjies, was haar ma so ontsteld dat sy geskree het: "Jy gaan vir 'n week lank nie buitentoe nie!" Vir wie het sy gestraf? Sy sal nie by daardie straf bly nie. Dit sal verbasend wees as sy vir drie dae daarby bly. In die eerste plek was dit nie 'n regverdige straf nie. En dit was ook nie wys nie. Die kind kon dit nie voorsien nie, want dit was nie voor die tyd gesê nie. Dit het ontstaan in die hitte van die stryd - te laat. Dis nou maar daarnatoe!

'n Ander rede vir swak dissipline is verdeelde gesag. Die rede waarom mans en vrouens oor verskeie reëls en strawwe van mekaar verskil, is omdat hulle nooit sover gekom het om gedurende die stiltes voor die storms, tot 'n ooreenkoms te kom nie. In plaas daarvan, wag hulle totdat dit te laat is, die een is meer ontsteld as die ander en hy [of sy] wil net donderslae op klein Jannie se kop laat neerkom. Die ander sien die onregverdigheid raak en meng op een of ander manier in. Chaos en verwarring! Dit mag natuurlik ook glad nie op daardie manier gebeur nie. Dit kan wees dat nie een reg is nie. Weer eens kan daar twee verskillende gedagtes omtrent straf wees wat nooit uitgesorteer is nie. Wat die rede ookal mag wees, daar is slegs een goeie oplossing vir die probleem van verdeelde gesag: ouers moet tesame vooruit reeds besin wat hulle gaan doen. As hulle dit nie doen nie, sal hulle in plaas daarvan om 'n straf toe te dien wat by die oortreding pas, geneig wees om toe te laat dat 'n reël gebreek word wat hulle net verder sal verdeel.[6] Kinders is uitgeslape. Hulle kan duidelik sien wanneer ouers nie saamstem nie.[7] Hulle begin dikwels werk maak van hierdie feit en dryf dan 'n paar wîe van hulle eie in. Hulle leer hoe om hulle sin te kry deur die een ouer teen die ander op te steek. Tog is die einste resultaat hiervan ook geneig om die kinders te ontmoedig. Wanneer hulle ouers nie kan saamstem nie, skiet die dissipline te kort. Al mag die kinders ook 'n aandeel hê, is hulle nogtans met afkeur vervul daardeur. In gevalle waar ouers selfs na deeglike bespreking nie kan ooreenstem nie, moet die vrou haar aan die man se beslissing onderwerp. By mag dit wat pa gesê het, nooit minag nie. Dit is vir haar van die uiterste belang dat sy voor die kinders respek betoon vir die vader se Godgegewe gesag.

Waar twee gesinne in een huis woon en daar word nie daarin geslaag om die situasie Bybels te hanteer nie, is daar dikwels verdeeldheid. Die grootouers wil miskien hut eie gesag handhaaf en reëls maak. Hulle wil dalk nie hulle kinders se reëls aanvaar nie. Dit kan nie toegelaat word nie. God het die man die hoof van daardie huis gemaak, selfs van die grootouers wat daar kom woon het. Een gesin het hierdie probleem opgelos deur die

[6] Vir verdere hulp, raadpleeg Jay Adams, Competent to Council [Nutley. N J : Presbiterian and Reformed Publishing Co.. 1971] p.188 e.v.

[7] Dikwels wanneer die kommunikasie tussen ouers en jongmense gestaak het, is dit nodig dat die ouers hul eie sake opknap in 'n poging om hulle kinders te bereik (natuurlik moet die primêre rede om jou lewe reg te stel wees om God te behaag]. Wanneer dissipline aanvanklik te kort geskiet het as gevolg van verdeelde gesag, is die mees opmerklike verskil vir kinders die eenheid en nuwe verhouding van een ouer tot die ander wat uitgebeeld word in regverdige dissipline wat konsekwent toegepas word en waaroor die ouers ooreengekom het. Hierdie verandering alleen dra dikwels 'n effektiewe getuienis uit na twyfelende en vervreemde kinders.

vestiging van aparte woonkwartiere en lewenswyses in dieselfde huis. 'n Ander mag vind dat dit onmoontlik is en dat dit nodig sal wees om ooreen te kom oor dieselfde woonkwartiere en lewenswyses. In die meeste gevalle moet albei moontlikhede bespreek word.

Wanneer kinders [en hulle kinders] in dieselfde huis as hul ouers woon [gewoonlik 'n swak reëling], kan daar 'n magstryd ontstaan tussen verskeie vorme van gesag. Maar dit is die huis en tuiste van die grootouer en hy het die reg om te sê wat hy wil hê en wat hy nie wil hê nie [binne Bybelse perke] in sy eie huis. As sy kinders hul kinders (die kleinkinders] wil grootmaak op 'n manier wat verskil van Dit wat die grootouers aanvaar as behoorlik, dan moet hulle kies uit die Bybelse alternatiewe. Hulle mag nie baklei en argumenteer oor die saak nie. Dit maak die lewe vir almal deurmekaar. Hulle het slegs twee keuses: Hulle mag probeer om vir ouma en oupa te oortuig dat hul eie manier die beste is; of, as dit misluk, moet hulle vertrek. Daar is nie 'n derde alternatief nie.

Metodes wat spruit uit frustrasie (eerder as waardige metodes] veroorsaak probleme. As ma byvoorbeeld besluit dat sy van die skreeumetode gebruik gaan maak, veroorsaak sy chaos en frustrasie vir almal. Kort voor lank sal sy uitvind dat dit nie werk nie. As sy begin deur op 'n sekere toonhoogte te skree, sal sy spoedig uitvind dat kinders langs 'n waterval kan leef sonder om dit te hoor. Sy sal dus dan harder moet skree om aandag te kry. [Een kind het vir 'n kind wat daar gekuier het vertel: "Ons hoef nie te luister nie, totdat ma begin skree."] Na 'n ruk begin daardie toonhoogte "normaal" word en dan in sy gedwing om harder te skree. Dit werk vir 'n ruk totdat dit afplat na 'n plato. Sy hou aan om die toonhoogte en intensiteit te vermeerder totdat sy hees raak! Dit is dan die einde van die skreemetode. Daar is geen hoop hier nie; die skreemetode werk eenvoudig nie. En dit is dissipline sonder waardigheid. Gepaardgaande daarmee is 'n frustrasie wat tot raserny dryf. Op die ou end laat hierdie metode haar soos 'n gek in die oë van haar kinders, en hulle word met afkeur vervul, raak ergerlik en gooi tou op. Gebrekkige dissipline is dus die belangrikste aanleiding tot ergerlikheid en opstandigheid.

## OORDREWE DISSIPLINE

Oordrewe dissipline kan in sommige gevalle ook kinders opstandig maak. Sommige Christene het gereageer op die permissiwiteit van ons samelewing, maar alle reaksie is verkeerd. God se Woord is die Christen se standaard. Dit is altyd gebalanseerd; dit word nooit gekenmerk deur uiterstes nie. Reaksie is die gevolg van heen-en-weer denke wat gewoonlik swaai na 'n ewe swak teenoorgestelde uiterste. Ouers moet Bybels <u>optree</u>, nie <u>reageer</u> nie. Ouers kom tereg tot die gevolgtrekking dat hulle beter dissipline moet handhaaf. Dus swaai sommiges kragdadiglik oor na die ander uiterste. Alle uiterstes is onbybels.

Pa besef nou byvoorbeeld dat hy die hoof van die huis moet wees en dat hy God se gesag dra. Hy trek dus sy uniform aan, poleer die helder koper knope, die ster op die bors en die embleem op die pet. Dan paradeer hy daarin en swaai sy knuppel. So af en toe, net sodat hulle moet onthou, tik hy die kinders daarmee op die kop. So 'n eiemagtige gebruik van God se gesag is 'n misbruik daarvan. Windmakerige gesag is altyd verkeerd. Om te praat van hierdie gesag, terwyl daar geen rede is om daaroor te praat nie, lei dikwels tot misbruik. Die oormatige vertoon van gesag vir gesagsonthalwe, wys dat die ouer nalaat om op te merk dat gesag gegee word tot voordeel van die kind. Die handhawing van gesag op hierdie manier lei dikwels tot die daarstelling van dwase en onbuigsame reëls. As "sy gebooie nie moeilik is om te gehoorsaam nie" [1 Joh.5:3] waarom moet ons s'n wees?

'n Ander gebied waar ouers onnadenkend kinders "afsit", is met huisgodsdiens. Dit word

dikwels só gelei asof dit vir die voordeel van die kind alleen is. Huisgodsdiens behoort gesinsgeoriënteerd te wees; nie slegs kind-georiënteerd nie. Eerder as om die indruk te skep dat Bybellees en gebed slegs vir kinders is, sal 'n lewendige bespreking nou en dan van die toepassing van 'n Bybelse gedeelte deur ma en pa op hul eie lewens, waarin die kinders as't ware geïgnoreer word, 'n groot bydrae lewer om die belangrike rol aan te toon wat die Woord van God moet speel in die praktiese voortgang van die daaglikse lewe in 'n Christenhuis.

In hierdie verband kan genoem word dat dit nodig is dat kinders sien wanneer ouers verskille het [dit moet nie alles agter toe deure plaasvind nie]. Maar dit is ook nodig dat hulle sien hoe hulle daardie verskille opklaar soos Christene. Anders het die ouers gefaal om hulle kinders te leer hoe om probleme op God se manier te hanteer.

Gepaardgaande met te veel dissipline, is dikwels onregverdigheid met straf. Oordrewe dissipline gebruik voorhamers om duimspykers mee in te slaan. Kinders kom ook in die versoeking om onder hierdie soort van behandeling ergerlik te raak. Dwase en misplaasde straf is die gevolg van hierdie houding. Die persoon wat dissipline tot die uiterste dryf, het nooit geleer hoe om te onderskei tussen sake wat van mekaar verskil nie. Byvoorbeeld, veronderstel 'n kind begin terugpraat. Wanneer hy begin om parmantig te raak teenoor sy ouers, moet dit natuurlik ontmoedig word. Hy moet gedissiplineer word. Hy moet geleer word dat dit onrespekvol is teenoor ouers en 'n sonde is voor God. Hy moet dit nie net op 'n verbale manier geleer word nie, maar ook met afdwingbare dissipline. Nou hoe doen 'n mens dit? Wel eerstens moet die ouers seker maak dat hulle nie valse dwang in die dissipline sit nie. As hy dit nie doen nie, kan die volgende gebeur: dit is moontlik dat hy nie net terugpratery sal ontmoedig nie, maar dat hy <u>alle</u> praat sal ontmoedig. Hy mag belangrike kommunikasie ontmoedig. Maar die laaste ding wat 'n ouer moet doen, is om kommunikasie af te sny. Dus aan die een kant moet hy sekerlik terugpratery ontmoedig; maar aan die ander kant moet hy nooit opregte kommunikasie ontmoedig nie, wat ook beteken dat redes gegee word, verduidelikings en inligting waaroor 'n kind verplig voel om te praat. Ouers kan situasies verkeerd verstaan. Nuwe inligting kan 'n verskil maak. Die kind kan regtig 'n goeie saak hê, waarvoor hy die geleentheid behoort te hê om dit te stel.

Wanneer hy iets het wat die moeite werd is om te sê, moet die kind aangemoedig word om dit te doen [in die regte gesindheid natuurlik]. Hoekom gee jongmense moed op? Waarom word kommunikasie afgesny? Wat gee daartoe aanleiding dat hulle hul ouers letterlik uitskakel en weier om met hulle te praat? So dikwels is dit omdat ouers geweier het om na hulle kinders te luister. Wanneer hulle keer op keer toegang geweier is, word kinders eintlik in die versoeking gestel om negatief te reageer. Hulle sê: "Wat help dit?" Hulle gee moed op en sê geïrriteerd: "Ek sal met iemand anders praat." Daarom moet ouers leer om te onderskei tussen die terugpratery wat stilgemaak moet word en die waardevolle kommunikasie wat aangemoedig moet word.

"Maar", antwoord u, "hoe moet mens onderskei?" Dit is moeilik om so 'n onderskeiding te maak. Maar waarom moet u^ die besluit neem? Laat die kinders self onderskei tussen die twee. Plaas die verantwoordelikheid op hulle sodra hulle oud genoeg is om die onderskeid te verstaan. Selfs baie jong kinders kan saamwerk deur 'n teken te gebruik om aan te dui wanneer hulle regtig wil gesels. U kan sê: "Waarom kom ons nie ooreen oor 'n sleutelwoord of gebaar waardeur jy 'n teken gee dat jy regtig iets het om vir ons te vertel nie." U mag enige frase of gebaar gebruik wat u wil, maar as u verbeelding kortkom, probeer die vloot se manier om aandag te kry, soos bv. "Aandag asb." Wanneer 'n kind sy verklaring in 'n dissiplinêre situasie met daardie woorde inlei, behoort hy te weet dat hy aangehoor sal word. Hierdie vergunning gee nie net die kinders 'n manier om die ouers se aandag te kry nie, maar dit gee ook die ouers 'n sekonde of twee om ratte oor te sit, 'n bietjie spoed te verminder en na te dink oor wat kom. En die belangrikste van alles, dit plaas die verantwoordelikheid op die kind om te onderskei tussen die twee. En dit is waar dit hoort.

Natuurlik moet u hom waarsku dat dit 'n voorreg is wat nie misbruik moet word nie. Hy moet dit nie gebruik as 'n manier om terug te praat nie. Hy mag nie op 'n lelike manier praat of op 'n manier wat lyk of hy u wil terugkry nie. Dit is 'n voorreg wat bedoel is om die kommunikasiekanale oop te hou en dit behoort vir daardie doel alleen gebruik te word.

'n Ander gebied waar oordrewe dissiplinering ter sprake kan kom, is by die kwessie om te leer hoe om te onderskei tussen wat as 'n reël afgedwing moet word en wat 'n kind toegelaat moet word om op sy eie te leer. Wanneer 'n jong kind op daardie stadium in sy lewe kom wanneer hy leer om op 'n skoppelmaai te swaai, hou die skoppelmaai 'n geweldige aantrekkingskrag in. Hy wil graag leer, maar hy mag darem nog te bitter klein lyk! Ma wonder: "Sal ek hierdie klein kindjie wat nog skaars kan loop laat swaai?" Sy wil dit nie doen nie. Sy weet as sy dit toelaat, gaan hierdie klein outjie 'n paar knoppe, snye en kneusplekke opdoen. Daar sal bloedverspilling wees; hopelik nie te veel nie. Dus probeer sy so lank as moontlik wag, maar die onvermydelike kom. Maar wat doen sy as die bestemde dag aanbreek? As sy verstandig is, sal sy hom op die swaai tel, hom wys hoe om te swaai en hoe om nie te swaai nie, en so aan, sy sal by hom moet bly totdat hy weet hoe om dit te doen, maar eindelik sal sy hom moet los. Sy kan nie vir die res van die week by hom bly nie. Sy byt op haar tande en wag vir die onvermydelike gil. Wanneer dit gebeur - en dit sal sekerlik gebeur - kry hy sy knoppe. Hy moet deur die knoppe ook leer. Aan die anderkant, as daardie selfde kind oor die kombuisvloer hardloop na die gasvlam om die "pragtige vlammetjie" te gryp, wat doen ma? Sy sê: "Laat hom leer deur die brandplekke?" Definitief nie. Sy klap sy handjie vinnig weg en sê nee. Vir sy eie onthalwe weerhou sy hom van moontlike ernstige gevaar. Hy mag die sensitiewe ligamente in sy handjie brand en homself skend vir lewenslank. Sy durf hom nie toelaat om die vlam te gryp nie.

Ouers moet leer om te onderskei tussen skoppelmaai-aangeleenthede en vuur-aangeleenthede. Onthou dit is makliker om dit te doen op hierdie jong ouderdom; dit raak moeiliker later. Maar vra uself af: "Is die dra van blou jeans en lang hare 'n skoppelmaai-aangeleentheid of 'n vuur-aangeleentheid?" U is verplig om daardie vraag te vra. Aan die anderkant, veronderstel u tienderjarige kind wil dwelmmiddels gebruik. Watter soort aangeleentheid is dit? Is daar 'n verskil tussen dwelmmisbruik en lang hare? Is daar 'n paar noodsaaklike knoppe om op te doen aan die een kant en 'n paar regtig ernstige dinge aan die ander kant waar 'n ouer sy voet moet neersit en sê nee?

Neem 'n ander voorbeeld van oordrewe dissipline: om nee te sê vir alles. Dit is 'n baie belangrike saak vir ouers om oor na te dink. Soms maak ouers van elke ding 'n hooggeregshofsaak. Sulke ouers sê gewoonlik niks anders as "nee" nie. Veronderstel dat u elke keer wanneer u u na u man of vrou of iemand anders na aan u keer, slegs "nee" of "moenie" vir 'n antwoord kry. Veronderstel daar was nooit 'n woord van aanmoediging of waardering nie. Veronderstel die persoon sê nooit vir u: "Jy weet, jy het regtig daardie werk goed gedoen" nie. Veronderstel hy sien slegs die dinge raak wat u verkeerd doen. Veronderstel hy kyk dit nooit mis net uit liefde nie. Veronderstel hy is gedurigdeur op u nek oor een of ander ding. En veronderstel dat elke keer as u vir iets vra, vind hy fout daarmee en dat hy dit altyd regkry om die woord <u>nee</u> in elke gesprek in te druk. Hoe sal u na 'n ruk voel?

En tog, weet u, dit is presies die manier waarop baie ouers met hul kinders handel. Hulle sê niks oor die goeie dinge wat hulle doen nie. Hulle moedig nie die kinders aan nie. Dit is eerder die geraas, die gebreekte blompot, die moddervoete, ens. wat al die aandag kry. Dit is natuurlik die maklikste uitweg. Die negatiewe vra vanself aandag, daarom is dit makliker om daarop te Fokus. En dit is dikwels die ouers se één oriëntasie. Die ouer is geïnteresseerd om die swak tafelmaniere uit te roei, botter op die mes te sit sodat die ertjies daarop kan bly en al daardie soort dinge. Christen-ouers moet weer oor hierdie saak dink. Hulle moet nie die kere vergeet toe die kind gehoorsaam was en die regte dinge gedoen het nie. Hulle moet nie nalaat om die kere raak te sien wanneer die kinders hulle nié laat skaam

kry het nie. Dit vra inspanning om die goeie te loof - baie meer as om die slegte te veroordeel.

Dit is interessant om op te let dat die kinders se gebod: "Eer jou vader en jou moeder", positief is. Dit is nie 'n negatiewe gebod soos "Jy mag nie steel nie". "Jy mag nie moord pleeg nie." Nie al die gebooie is negatief nie, maar 'n hele paar daarvan is. Hierdie een is nie. Die kind se gebod is 'n positiewe voorskrif: "Eer jou vader en jou moeder."

Die ander interessante ding wat Paulus uitwys, is dat dit die eerste gebod is wat 'n belofte byvoeg: "...dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee." Daar is 'n belofte, 'n beloning, 'n aanmoediging. Christene, van alle mense, behoort die eerstes te wees om belonings en aansporings te erken en te gebruik wanneer kinders dissipline geleer word.

Die behavioriste praat van belonings; maar as jy regtig daarna kyk, is 'n beloning soos hulle dit sien, nie regtig 'n beloning nie. Dit is 'n manier van manipulasie. Hulle het geen respek vir die beeld van God in die kind nie. Daar is geen plek vir die werk van die Heilige Gees in sy hart en lewe om bekering teweeg te bring nie. Die versoenende werk van ons Here Jesus Christus wat na hierdie wêreld gekom het om sy bloed te stort vir sy mense, word hoegenaamd nie in ag geneem nie. Daar is kinders sowel as grootmense wat in Hom glo. Nie alleen is hul harte skoongemaak nie, maar die Gees werk aan daardie ou sondige natuur waarmee hulle gebore is. Sy krag help hulle ook om te strewe na die vervulling van die gebooie van God en die gevolglike beloning. Die behavioriste is nie regtig bekommerd oor die individu in die Bybelse sin van die woord nie. Hulle huldig 'n kudde mentaliteit. Tog praat hulle [verkeerdelik] van belonings meer as wat Christene doen. Die gebod toon die wyse waarop God self kinders motiveer. Hy doen dit met 'n belofte. Hy bied 'n beloning aan, maar belonings sluit nie straf uit nie. Dit is egter interessant dat die klem in hierdie belofte geplaas word op die beloning.

Dit is miskien nodig om duidelikheid te kry oor een saak: dissipline deur middel van 'n pak slae is Bybels. dit word dwarsdeur die boek Spreuke voorgestaan. Kinders behoort met 'n pak slae gedissiplineer te word. "Onverstandigheid is eie aan 'n jongmens, maar 'n pak slae haal dit uit hom uit." Net soos ons nagelaat het om te beloon, het ons ook die Bybelse beklemtoning van pakgee uit die oog verloor. Lyfstraf is 'n straf wat vinnig en genadiglik toegedien word. Aanvanklik bevraagteken kinders soms die woord <u>genadig</u>. Tog is daar geen genadiger straf as lyfstraf nie. Hierdie Bybelse nadruk praat nie die toediening van ernstige liggaamlike beserings, die breek van bene, ens. goed nie. Dit was nie die bedoeling met die gebod nie. Maar 'n pakslae, toegedien in liefde, erns en doelgerigtheid [sowel as met die regte hoeveelheid krag], is die mees genadige vorm van straf. Deesdae spandeer gevangenes lange jare in die tronk; en ons praat van rehabilitasie, en tog lyk dit of ons nêrens kom nie. Mens wonder soms of nege-en-dertig houe nie meer effektief sou wees nie. Miskien kon die gevangene vrygelaat word om gouer te begin bou aan 'n nuwe lewe.

Maar in elk geval, in 'n bespreking van die saak met die kind tydens beraad, huldig hyself hierdie mening. Wanneer hy die voorreg van 'n keuse het, vind ons dat hy gereeld lyfstraf verkies bo die uitgerekte marteling van verbode voorregte vir dae en weke, Wie kan sê dat laasgenoemde meer genadig is? Dit is so goed of jy plaas die kind op die martelbank. En, om dit erger te maak, moet ma en pa dag vir dag 'n koel en negatiewe houding teenoor hom behou. Die kind is in die "hondehok" en sy ouers verkeer vir dae lank op die verkeerde voet met hom. Is dit regtig genadig? Dit is marteling.

Dit is baie beter om hom te laat buk, "stelling te laat inneem" deur die enkels te gryp (wat die veiligste manier is om dit te doen] en geplak te word. "Stelling inneem" het twee voordele: eerstens gee dit 'n oop veld vir die afslaan met 'n lat of 'n houtspaan: jy kan nie misslaan nie. Jy kry 'n goeie deeglike hou in net waar dit tuishoort. Maar nog belangriker, wanneer die

kind sy enkels vashou, kan hy nie sy hande opbring daar na die plek tussen die spaan en die punt waarnatoe dit mik nie. Die natuurlike reaksie is dat hy homself met sy hande sal beskerm en daarom moet ouers toesien dat sy vingers nie raakgeslaan word nie. As 'n spaan gebruik word, kan dit bene breek as die vingers tussenin kom. Maar die swaaibeweging is vinniger as die hande en as hy sy enkels vashou, kan hy nie sy hande vinnig genoeg opbring om die hou te keer nie. Om dus "stelling in te neem" is 'n veiligheidsmaatreël. Sommige ouers beweer dat die spaan 'n versagtende uitwerking het.

Is dit nie regtig so dat 'n goeie vinnige pakslae toelaat dat meer genaakbare verhoudings direk daarna ontwikkel nie? Die straf is oor. Dit is nie nodig om op vyandelike voet te verkeer met die kind vir dae, of selfs ure nie. Hy gil en skree en skop en dan neem jy hom in jou arms. Hy het sy boete betaal. Dit is uit en gedaan. Dit is God se basiese metode van straf.

## DISSIPLINE EN VERMANING

Daar is ook 'n tweede gedeelte in Efesiërs B:M. Dit is die positiewe deel van die vers. Paulus waarsku, moenie kinders opstandig maak nie, maar "maak hulle groot met tug en vermaning". Die meeste Engelse vertalings sê: "discipline and instruction". God het ons nie alleen vertel wat om nie te doen nie, maar hy het ons ook vertel wat om te doen en hoe om dit te doen.

God beveel ouers om hul kinders te dissiplineer op sy manier. Hy het hulle nie in frustrasie gelos nie - Hy het hulle ook nie aan hulle eie onbekwaamheid oorgelaat nie. Ouers moet voortgaan om hulle verantwoordelikheid te aanvaar binne die algemene beginsels wat Hy hier gee. Sy woorde, volgens die King James vertaling, "nurture and admonition of the Lord", beskryf die Here se soort onderrig. Dié woorde kan vertaal word met "opvoeding en berisping".

Let eerstens op dat dissipline van God kom. Alle ware gesag vir onderrig is van God: Dit is "van die Here". Maar, tweedens, alle dissipline en onderrig moet sy dissipline wees in soverre as wat dit die dissipline weerspieël wat Hy oor die ouer, wat ook sy kind is, uitoefen. As u 'n opregte kind van die Here is, sal u deur Hom gedissiplineer word [Heb.15:5 e.v.]. U sal ook pak kry. As u nie 'n ware kind van God is nie, sal u nie die tugtiging van die Here ontvang nie. As u 'n verbreker van die verbond is, sal die toorn van God eendag op u wees omdat u nie ingegaan het in die wonderbaarlike genadeverbond nie. Maar as u 'n ware kind van God is, sal u die seëning van die Hemelse Vader se dissipline ontvang in hierdie lewe. Die dissiplinêre metodes wat Christen-ouers dus gebruik, moet dieselfde wees as God s'n. Hulle moet opvoeding en berisping of tug [dissiplinering en vermaning) gebruik. Dit is die soort dissipline wat God self gebruik. In Deut.11:1 word ons aangespoor: "Julle moet die Here julle God liefhê en altyd sy opdragte gehoorsaam". In die Berkely vertaling staan: "Be mindful of the Lord's discipline." Ons moet dit bestudeer, verstaan en gebruik.

Wel, presies wat is hierdie "dissipline van die Here", hierdie "opvoeding en berisping" waarvan Paulus praat? Die eerste woord: "opvoeding" of "dissipline" [of "tug"] beteken om te leer volgens 'n struktuur. Dit is konstruktiewe dissipline. Hierdie leerproses behels die daarstelling van 'n program wat gerig is op doelstellinge en die gebruik van bepaalde metodes om hierdie doelstellings te bereik. Dit verg geduldige, volhardende en konsekwente inspanning totdat die dissipline die regte manier van lewe in daardie kind voortgebring het. Dit is leer wat gerugsteun word deur die lat; dit is leer wat gerugsteun word met straf. Maar dit is leer wat ook beloning aanbied vir egte prestasie. Dit behels 'n bewuste begeerte en berekende inspanning om iets in die lewe van die kind te verander of om iets te bou in die lewe van die kind. Dit is wat die eerste woord beteken. Die Skrif is die standaard van sulke leer of onderrig.

Die tweede woord "berisping" of "vermaning" beteken om iets in daardie kind se lewe te sien wat u weet verkeerd is en wat verander moet word, hom verbaal met God se woord te konfronteer oor wat verkeerd is, en diep in sy hart en siel by te kom om te probeer om 'n verandering teweeg te bring tot sy voordeel. Dit beteken dat die ouer 'n beroep op die kind moet doen om selfdissipline te leer en te beoefen. Terwyl die eerste woord dui op dissipline van buite, deur ander, dui hierdie woorde op innerlike dissipline, wat groei uit persoonlike oortuiging. Dié woorde verwys letterlik na 'n berisping wat op sy hart en verstand gedruk word. Dit behels meer as om hom hierin te manipuleer of in daardie gedragswyse te struktureer.

Dit is hier waar Skinner en sy behavioristiese metodes nie standhou nie. Behavioriste "dissiplineer" kinders op dieselfde manier as wat mens 'n hond dissiplineer. Behaviorisme en die Christelike etiek konstitueer twee verskillende metodes om 'n kind te leer. Kinders [en vrouens] kan nie geleer word om om te rol, twee keer te blaf en die koerant tussen hulle tande te gaan haal soos die hond nie. Christene moet dink aan die kind se verhouding met God en met hulself. Dit is waaroor die tweede woord gaan.

Soos die jare verbygaan, behoort die nadruk in dissipline te verskuif van gestruktureerde dissipline na selfdissipline. Ouers moet hul kinders "oefen", maar leer om terug te staan wanneer hul kinders leer om verantwoordelikhede te aanvaar. Die Leer iets/Verdien iets program aan die einde van hierdie hoofstuk voorsien een metode □ m hierdie oorgang op spesifieke maniere aan te moedig.

Dissipline met waardigheid behels dus nie net 'n struktuur wat daargestel word om toe te sien dat doelwitte bereik word nie. Dit is nodig, maar dit ag ook die persoonlike oortuiging van die kind om te doen wat God sê, as selfs meer belangrik. Hy is gemaak na die beeld van God en hy moet in sy hart bereik word deur God se Woord. Dit is hierdie boodskap wat praat van 'n liefdevolle Here wat gekom het en Homself gegee het vir sy mense en wat eers ons kinders se harte moet aanraak om hulle tot berou en geloof te bring. Ouers moet hul kinders tot berou lei en hulle na die Verlosser bring. Dan moet hulle voortgaan om hul kinders te wys wat Hy wil hê en aanhou om hulle te motiveer, nie net met die lat nie, maar ook by die kruis.

God doen baie dinge om ons te dissiplineer. Baie van die sleutelpunte van sy volmaakte dissipline is alreeds genoem in kontras met mislukkings as gevolg van gebrekkige dissipline en oordrewe dissipline. Maar om op te som, laat ons dit so stel: God maak sy wil duidelik. Hy verduidelik die reëls, en Hy sê wat die straf sal wees vóórdat die oortreding plaasvind. Wanneer die oortreding plaasvind, doen Hy wat Hy gesê het. Dit is die basis van alle konsekwente dissipline en dit verskyn in die Woord van God. Ten spyte van ons sondige mislukkings moet ons ons kinders meer en meer op God se manier leer.


## GEDRAGSKODE

| Oortreding | Straf | Deur Wie | Wanneer |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| Algemene Ongehoorsaamheid | | | |

Maak 'n lys van dissiplinêre reëls, strawwe en prosedures waaroor ooreengekom is, in die blokke hierbo. Wanneer u tot 'n geskrewe ooreenkoms gekom het, wys dan die kode vir u kinders en verduidelik dit vir hulle. Vra of hulle enige vrae of voorstelle het. Sluit enige veranderinge in wat u albei heelhartig mee saamstem. U is die finale outoriteite en u hoef nie enige voorstelle te aanvaar wat u nie sien as verbeteringe nie. Wanneer alles gereël is, stel die kode in werking. Moenie aan meer as drie reëls op 'n slag werk nie. [Twee sal beter wees.] Maak seker dat u polisieman speel oor die reëls en straf elke oortreding. Afskrifte van die kode wat in kamers en op ander geskikte plekke geplaas word, mag help om elkeen wat betrokke is, te herinner. Vir verdere inligting, sien Adams, competent to Council, pp. 188 e.v., 220.

Ouers behoort tydens 'n gesinsamekoms die Leer iets/Verdien iets program aan hulle kinders te verduidelik. Die Bybelse beginsel dat verantwoordelikheid lei tot die voorreg van groter verantwoordelikheid, lê aan die grondslag van hierdie program [sien Matt.25:21, 23, 29]. Ouers behoort hul kinders te vra om 'n lys te maak van voorregte wat hulle graag sou wou hê. Van hierdie lys kan vyf gekies word en geskryf word in die spasies genommer 2, 4, 6, 8 en 10. Langs hierdie nommers kan ouers 'n lys maak in die spasies 1, 3, 5, 7 en 9 van vyf verantwoordelikhede [of prestasies] wat hulle sou wou sien dat die kind leer of behaal. [Ouers wil miskien in 'n vertroulike gesprek hieroor ooreenkom.] Albei lyste behoort van die maklikste tot die moeilikste te beweeg. Deur dit voor die tyd te beplan, kry die kind die geleentheid om voorregte te bekom in sy eie tyd. Die moontlikheid om by die "trappe" op te klim na die hoogste en mees begeerlike voorreg wat in sig is, dien dikwels as sterk aansporing. Verantwoordelikhede moet geleer word voordat 'n voorreg toegestaan word. Dit beteken dat die verantwoordelikheid vir 'n aangewese tydperk konsekwent aanvaar moet word. Dit is 'n voorveronderstelling dat wanneer na 'n hoër vlak beweeg word. die verantwoordelikhede wat op 'n laer vlak aanvaar is, sal voortduur. Voorregte moet sover moontlik by die verantwoordelikhede pas, sodat die eersgenoemde voortspruit uit laasgenoemde en ook as grondslag daarvoor dien.

## LEER IETS/VERDIEN IETS PROGRAM




| **LEER IETS [PRESTASIES]** | **VERDIEN IETS [VOORREGTE]** |
|---|---|
| 1 ______________________________ | 2 ______________________________ |
| 3 ______________________________ | 4 ______________________________ |
| 5 ______________________________ | 6 ______________________________ |
| 7 ______________________________ | 8 ______________________________ |
| 9______________________________ | 10 ______________________________ |

# HOOFSTUK 9

## *HOE OM MET 'N ONGELOWIGE MAN SAAM TE LEEF*

In die geskiedenis van die kerk was dit nooit ongewoon om Christenvroue te vind wat met ongelowige mans getroud is nie. Dit is definitief nie 'n nuwe verskynsel nie. In die dae van Christus se aardse bediening, het vrouens by die kruis gebly, terwyl mans gevlug het. Dit is 'n baie interessante opmerking omtrent vrouens. Die dissipels het gegaan, maar die vrouens het gebly. Het u al ooit gewonder wie hulle mans was en waar hulle was? Dit was vrouens wat eerste by die graf aangekom het op die Sondagoggend, die dag van die opstanding. Dit lyk dus of die kerk van die begin af die situasie gehad het van gelowige vrouens wat getroud was met mans wat nie heeltemal so gelowig was nie. Hierdie omstandighede kom dikwels genoeg voor dat mens sou verwag dat die Skrif direk oor die saak sou praat. En inderdaad is dit ook so.

Die eerste ding wat baie duidelik gemaak moet word voordat ons verder gaan, is dat God nie ten gunste van 'n huwelik tussen 'n gelowige en ongelowige is nie. In 1 Korinthiërs 7:39 sê Paulus dat Christene met 'n gelowige moet trou. In die King James vertaling word gesê dat hulle slegs mag trou "in the Lord". Dit beteken <u>binne die algemene geloof</u> wat Christene het in Jesus Christus, daardie geloof wat hulle identifiseer as 'n deel van die liggaam van Christus. Sodoende kan gesê word dat hulle saam is "in Christus" of "in die Here". Niks in die Skrif neem enigiets weg van hierdie skerp omlynde gebod van die Here dat gelowiges nie in 'n gelyke juk saam met ongelowiges moet trek nie. Christene mag net "in die Here" trou, met ander woorde slegs binne die geloof.

Daarom, wanneer die Skrif instruksies gee aan 'n gelowige vrou wat met 'n ongelowige man getroud is, praat dit op geen manier gunstig van 'n huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige nie. Waaroor spesifiek gepraat word.

is daardie situasie wanneer een van twee ongetroude gelowiges 'n Christen word. Dit is nie 'n ongewone gebeurtenis nie. En meer dikwels blyk dit dat dit die vrou is wat 'n gelowige word eerder as die man.

Hoekom dit gebeur, is moeilik om te verduidelik. Interessant genoeg, in die gereformeerde kerke met wie die skrywer baie intiem bekend is, blyk daar 'n baie hoë persentasie mans in die gemeente te wees. Daarvoor moet ons baie dankbaar wees. God seën ons ryklik met mans. Ander kerke mag die probleem as 'n groter dreigement beleef as sommige van ons kerke. Nietemin, moet almal van ons weet wat God omtrent hierdie saak sê. En deur te bestudeer wat God sê, is dit ook moontlik om 'n paar algemene beginsels te leer omtrent hoe om te getuig teenoor ongelowiges. 'n Mens kan ook 'n paar baie belangrike beginsels leer oor hoe gelowiges by die huis moet lewe. Geeneen van die aanbevelings mag vir een situasie uitgesonder word nie: die beginsels daarin sny deur ons hele ervaring as Christene. Terwyl hierdie hoofstuk dus in besonder vir diegene bedoel is wat ongelowige mans het, geld sy boodskap ook vir ons almal. Gelowige mans wat ongelowige vrouens het, mag ten beste teenoor hulle getuig deur die verantwoordelikhede van "liefdevolle leierskap" te aanvaar, wat bespreek is in die hoofstuk met die betrokke naam.

Dit is uiters belangrik om die feit te benadruk dat die Skrif dit van die gelowige verwag om by die ongelowige metgesel te bly as laasgenoemde begeer om met die huwelik voort te gaan. 'n Christen mag nie sy ongelowige metgesel in die steek laat nie. God dring daarop aan dat die Christen by hom of haar sal bly. Dit is 'n eenvoudige bevel van die Woord. In I Korinthiërs 7 praat Paulus oor die saak in verse 12-16: "Vir die ander sê ek - ek, nie die Here nie..." [Hierdeur bedoel hy nie dat hy sonder die outoriteit van die Here praat nie. Wat hy

voorheen geskryf het, was net 'n eggo van wat Jesus self gesê het aan sy dissipels gedurende sy aardse bediening. Wat hy nou sê gaan verder as Christus se woorde; hy praat oor 'n saak wat Jesus nie bespreek het nie. Jesus se woorde het net verwys na die huweliksverhoudinge van twee gelowiges- nie na dié van 'n gelowige en ongelowige nie. Tog moet dit onthou word dat Jesus nou deur die apostel Paulus praat as hy dit sê.]

> *Vir die ander sê ek - ek, nie die Here nie: As 'n gelowige man met 'n ongelowige vrou getroud is en sy gewillig is om by hom te bly, moet hy nie van haar skei nie. En as 'n vrou met 'n ongelowige man getroud is en hy gewillig is om by haar te bly, moet sy nie van die man skei nie.*
>
> 1 Kor.7:l2-13

Geen ander woorde kon duideliker gewees het nie. As die ongelowige met die huwelik wil voortgaan, dan het die gelowige man of vrou geen reg om die huwelik te verbreek nie.

Hoekom sê Paulus dit? Hy wys nie slegs wat die regte ding is om te doen nie, maar hy gee ook die rede. Hy sê dat ter wille van die kinders en ook ter wille van die metgesel, moet die gelowige met die huwelik voortgaan: "Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God." [v.14] Dit is nie moontlik om op 'n volledige bespreking van wat "heiden" en "behoort aan God" beteken in hierdie gedeelte in te gaan nie. Dit is uiters moeilik om te bepaal. Dit moet ten minste Dit beteken: dat ander persone wat in dieselfde huis as die gelowige woon, 'n sekere unieke verhouding met God het wat nie sou bestaan as die gelowige nie in hul midde was nie. Hoe vol is daardie verhouding? Hoeveel bring daardie gelowige vir die ongelowige [of dit nou sy kind is of eggenoot]? Dit is 'n moeilike vraag om te beantwoord. Dit is duidelik dat die teenwoordigheid van 'n gelowige persoon 'n heiligmakende effek het of afsonder. [Lees Gen.18:22-23, waar die teenwoordigheid van die regverdige 'n behoudende invloed het.]

As gevolg van die teenwoordigheid van die gelowige huweliksmaat in daardie huis, is die ongelowige metgesel of kind in 'n spesiale posisie. Dit beteken dat die evangelie ten minste binne maklike bereik is in daardie huis. Die vrugte van die Heilige Gees wat by die gelowige te vinde is, is ook in daardie huis. Dit is baie moeilik om te sê hoeveel verder as Dit hierdie gedeelte gaan.

Paulus gaan verder deur te sê dat as die ongelowige eggenoot(e) weggaan, verander die situasie [verse 15-16]. Die ongelowige wat eers met 'n ongelowige getroud was maar nou met 'n Christen, moet saamleef met iets waarop hy nie gereken het toe hy getroud is nie. Sy vrou begin nou een keer per week kerk toe gaan, lees haar Bybel en bid. Sy het nuwe vriende en stel belang om met Christene saam te verkeer. Sy stem nie meer saam om oneerlik te wees op die inkomstebelastingvorm nie en stel nie meer belang in baie van die dinge wat sy eers geniet het om te doen nie. Volgens sy mening mag sy baie irriterend geword het. Hy mag besluit: "Ek het nie hierdie akkoord aangegaan toe ek met jou getroud is nie. Jy was 'n ongelowige. Jy het in dieselfde dinge as ek geglo; jy het dieselfde lewe as ek gelei. Noudat jy godsdiens ontdek het, hou ek nie meer van jou nie. Ek sal iemand soek wat saam met my sal kortpaaie vat. Totsiens!" As die ongelowige wil weggaan, sê die Bybel; "Laat hom skei. In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie. God het hulle geroep om in vrede te lewe." Die Christen in so 'n situasie is vry van huweliksbande en mag skei en hertrou. Hy [of sy] is vry. [8]

---

[8] Sien John Murray. Divorse [Nutley. N J Presbyterian and Reformed Publishing Co. 1961] pp.67-78.

As die ongelowige egter wil bly, is daar die moontlikheid om hom vir Christus te wen. Paulus sê: "Jy, vrou, weet immers nie of jy jou man sal red nie. Of jy, man, hoe weet jy of jy jou vrou sal red?" [v.16] Een rede om met die huwelik voort te gaan as die ongelowige gewillig is daartoe, is om jou metgesel te lei na geloof in Jesus Christus. Dit sal sekerlik die belangrikste gedagte in die hart van enige Christen wees. Die feit dat iemand vir wie sy genoeg omgee [ten minste eens op 'n tyd] om mee te trou, nie vir Christus ken soos sy geleer het om Hom te ken nie, behoort 'n sterk begeerte te laat ontstaan om hom vir die Verlosser te wen. Paulus sê as hy weggaan, is haar geleentheid verby. Daardie geleentheid bestaan altyd, behalwe as die ongelowige self sê: "Vergeet dit: ek loop."

As daar dan die moontlikheid is om 'n ongelowige maat te wen, hoe doen 'n Christen dit? Om spesifiek te wees, hoe sal 'n vrou wat 'n ongelowige man het te werk gaan om daardie man te wen vir die Here? Wat doen sy? Hoe moet sy optree? Wat moet sy vermy? Wat moet sy beklemtoon? Hoe kan haar gedrag en woorde ten beste aangewend word vir hierdie doel?

Dis nie nodig om oor antwoorde op hierdie vrae te spekuleer nie. Hierdie presiese probleem word duidelik bespreek in 1 Petrus 3:1 en 2. Hier sê Petrus: "Vrouens julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe Godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie." Petrus benadruk die getuienis van hulle lewens eerder as verbale evangelisasie. Hy verwys na die woorde van die vrou, nie na die Woord van God nie, as hy sê dat dit nie eers vir die vroue nodig sal wees om 'n woord te sê nie. Let dus op dat die nadruk éérder op die gedrag geplaas word as op die praat. Hy vervolg:

> *Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde. In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig. Sara. byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle haar dogters.*
> 1 Petrus 3:3-6

Aan die mans sê hy:

> *Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder. [v.7]*

Dan, om op te som sluit hy af:

> *Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry. [v.B]*

Dit is daardie eerste ses verse in die besonder wat duidelike riglyne neerlê vir die gedrag van 'n gelowige vrou in 'n huis waar daar 'n ongelowige man is.

Sulke mans sal nie na die Woord van God luister nie. Gewoonlik is die laaste persone na wie hulle sal luister, hulle vrouens. As sondaars saam woon, is hulle geneig om mekaar te irriteer. Alle ongelowige mans wat gelowige vrouens het, weet dat hulle vrouens nie perfek is nie. Al is hulle vrouens Christene, is hulle nogtans irriterend en verstaan hulle dikwels hulle

mans verkeerd. 'n Vrou kan maklik uitblink daarin om die boodskap te verkondig, maar van haar eie lewe te vergeet. Maar wanneer sy dit doen, praat die irritasies baie harder as haar woorde. Mans word weggedryf van die evangelie wanneer vrouens aanhou om lesings te gee en te preek, maar geen poging aanwend om hul lewenswyse te verbeter nie.

Sommige vrouens glo, nadat hulle Christene geword het, dat dit hulle roeping is om Bybelstudie in hulle huis te hou as evangeliese strikke om hulle mans in te vang. Andere plaas evangeliese literatuur in 'n oorvloed oral in die huis. Maar soos die geduldige man die voorstoep opskuifel die woonkamer binne deur al die traktaatjies en pamflette, kry hy maar te duidelik die boodskap. En gewoonlik hou hy nie daarvan nie en kom tot die gevolgtrekking dat hy geprik word met die evangelie.

Een vrou wat hulp gesoek het, was ontsteld oor die feit dat haar ongeredde man die evangelie verwerp het. Sy het haar metode om haar man vir die Here te wen, onthul: Sy het die plaaslike Christelike radiostasie aangeskakel gehou van die môre tot die aand en die volume harder geraai as haar man huis toe gekom het. Hy het maar sy ore toegedruk. Hy het nie van die musiek gehou nie, nie van die voortdurende preke nie en het net moeg geraak vir sy vrou en vir die evangelie. Haar raadgewer het haar aangeraai om 'n oorfoon vir haar radiostel te kry en om te begin om meer aandag te gee aan haar lewenswyse. Hy het daarop aangedring dat sy as vrou meer aandag aan haar man moet gee en hom moet bombardeer met gebare van liefde en belangstelling eerder as met preke. Dit was nie lank nie, of die man het ook na die beraadsessies gekom en eindelik 'n Christen geword. Deur die radio het sy hom weggedryf van die Here.

Dit is baie belangrik dat 'n vrou nie vir haar man sal preek of lesings gee nie [of hom sal smeek om kerk toe te gaan nie]. Sy moet hom nie bedrieg en kul deur hom met 'n slim set in situasies te kry waar hy voortdurend oorweldig word deur preke uit die Bybel nie. Hierdie soort van maneuvers is van oudsher af deur vrouens gebruik om te probeer om hul mans na Christus te lei. Dit is net 'n wonder dat dit wel dikwels gewerk het. Maar meer dikwels het dit misluk en mans weggedryf van die evangelie. Die ergste wat 'n vrou kan doen is om by haar man te neul oor die evangelie. Mans ignoreer sulke vrouens.

Iemand vir wie 'n man nie kan ignoreer nie, iemand vir wie hy gewoonlik nie wil ignoreer nie, is 'n vrou wat 'n wonderlike persoon is. Dit is waar die apostel Petrus die klem lê. Sy moet hom wen, nie met haar woorde nie, maar met haar gedrag. Haar lewe lê die grondslag vir haar woorde. Dit beteken nie dat sy of iemand anders nie êrens langs die pad die evangelie moet bring nie. Dit beteken definitief nie dit nie. Niemand was ooit gered anders as om die evangelie te glo nie. Maar dit beteken wel dat hy meer geredelik gewen kan word sonder haar voortdurende gepraat, geneul en gepreek. Dit is die gedrag van die vrou by die huis wat die verskil gaan maak. Laat my vra: watter soort vrou is u? Hoe lewe u tuis?

Nicolene het vir beraad gekom. Sy het gesê: "My man sal nooit kom nie. Hy gee nie vir my om, of vir die huwelik of vir enigiets nie." Die raadgewer het aangedring: "Nicolene, moenie so gou moed op gee nie." Hy het oor haar lewe begin praat. Nicolene het baie dinge gesien wat verkeerd was. Op verskeie maniere het sy verkeerd gelewe. Sy het as moeder en vrou gefaal. Sy het besef dat sy moes verander, maar nie as 'n tegniek om haar man vir die Here te wen nie. Dit kan nooit die prima motivering wees nie. Haar verandering moes hoofsaaklik gebaseer wees op die feit dat sy die regte soort lewe voor God moes lei. Sy moes verander vir God, <u>of dit nou haar man sou wen of nie</u>. Die basiese motief moes wees 'n veranderde lewe omdat God sê: "Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God". Dit moet altyd die fundamentele rede wees. Nicolene het onder die oortuiging gekom dat sy nie voor die Here gedoen het wat sy as vrou behoort te gedoen het nie. Sy het dit aan God bely en Hom gevra om haar te help om 'n beter vrou te wees. By het moed opgegee oor haar man.

Die raadgewer het gevra: "Watter klein dingetjies kan u doen om mee te begin?" Sy kon aan niks dink nie [dit was 'n lang tyd sedert sy in hierdie rigting gedink het!]. Om mee te begin, het die raadgewer vir haar 'n voorstel gegee: "Hoekom sit u nie kerse op die tafel die eerste aand wat hy huis toe kom nie? Laat hom huis toe kom na kerslig. Laat hom sien dat u regtig omgee en dat u begin werk het om die huwelik aan die gang te kry. Hy sal opmerk dat u probeer om anders te wees. Sit kerse op die tafel net vir hom." Sy het beswaar gemaak: "Hy sal lag! Hy sal 'n gek maak van my. Hy sal sê: 'Jy het al die ligte afgeskakel; ek kan nie in die donker eet nie', of so iets." "Het u 'n beter idee?" "Nee". "Nou probeer dit dan maar in elk geval." Weet u wat het sy gesê toe sy teruggekom het die volgende week? Haar man, Willie, het by die deur ingekom, na die kerse gekyk en gesê: "Hou alles net so" en toe verdwyn. 'n Minuut later was hy terug met 'n kamera en neem toe 'n foto daarvan! Hy het dit opgemerk. Sy het nie enigiets gesê nie, maar sy het iets gedoen. Die manier van optree, nie toesprake nie, maak die verskil. Sy het met hom gepraat oor kerk toe gaan, sy het met hom daaroor gepraat om vir beraad te gaan, sy het met hom oor allerhande dinge gepraat, maar dit het niks vermag nie. Toe sy begin om iets te doen, het dit die verskil gemaak, al die verskil in die wêreld.

Hier is 'n paar feitelike opmerkinge van raadgewers oor hierdie saak. Een man, met verwysing na sy vrou, het gesê: "Ek het hiernatoe gekom om te sien wat met haar gebeur het. Toe sy huis toe gekom het en gesê het: 'Ek is jammer', was ek geskok: dit was die eerste keer in ons hele huwelikslewe dat sy gesê het dat sy jammer was." 'n Ander eggenoot het dit so gestel: "Ek het hiernatoe gekom omdat ek geweet het dat ons 'n deurbraak bereik het toe sy gesê het: 'Ek wil graag onderdanig wees aan jou'". As gevolg hiervan het hy vir die eerste keer daaraan begin werk om 'n sukses van sy huwelik te maak. Die apostel Petrus sê: "Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe Godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie."

Watter soort vrou dink u man is u? As u 'n ongeredde man het, wat dink hy van u? Watter soort beeld het hy van u? Dink hy aan u as 'n neulende Christen? Dink hy aan u as iemand wat goed is om christelikheid uit te spel, maar dit nie uitleef nie? Of begin hy om u te sien as iemand wie se geloof diep in haar lewe ingegaan het en dinge vir haar gedoen het? As gevolg hiervan, is hy besig om nuuskierig te raak oor hoe hierdie geloof dalk vir hom ook dinge kan doen? Sien hy dat Iemand begin het om in u lewe te werk? Sien hy 'n vrou wat voortdurend besig is om daaraan te werk om 'n goeie vrou te wees, afgesien van hoe onverskillig hy is? Sien hy goedheid en liefde in u, selfs wanneer hy haatdraend, bitter, nydig en wreed is? Help u geloof u om hom vriendelik te behandel? Merk hy daardie onverganklike kwaliteit van 'n sagte en stil gees in u op?

Dit is nie die geneul oor godsdiens nie, maar die korrekte gedrag wat Christus vertoon in iemand se lewe. Die stille innemendheid van 'n vrou, spreek duidelik van Jesus Christus.

Dit is interessant om op te merk hoe Petrus in 1 Petrus 3:2 van The Christians Counselor's New Testament die woorde "pure" en "respectful" gebruik. Die een woord verwys na respek vir die man: dit is dieselfde woord wat Paulus gebruik in Efesiërs 5 van dieselfde vertaling wanneer hy praat van haar onderdanigheid aan hom as God se gesag in die huis. Maar let op na die ander woord, naamlik "pure" of "rein" gedrag soos in die 1930 vertaling. Daar is Christenvroue wat hulle mans rede gegee het om hulle gedrag te wantrou. Nie net om te vermoed dat hulle haatdraend is nie. Maar om agterdogtig te wees oor hulle getrouheid. In baie gevalle het mans 'n weersin gekry in die kerk van Jesus Christus deur die onverskillige [as dit nie meer as dit was nie] en onverstandige gedrag van hulle vrouens. En daar was al vrouens. Christenvrouens, wat al te veel bekoor geraak het deur een of ander oulike Christen predikant of ouderling wat "so anders" is as 'n "armsalige, ongeredde man" by die huis. Wanneer 'n getroude vrou daardie houding aanneem, begin sy dikwels 'n dwalende

oog kry. Diep binne in is sy ver van 'n sondelose mens, die versoeking om na die gras anderkant die draad te kyk, mag sterk word. Sy dink: "Hoe lekker sal dit wees om 'n wonderlike Christenman te hê soos Johan", of "Hoe heerlik sal dit wees om die vrou te wees van 'n predikant soos Hans". Sy mag selfs daaroor begin fantaseer en haar man rede gee om agterdogtig te raak.

Alles in ag genome, is daar min gevaar hiervan vir 'n vrou wat op elke manier daarna streef om al haar pligte as 'n vrou vir haar man na te kom. Sy moenie haar liggaam gebruik om ooreenkomste met haar man aan te gaan nie of seksuele verhoudings onthou omdat sy vir hom kwaad is nie. Eerder moet sy, in strenge ooreenkoms met 1 Korinthiërs 7:1-5 ywerig wees om haar rol te vervul as haar man se onderdanige, bekoorlike en seksueel bevredigende maat. Haar man sal nie nodig hê om haar te wantrou nie. "Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie. Haar hele lewe lank." [Spreuke 31:12] Sy sal hom aanmoedig om hom "te verheug" oor sy vrou; sy sal probeer om 'n bevredigende minnares te wees, hom gelukkig te maak met haar liefde [lees Spreuke 5:15-20]. Hoe dikwels het vrouens nie gefaal in hul seksuele verpligtinge nie en daardeur hul ongeredde mans voor groot versoekings geplaas en tot skande opgetree van Jesus Christus.

Om saam te vat, daar is net een boodskap vir die vrou van 'n ongeredde man: wen hom deur u lewe. Bid en lewe: dit is u basiese getuienis.

## U KONTROLELYS

As die vrou van 'n ongeredde man. moet u uself afvra: "Wat doen ek daaromtrent?" Maak dan 'n lys van u antwoorde hieronder en met gebed moet u enige geskikte stappe van aksie wat nodig mag wees, neem.

1. WAT DOEN EK REG?

2. WAT DOEN EK VERKEERD?

3. WAT WIL GOD Hê MOET EK DOEN OM MY GEDRAG REG TE STEL?

# HOOFSTUK 10

## *GEVOLGTREKKINGS*

As u sommige van die mislukkings in u gesin opgemerk het, hoekom nie iets daaromtrent doen nie? Hier is 'n eenvoudige Bybelse plan om u te help om dit te doen.

Maak eerstens 'n volledige lys van al die dinge wat u verkeerd gedoen het in u huwelik [haal die balk uit u eie oog voordat u begin]. U kan die werksvel aan die einde van hierdie hoofstuk gebruik. Wees spesifiek, nie algemeen nie. Ons is nie onverskillig op 'n abstrakte manier nie: ons uiter harde woorde, gooi sokkies op die vloer, laat na om deure en jasse oop te hou vir andere, en so aan. Ons leef konkreet en dit beteken dat ons konkreet sondig. Berou het altyd 'n spesifieke, konkrete kant. [Verwys Lukas 3:8-14].

Tweedens, bely u sonde met berou aan God.

Derdens, besluit om te verander volgens Bybelse voorskrifte en voorbeelde en skryf spesifieke voornemens langs elke item op die lys. Vra God om u te help om hierdie veranderinge te verwesenlik.

Vierdens, gaan in nederigheid na u man of vrou of u ouers of kinders en beken u sondes aan hulle. Vertel vir hulle dat u God se vergifnis gesoek en verkry het en ook hulle vergifnis begeer. Maak seker dat u <u>slegs van u</u> sondes en mislukkings praat.

Vyfdens, noudat u vergifnis ontvang het, poog om enige onregte onmiddellik reg te stel wanneer dit moontlik is. Wanneer die verandering die onwikkeling van 'n nuwe verhouding wat gebou is op 'n nuwe Bybelse lewenswyse behels, bespreek u voorstel met u huweliksmaat en versoek sy of [haar] hulp om hierdie nuwe lewenspatrone en hierdie nuwe verhouding op te bou dwarsdeur die dae wat voorlê.

As u verder op hierdie saak wil ingaan, lees die inligting oor die daarstel van 'n konferensietafel in Adams. Competent to Counsel. pp. 231-236, 250, 264 vv.

**WERKSVEL**

| My Sondige Weë: | Wat God wil hê ek daaromtrent moet doen: |
| --- | --- |
| | |